# DIE BENUTTING VAN PROJEKSIETEGNIEKE BINNE GESTALTSPELTERAPIE MET DIE KIND WAT VERLIES ERVAAR

deur

**GISELA INGRID WELGEMOED**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad**

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(RIGTING: SPELTERAPIE)**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: DR C.M. WINTER**

**FEBRUARIE 2009**

# VERKLARING

Studentenommer: **0883-336-2**

Ek verklaar hiermee dat:

**DIE BENUTTING VAN PROJEKSIETEGNIEKE BINNE GESTALTSPELTERAPIE MET DIE KIND WAT VERLIES ERVAAR**

my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

| | |
|---|---|
| HANDTEKENING | DATUM |
| GI WELGEMOED | |

**Die Here is my Herder**

**Niks sal my ontbreek nie.**

**Hy bring my by waters**

**Waar daar vrede is.**

**Hy gee my nuwe krag.**

**Psalm 23.**

**INHOUDSOPGAWE**


**BLADSY**

**HOOFSTUK 1 ALGEMENE INLEIDING**

1.1 INLEIDING 1

1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE 3

1.3 PROBLEEMFORMULERING 4

1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE 5

1.5 NAVORSINGSVRAAG 7

1.6 NAVORSINGSBENADERING 7

1.7 TIPE NAVORSING 8

1.7.1 Verkennende navorsing 8

1.7.2 Beskrywende navorsing 9

1.8 NAVORSINGSTRATEGIE 9

1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE 10

1.10 PARADIGMA WAARVOLGENS GEWERK WORD 12

1.11 UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE 13

1.11.1 Literatuurstudie 13

1.11.2 Konsultasie met kundiges 14

1.12 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, POPULASIE, AFBAKENING EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING 15

1.12.1 Omskrywing van universum 15

1.12.2 Omskrywing van steekproefneming 16
1.12.2.1 Doelgerigte steekproefneming 16
1.12.2.2 Afbakening van steekproef 17

1.13 ETIESE MAATREëLS 17
1.13.1 Geen nadeel vir deelnemers nie 17
1.13.2 Vrywillige, ingeligte deelname 17
1.13.3 Misleiding van proefpersone 19
1.13.4 Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid 19
1.13.5 Aksies en bevoegdheid van die navorser 20
1.13.6 Ontleding en verslagdoening 20

1.14 NAVORSINGSVERSLAG 20

1.15 BEGRIPSOMSKRYWING 22

1.15.1 Gestaltspelterapie 22
1.15.2 Spelterapeut 22
1.15.3 Kind in die middelkinderjare 23
1.15.4 Verlies 23

1.15.5 Projeksietegnieke binne gestaltspelterapie 24
1.15.6 Rituele as projeksietegnieke 24

1.16 SAMEVATTING 25

**HOOFSTUK 2 LITERATUURSTUDIE**

2.1 INLEIDING 27

2.2 OUDERDOMSFASE 6 JAAR TOT 12 JAAR EN DIE ROUPROSES 28

2.2.1 Emosionele Ontwikkeling 29
2.2.2 Fisieke ontwikkeling 32
2.2.3 Sosiale ontwikkeling 33
2.2.3.1 Die invloed van die portuurgroep 34
2.2.4 Kognitiewe ontwikkeling 37

2.3 EMOSIONELE BELEWENIS VAN DIE KIND NA DIE VERLIES VAN 'N OUER 38

2.4 BELEWENIS VAN ROU IN DIE MIDDELKINDERJARE 41

2.4.1 Tipiese gevoelsprosesse teenwoordig in die rouproses van die kind in die middelkinderjare 43

2.5 PROJEKSIETEGNIEKE 46

2.6 RITUELE AS PROJEKSIETEGNIEKE 47

2.7 DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES MET DIE KINDERS

IN HULLE MIDDELKINDERJARE WAT ‘N OUER AAN DIE DOOD AFGESTAAN HET 50

2.8 UITGANGSPUNTE BINNE GESTALTSPELTERAPIE 54

2.9 SAMEVATTING 55

**HOOFSTUK 3 EMPIRIESE ONDERSOEK / NAVORSING**

3.1 INLEIDING 57

3.2 GEVALLESTUDIES 58

3.2.1 Kind A 58
3.2.2 Kind B 67
3.2.3 Kind C 76
3.2.4 Kind D 83
3.2.5 Kind E 92
3.2.6 Kind F 100
3.2.7 Kind G 107

3.3 SAMEVATTING 118

**HOOFSTUK 4 LITERATUURKONTROLE**

4.1 INLEIDING 119

4.2 DIE KIND SE ERVARING VAN VERLIES 119

4.3 FASES VAN ROU 121

4.3.1 Tipiese gevoelsprosesse teenwoordig in die rouproses van die kind in die middelkinderjare 128

4.4 PROJEKSIETGNIEKE 131

4.4.1 Projeksietegnieke wat in die empiriese ondersoek deur die navorser benut is 132

4.5 RITUELE AS PROJEKSIETEGNIEKE 133

4.5.1 Rituele as projeksietegniek in die kanalisering van emosies 134
4.5.2 Projeksietegnieke wat in die empiriese ondersoek deur die navorser benut is 134

4.6 DIE ONTWIKKELINGSFASES VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE WAT VAN TOEPASSING IS OP DIE ROUPROSES 137

4.7 BEVINDINGE RONDOM GESPREKKE MET DIE OUERS 140

4.8 SAMEVATTING 142

**HOOFSTUK 5 SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS**

5.1 INLEIDING 144

5.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS 145

5.2.1 Doelstelling van die studie 145
5.2.2 Navorsingsvraag 145
5.2.3 Doelwitte van die navorsing 145

5.3 Gevolgtrekkings 149

5.4 Aanbevelings 149

5.4.1 Ouer/voogbegeleiding 149
5.4.2 Oordra van inligting aan ander terapeute 150
5.4.3 Hantering van emosies 150
5.4.4 Navorsing 150

5.5 Slotopmerking 151

BRONNELYS 152

BYLAE A 157

BYLAE B 159

BYLAE C 160

BYLAE D 161

BYLAE E 162

BYLAE F 163

# HOOFSTUK 1
# ALGEMENE INLEIDING
## 1.1 INLEIDING

In die samelewing word mense elke dag met verlies gekonfronteer. Volgens Pope (2006:18) kry kinders byvoorbeeld daagliks met die dood van ‘n ouer te doen. Die skrywer noem dat saam met die konfrontasie van die verlies van ‘n ouer, die bewustheid by kinders kan ontstaan dat hulle nou volgende in lyn kan wees as gevolg van die buffer (ouer) wat nou weg is tussen hulle en die dood. Bryant (2003:11) verwys ook na kinders wat al hoe meer aan verlies blootgestel word. Vir die doel van hierdie studie verwys “verlies” na die dood van ‘n ouer in ‘n kind se lewe. Volgens Dobson (2002:82) is kinders bevoeg om met hul ouers te gesels. Hulle is ook meer in staat om te verstaan waarom sekere dinge gebeur. So noem die skrywers dat as daar ‘n krisis is soos dood in die gesin of ouers wat verwyder is van mekaar, kinders graag betrokke wil wees en wil verstaan wat met die gesin gebeur.

In die Suid-Afrikaanse samelewing van vandag is verlies ‘n realiteit as daar na koerante gekyk word met nuusberigte van moord, ongelukke, vigs, selfmoorde, siektes en dies meer. Ter stawing van nuusberigte wat daagliks in ons koerante gepubliseer word, is daar in Rapport van Maart 2008 ‘n berig oor dominee Buys van die gemeente Wynberg wat selfmoord gepleeg het. Die oorledene was ook ‘n ouer wat kinders gehad het. Hierdie is ‘n enkele voorbeeld uit baie ander gevalle wat daagliks in ons koerante en nuusberigte genoem word waar ‘n ouer sterf en kinders agterlaat.

Die behoefte aan hulp en begeleiding by kinders wat verlies beleef, dui daarop dat kinders aangewese is op volwassenes se liefde en versorging en die samelewing se emosionele ondersteuning. So benadruk Elkin (2001:187) dat kinders se hele gesinsisteem omvergewerp word wanneer hulle ‘n ouer verloor. Daar word klem gelê op die feit dat kinders nie net by hulle veranderde

omstandighede moet aanpas nie, maar ook die verlies wat beleef word vir hulself en moet leer om ‘n goed aangepaste persoon binne die samelewing te wees. Dobson (2002:82) ondersteun die siening van Elkin (2001:187) deur te verwys na die kinders in die middelkinderjare wat hulle midde- in ‘n lewensfase bevind waar verlies vir hulle ‘n werklikheid is. Elkin (2001:129) is van mening dat kinders in die middelkinderjare nou kan onderskei wanneer ouers foute maak en dat hulle nie so perfek is soos wat die kind vroeër gedink het nie. Die skrywer noem dat kinders in die middelkinderjare dus met die realiteit van die verskil tussen fantasie en werklikheid gekonfronteer word en die vermoë het om tussen die twee te kan onderskei. Verlies is daarom vir die kind in die middelkinderjare ‘n werklikheid. Soos vroeër genoem, is Pope (2006:18) van mening dat die kinders besef dat die ouer wat die buffer was tussen hulle en die dood, nou weg is. Gevolglik word vrees ervaar saam met die gepaardgaande gevoel van verlies aan ‘n ouer.

Volgens Schoeman (1996:65) het projeksietegnieke soos die sandbak ‘n belangrike waarde binne gestaltspelterapie. Schoeman (1996:65) gee ‘n voorbeeld waar kinders gevra was om hulle familie in die sandbak te rankskik. Die kinders het die familielede dan volgens hulle keuse gerankskik. Volgens Schoeman (1996:65) verander die kind dan die werklikheid met dit wat begeer word. Die aspek van die gebruik van projeksietegnieke is belangrik aangesien dit help dat die kind die emosies wat vir hulle belangrik is isoleer en na vore bring. Wat hierdie navorsing besonders maak, is dat die navorser projeksietegnieke gebruik het om die kinders in hulle middelkinderjare wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer tot uitdrukking van hulle emosies en hantering van verlies, begelei het. Die navorser het verskillende projeksietegnieke in gestaltspelterapie benut om die verliesbelewing by die kind in die middelkinderjare aan te spreek.

In Hoofstuk 1 word die metodologie van die navorsing omskryf. Die navorser fokus ook op die probleemstelling, doel en doelwitte van die studie, die omskrywing van hoofbegrippe, en die uitvoerbaarheid en leemtes van die studie.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Motivering vir die studie het eerstens ontstaan vanuit ‘n persoonlike kennisleemte. Die navorser was besig met die graad MDIAC (Spelterapie). Sekere praktiese vereistes is gestel, waaronder terapeutiese kontakmaking met kinders. Tydens die terapeutiese kontakmaking het die navorser gevind dat sy dikwels spelterapie aan kinders moet verleen wat een of ander vorm van verlies ervaar het. Die navorser se belangstelling is geprikkel en haar empatie met die kind het as verdere motivering gedien.

Die navorser het in haar werk met kinders besef dat sy ‘n belangrike bydrae kon lewer ten opsigte van die kind wat verlies ervaar. Sy het in die gestaltspelterapie ervaar dat daar nog veel meer ruimte is vir hulp in dié verband en dat haar studie kennis sou toevoeg tot die onderwerp van verlies wat kinders beleef en hoe dit hanteer kan word. Aangesien gestaltspelterapeute nie noodwendig geïsoleerd funksioneer nie, maar ook in samewerking met professionele persone soos arbeidsterapeute, ander spelterapeute, fisioterapeute, onderwysers, ensovoorts optree, sal hierdie kennis ook in wyer verband van waarde wees om leiding te verskaf in die hantering van verlies by kinders.

Die navorser het vir die doel van die studie spesifiek gefokus op die kind in die middelkinderjare wat in die ouderdomskategorie van ses tot twaalf jaar val. Green (2000:188-189) is van mening dat kinders in hierdie ouderdomskategorie hulleself afvra ”Wie is ek?” Dié vraag dui vir die navorser onder andere daarop dat kinders in hierdie ouderdomskategorie die besef het van verganklikheid. Die mening van Green (2000:188-189) is dat kinders in die middelkinderjare intens geraak word deur die dood van ‘n ouer, en die outeur ondersteun bogenoemde stelling dat kinders op dié ouderdom reeds besef dat hulle net soos die ouer deur wie se dood hulle intens geraak word, ook eendag sal moet sterf.

Die navorser was van mening dat deur die gebruik van projeksietegnieke tydens spelterapie kinders begelei kan word om op konkrete vlak hulle verlies te hanteer en gebalanseerd deur die rouproses te werk. Hierdie mening van die navorser word ondersteun deur Bryant (2003:202) wat aandui dat kinders in hulle middelkinderjare streef na onafhanklikheid en meer as vroeër in staat is om met hulle ouers te kommunikeer en ruimte vir hulleself te skep. Verskillende samelewings ervaar dood op verskillende wyses, maar die gevoel van verlies wat ervaar word wanneer ‘n geliefde sterf, word deur alle kulture gedeel. Hierdie tydperk word ook volgens die skrywers gekenmerk as ‘n tyd waar vrese realiteit word en waar hulle oor hulle gedagtes, emosies en gevoelens kan gesels. Hierdie beskrywing van hoe die kind in die middelkinderjare op konkrete vlak kan dink, kan deurgetrek word na die navorser se siening dat kinders in hierdie ouderdomskategorie baat gevind het by die gebruik van projeksietegnieke, byvoorbeeld die skryf van ‘n brief aan die afgestorwene. Die kinders is begelei om emosionele uitdrukking te gee aan wat hulle bang gemaak en wat hulle gelukkig gemaak het.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Hierdie studie hanteer die probleem van die kind wat verlies ervaar weens ‘n ouer wat aan die dood afgestaan is. Kinders is nie altyd in staat om hulle emosies teenoor die oorblywende ouer te verwoord nie, omdat hulle nie daardie ouer nog verder wil ontstel nie. Volgens Winter (2003:50) is kinders nie altyd in staat om hulle gevoelens en emosies rondom die verlies van ‘n ouer uit te druk en te hanteer nie.

Kinders wat verlies ervaar, weet dus meestal nie hoe om hulle emosies toepaslik uit te druk sodat daar heling kan plaasvind nie. Die gevolg is emosionele probleme soos onttrekking en depressie. Gedragsprobleme by die skool en tuis kan ook voorkom. Die kind ervaar moontlik ‘n onvoltooidheid. Kinders mag selfs

voel die ouer wat dood is, het hulle verwerp. Die navorser het deur middel van gestaltspelterapie die probleem aangespreek.

Die problem kan as volg geformuleer word: Kinders wat die verlies van ‘n ouer ervaar weet dikwels nie hoe om hulle emosies op ‘n toepaslike wyse te hanteer nie.

Volgens Green (2000:189) weet kinders wat verlies ervaar nie altyd hoe om hulle emosies toepaslik uit te druk sodat verwerking van verlies kan plaasvind nie. Volgens Meyer en van Ede (in Louw 2004:82) word die kind in die middelkinderjare se denke as konkreet en nie as abstrak, beskou. Meyer en van Ede (in Louw 2004:82) noem voort dat kinders in hierdie ouderdomsfase die onvermoë toon om abstrak te dink. Kinders wat verlies ervaar, kry dikwels ook nie die geleentheid om te verwoord wat die verlies vir hulle beteken nie. Volgens die navorser word die waarde van gestaltspelterapie met die kind wat verlies ervaar, nie ten volle benut nie en word die effektiwiteit van projeksietegnieke, veral in kultuurryke samelewings, onderskat.

Die navorser het deur middel van die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie die kinders begelei in die uitdrukking van hulle emosies weens die verlies van ‘n ouer deur die dood.

## 1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Volgens Fouché (2005:104) word die doel van ‘n studie beskou as ‘n abstrakte konsep wat dui op die einde van ‘n poging of rigting van die betrokke studie. Volgens Babbie (2008:97) is die mees algemene doel van ‘n studie die beskrywing, verkenning en verduideliking wat plaasvind.

Die doel van hierdie studie is om die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie te verken en te beskryf ten opsigte van die kind wat verlies ervaar.

Ten einde die doelstelling van hierdie studie te bereik, word die volgende doelwitte uiteengesit met die oog op die bereiking van die oorhoofse doel (Fouché, 2005:104).

Doelwit 1:
Om 'n literatuurstudie te loods ten einde die literatuur rakende gestaltspelterapie, projeksietegnieke, verlies en die kind in die middelkinderjare te verken en te beskryf.

Doelwit 2:
Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie te verken en te beskryf ten opsigte van die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar.

Doelwit 3:
Om ‘n literatuurkontrole te doen ten einde die inligting vanuit die literatuur met die inligting van die empiriese ondersoek te vergelyk.

Doelwit 4:
Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die projeksietegnieke binne gestaltspelterapie met kinders wat verlies ervaar.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

Volgens Fouché (2005:103) word die navorsingsvraag gebruik by studies van ‘n kwalitatiewe en/of verkennende aard, of studies waar daar ‘n gebrek aan kennis oor ‘n onderwerp is. Dit sluit dan ook gevalle in waar dit vir die navorser nog nie moontlik is om 'n hipotese te formuleer nie. Volgens Babbie (2008:96) word die navorsingsvraag gebruik waar ‘n waarneming gemaak en dit wat waargeneem word geïnterpreteer word. Ten opsigte van hierdie studie kan die navorsingsvraag soos volg geformuleer word: Wat is die benuttingswaarde van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie ten opsigte van die kind wat verlies ervaar?

## 1.6. NAVORSINGSBENADERING

Die navorser het van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak. Die fokuspunt in kwalitatiewe navorsing is dat die studie nie rigied sal wees nie (Babbie, 2008:416). Die studie het gepoog om die alledaagse lewe te verstaan en betekenis te gee aan die belewing van die deelnemers in hierdie studie. Volgens Fouché (2005:271) is kwalitatiewe navorsing ‘n multiperspektief-benadering wat verskillende kwalitatiewe data en metodes van data-insameling gebruik om sosiale interaksie te sosialiseer in terme van betekenisse wat die onderwerp daaraan koppel. Die navorser het deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude (terapeutiese intervensie) die kind wat verlies ervaar het, vanweë die dood van ‘n ouer, bemagtig om op toepaslike wyses uitdrukking te gee aan emosies rondom die verlies. Studie is gedoen totdat ‘n versadigingspunt bereik is.

In Fouché (2005:271) se werk wat relevant is vir die gevallestudies van hierdie studie word die term kwalitatief ook in die konteks van etnografiese, naturalistiese, antropologiese en deelnemer-waarnemer navorsing gebruik. Hierdie inligting is relevant deurdat die kinders deur middel van die terapeutiese

intervensie ervaar het dat hulle hulleself kon uitleef. Dit het die kinders ook die ervaring gegee om hulleself te bemagtig in die uitdrukking van emosies rondom die verlies van ‘n ouer. Volgens Babbie (2008:27) is kwalitatiewe navorsing ‘n bestudering van ervaring en wil dit met die kennis wat opgedoen is ‘n beter samelewing help bewerkstellig. Deur kinders te begelei om hulle emosie te verwoord, het die navorser gepoog om hulle te bemagtig om op sosiale en emosionele vlak beter te funksioneer.

## 1.7 TIPE NAVORSING

Vir die doel van hierdie studie is daar van toegepaste navorsing gebruik gemaak. Volgens Fouché (2005:105) is die doel van toegepaste navorsing om aanbevelings en oplossings te bied met die fokus op ‘n spesifieke groep mense wat dieselfde situasie ervaar. Die navorser se doel was om bestaande kennis te gebruik en toe te pas in die situasie waar kinders in die middelkinderjare verlies ervaar ten einde hulle aan die hand van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie te begelei. Die praktiese benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie is beskryf en verken. Vir die doel van hierdie studie is dus verkennende en beskrywende navorsingsdoelwitte toegepas (Fouché, 2005:106). In Babbie (2008:97) en Fouché (2005:106) word daar gefokus op spesifieke navorsingsdoelwitte, naamlik verkennende en beskrywende navorsingsdoelwitte wat dan die doel van die studie ondersteun.

### 1.7.1 Verkennende navorsing

Die studie word voltrek om insig te verkry in ‘n situasie, verskynsel, gemeenskap of individu. Die behoefte ontstaan weens ‘n gebrek aan inligting in die nuwe area van studie. Neuman (in Fouché, 2005:106) is van mening dat dit die eerste stadium van die studie kan wees. Die “wat”-vraag word in verkennende navorsing gevra Mouton (in Fouché, 2005:106). Verkennende navorsing het ‘n basiese navorsingsdoel en word in kwalitatiewe navorsing gebruik. Vir die doel

van hierdie studie is die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie ten opsigte van die uitdrukking van emosies van die kind wat verlies ervaar, verken. Die wat-vraag het hier gedui op wat die benutting sal wees van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie sal wees, vir die kind wat verlies ervaar.

### 1.7.2 Beskrywende navorsing

Beskrywende navorsing is gemik om die "hoe"- en "waarom"- vrae te beantwoord (Fouché 2005:106). Hierdie studie het ten doel die beskrywing van die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie ten opsigte van die uitdrukking van emosies van die kinders in die middelkinderjare wat verlies ervaar. Die hoe-vraag kan hier daarop dui hoe projeksietegnieke binne gestaltspelterapie benut is om kinders wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer, tot uitdrukking van hulle emosies van verlies, te begelei.

## 1.8 NAVORSINGSTRATEGIE

Creswell (in Fouché, 2005:263) verwys na vyf verskillende navorsingstrategieë binne die kwalitatiewe benadering. Die een wat in hierdie studie gebruik is, is dié van die gevallestudie. Volgens Fouché (2005:273) word gevallestudies gebruik in die geval waar met mense gewerk word. Babbie (2008:326) ondersteun die siening deur te verwys na die gevallestudie as ‘n in-diepte ondersoek van ‘n individu of groep van ‘n spesifieke geval. Die navorser het tydens spelterapiesessies met kinders onderhoude gevoer, en gefokus op die verlies wat hulle ervaar het. Vir die doel van die studie is die instrumentele gevallestudie benut. Die instrumentele gevallestudie het ten doel om die navorsing te fasiliteer en om ‘n beter begrip van die emosionele en sosiale aspek van die studie te verkry. Die navorser wou ‘n beter begrip kry van die ervaring van verlies by kinders en hoe hierdie verlies deur middel van die gebruik van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie hanteer kan word.

## 1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE

Volgens Rubin en Babbie (in Fouché, 2005:120) bestaan die navorsingsprosedure uit sekere stappe en fases wat gevolg moet word. Rubin en Babbie (in Fouché, 2005: 120) beskryf die navorsingsplan as tentatief en dat dit weens die uniekheid van die studie kan verander. Die kwalitatiewe benadering poog om kennis omtrent die metodologie en die veranderbaarheid oor te dra. Inligting word deur middel van literatuurstudie ingewin. Hierdie inligting word dan gebruik om vrae vir ‘n onderhoud op te stel. Die gevallestudie is in hierdie navorsing benut as ‘n metode van data-insameling. In die kwalitatiewe benadering word daar klem gelê op die volgende fases van die navorsingsproses soos deur Fouché (2005:80-85) verduidelik:

Fase 1: Besluit op ‘n navorsingsonderwerp en -probleem.
Volgens Fouché (2005:80) word die onderwerp geïdentifiseer deur die literatuur na te gaan en dan waar te neem of die onderwerp navorsbaar is.

Fase 2: Die ontwerp word geïdentifiseer.
Volgens Fouché (2005:80) en Babbie (2008:334) behels fase 2 dat ‘n ontwerp wat navorsbaar is geïdentifiseer word en die onderwerp dan formeel geformuleer word. Die navorser wat kwalitatief werk, sal ‘n onderwerp ondersoek wat navorsbaar is. Verkennende navorsing word gedoen as daar nie genoeg literatuur beskikbaar is nie. So het die navorser vir hierdie studie literatuur oor die onderwerp bestudeer en tot die slotsom gekom dat haar navorsing tot diens van die samelewing kon wees. Die navorser het daarop verdere literatuur rakende verlies, kinderontwikkeling, projeksietegnieke en die gestaltperspektief bestudeer. Die studie fokus op die begeleiding van die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar, weens die dood van ‘n ouer deur middel van die benutting van projeksietegnieke tydens gestaltspelterapie. Die navorsingsmetode wat die navorser gebruik het, was gevallestudies. Die

gevallestudies het kinders uit die gemeenskap ingesluit wat ‘n ouer of beide ouers aan die dood verloor het.

Fase 3: Voorbereiding vir data-insameling.

Die wyse van inligting versamel, was deur waarneming tydens semi-gestruktureerde onderhoude (terapeutiese intervensie) waartydens video opnames en prosesnotas geneem was. Daar is van waarneming gebruik gemaak ten opsigte van die kind wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer gedurende die benutting van projeksietegnieke tydens gestaltspelterapie.

Fase 4: Die implementering van die besluit.

Projeksietegnieke in die konteks van gestaltspelterapie is as metode gebruik om kinders te begelei deur die verlies wat hulle weens die dood van ‘n ouer ervaar. Daar is op dié metode besluit na aanleiding van die bestudering van die literatuur en die waarneming van die gevallestudies binne die raamwerk van gestaltspelterapie (Fouché, 2005:84).

Fase 5: Data-insameling en data-analisering:

Vir die doel van hierdie studie is daar van gevallestudies gebruik gemaak. Daar is van kwalitatiewe data gebruik gemaak wat deur middel van semi-gestruktureerde terapeutiese intervensie ingewin is. Gevolgtrekkings en aanbevelings is vanuit die bevindings gemaak. Deur die benutting van projeksietegnieke tydens spelterapie-intervensie is die kinders begelei tot die uitdrukking van emosies rondom die dood van ‘n ouer. Verskillende projeksietegnieke is aangewend om die kinders hulle emosies te laat ontdek, te ervaar en uit te druk. Daar is met die ouer(s)/voogde van die respondente iin gesprek getree ten einde die kinderrespondente se vordering ten opsigte van die uitdrukking van hulle emosies te bepaal.

Volgens Fouché (2005:84) en Babbie (2008:416) is data-analise ‘n proses waartydens data gekategoriseer, geklassifiseer en opgesom kan word. Volgens

De Vos (2002:354) is die data-analise en interpretasie beskryf as ‘n spirale beeld. Interpretasie van data behels om sin te maak van die data. Die navorser as individu het tydens die proses ‘n kreatiewe rol gespeel. Eise is aan die navorser as persoon gestel om vorige ondervinding en kennis te gebruik ten einde die proses suksesvol te kon hanteer. Die navorser het van data gegrond op haar waarneming en prosesnotas tydens die terapie sessies gebruik gemaak.

Volgens Fouché en De Vos (in De Vos 2005:106) is die analisering en interpretasie van inligting wat ingesamel word vereistes om verduideliking en betekeniswaarde aan data te gee. Aan die hand van gestaltspelterapie is daar na video’s en prosesnotas gekyk en is hulle geanaliseer om vas te stel wat die navorser kon doen om die kind van hulp te wees. Vanuit die raamwerk van gestaltspelterapie is die video’s en prosesnotas kwalitatief geanaliseer en geïnterpreteer ten einde die benutting van projeksietegnieke met die kind wat verlies ervaar te verken en te beskryf. Daar is van kodering, katogorisering en sub-katogorisering gebruik gemaak tot versadiging van die inligting.

Fase 6: Verslagskrywing:
Die inligting wat ingewin is, word in hierdie navorsingsverslag (verhandeling van beperkte omvang) weergegee.

## 1.10 PARADIGMA WAARVOLGENS GEWERK WORD

Volgens Fouché (2005:44) moet die navorser besluit volgens watter paradigma daar gewerk gaan word. Die navorser moet die aard van die keuse van paradigma goed verstaan. Vir die doel van hierdie studie is op die sosiale wetenskaplike navorsing gefokus. Volgens Fouché (2005:45) is die sosiale wetenskaplike navorsing ‘n kombinasie van beide menslike aktiwiteit en die onderbou van die wetenskaplike navorsing, wat sistematies gekontroleer en empiries bewys kan word. Fouché (2005:45) meen verder dat sosiale wetenskaplike navorsing gefokus is op die studie van die mens met sy geloof,

gedrag, en interaksie. Die navorser het daarop gefokus om kinders in die totaliteit van hulle geloof, gedrag en interaksie met hul wêreld te hanteer. Die sosiale wetenskaplike navorsing is die paradigma wat aan die vereistes voldoen.

Die navorsing is ook op die gestaltperspektief gebaseer. Vanuit die perspektief van gestaltspelterapie kan die kind deur middel van spel hulself uitdruk en verwoord aangaande wat in hulle wêreld gebeur (Fouché, 2005:45). So het die navorser haar rol vertolk deur gestaltspelterapie in kombinasie met die projeksietegnieke te gebruik om kinders se wêreld deur middel van spel te betree en hulle te begelei tot uitdrukking van emosie en hantering van die verlies wat hulle weens die dood van ‘n ouer ervaar.

## 1.11 UITVOERBAARHEID VAN STUDIE

Tydens die praktiese gedeelte van die MDIAC (Spelterapie) het die navorser dikwels te doen gekry met kinders wat 'n ouer aan die dood afgestaan het, of kinders wat weens egskeiding of pleegsorgplasing verlies ervaar het. Die navorser se opinie ten opsigte van die studie en vanuit haar ervaringsveld het die navorser tot die oortuiging gekom dat daar ‘n behoefte bestaan wat binne die raamwerk van gestaltspelterapie nagevors en ondersoek moes word.

### 1.11.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie was ondersteunend ten opsigte van die formulering van die probleem deurdat die navorser oor die onderwerp kon oplees en kennis kon inwin. Dit het ook gehelp met die beplanning en uitvoering van die ondersoek wat gedoen is.

Die navorser het gebruik gemaak van die hulp van ‘n inligtingskundige aan die Universiteit van Suid-Afrika, mevrou T Burger, om relevante bronne oor die

onderwerp te bekom. Die navorser het ook die biblioteekkatalogus van die Universiteit van Pretoria gebruik om relevante bronne daar te bekom.

Literatuur soos boeke, tydskrifte, artikels, verhandelings, proefskrifte en die internet is as relevante studiemateriaal gebruik vir die inwin van inligting oor die veld van studie. Inligting is bekom vanuit die sielkunde-, teologie-, maatskaplikewerk en opvoedkundevelde.

### 1.11.2 Konsultasie met kundiges

Gesprek is met die volgende kundiges gevoer:
Mev Isabel Venter is ‘n maatskaplike werker en was tydens die navorsing aan die CMR van die NG Kerk Meyerspark in Pretoria verbonde. Die navorser het met haar in gesprek getree oor die verlies van ‘n ouer in ‘n kind se lewe. Een van haar rolle as maatskaplike werker van die gemeente was die berading en hulpverlening aan kinders wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het.

Ds Floors Ellis is ‘n predikant en was tydens die navorsing aan die NG Kerk, Meyerspark in Pretoria verbonde. Die navorser het met ds. Ellis in gesprek getree oor die aanpassing in die samelewing van die kind wat verlies van ‘n ouer weens dood ervaar. Ds Ellis het in sy hoedanigheid as predikant van die betrokke gemeente dikwels met verskillende vorme van verlies te doen gekry.

Mev Elmarie le Grange is die Skoolsielkundige by Silverton Laerskool in Pretoria. Daar is met haar gekonsulteer oor hoe die verlies van ‘n ouer die skoolwerk van ‘n kind beïnvloed. Mev le Grange het daagliks met die kind in die ouderdomskategorie ses tot twaalf jaar wat verlies ervaar te doen gehad. Onderwysers sowel as die oorblywende ouer verwys sulke kinders na haar, juis omdat die kind wat verlies ervaar, se skoolwerk daaronder ly.

Dr Kotie Joubert was tot einde 2007 Programkoördineerder van die MSD Spelterapiegraad in die Department Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria. Sy is gekonsulteer vanweë haar ervaring van spelterapie-intervensie en assessering. Sy het as maatskaplike werker en spelterapeut baie ervaring van verlies in die lewens van kinderkliënte.

Dr Madeleine Nolte is aan die afdeling Studente Ondersteuningsdienste verbonde en haar werk fokus op die rouproses. Dr Nolte is werksaam as ondersteuningsbron van alle studente aan die Universiteit van Pretoria en het periode waarin die navorser met die studieprojek besig was daagliks hulp verleen aan studente wat na haar gekom het vir begeleiding en terapie weens die verlies wat hulle beleef het.

Mev Annalie Pretorius is ‘n maatskaplike werker en spelterapeut by die CMR Silverton in Pretoria. Uit die aard van mev Pretorius se werk sien sy gereeld kinders in terapie wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het.

Kundiges uit die maatskaplike en teologiese veld het genoem dat daar ‘n behoefte vir hierdie navorsing bestaan.

## 1.12 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, POPULASIE, AFBAKENING EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

### 1.12.1 Omskrywing van universum

Volgens Strydom (in Fouché, 2005:193) is die verskil tussen die universum en populasie dat die universum dui op alle potensiële eenhede wat die eienskappe besit waarin die navorser belangstel. In hierdie studie is die universum al die kinders wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer in die middelkinderjare in Pretoria.

Populasie is volgens Strydom (in Fouché, 2005: 193) die term wat gebruik word om die grense wat aan die studie–eenhede gestel word, te beskryf. In hierdie studie dui dit op al die kinders in die middelkinderjare vanuit die gevalleladings van kinderhuise en skole in Pretoria wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer. Kinderrespondente van die “Ki-Deo” kinderhuis en ‘n laerskool in die ooste van Pretoria is gebruik vir die doel van hierdie studie. Sien bylae E en F.

**1.12.2 Omskrywing van steekproefneming**

Steekproefneming is volgens Babbie (2008:203) die tegniek wat die navorser gebruik om sekere objekte te kies sonder dat die navorser kennis het van die groter geheel.

Volgens Babbie (2008:205) en Strydom (in Fouché, 2005:198) word steekproefneming in alle navorsing gedoen. Dit dui ook op die tipe steekproef wat die navorser in hierdie studie gedoen het.

1.12.2.1 Doelgerigte steekproef neming.
Volgens Strydom (in Fouché, 2005:200) kan nie-waarskynlikheids steekproefneming gedoen word sonder sistematiese seleksie wat daarop dui dat almal in die populasie dus nie ‘n gelyke kans het om vir die steekproefneming gekies te word nie.

Doelgerigte steekproefneming is volgens Babbie (2008:204) waar die eenhede wat waargeneem moet word geselekteer word op grond van die oordeel van die navorser, en wat die meeste bruikbaar of verteenwoordigend van die populasie is.

Vir die doel van hierdie studie het die navorser gefokus op doelgerigte steekproefneming wat behels dat sy gekies het watter kinders as respondente

ingesluit is by die steekproef volgens sekere eienskappe. Kinders met hierdie eienskappe is ingesluit in die steekproef totdat versadigingspunt bereik is.

1.12.2.2 Afbakening van steekproef.

Sewe kinders tussen die ouderdom ses tot twaalf jaar is betrek as respondente tydens die studie.

Vir die doel van hierdie studie was die kriteria waarvolgens die navorser insluiting in die steekproef hanteer het die volgende:

- Die ouderdom van die kinders moes tussen ses en twaalf jaar wees.
- Hulle moes Afrikaans en/of Engels magtig wees.
- Hulle moes een of beide ouers aan die dood afgestaan het.
- Hulle kon van beide geslagte wees.

## 1.13 ETIESE MAATREëLS

Volgens Fouché (2005:57) is etiese maatreëls ‘n stel morele beginsels wat voorgestel word deur ‘n individu of groep. Dit verskaf reëls en bied gedragsverwagtinge aangaande onderwerpe, respondente, werkgewers, borgskappe en ander navorsers.

Die volgende etiese maatreëls van Fouché (2005: 57) dien as riglyne:

### 1.13.1 Geen nadeel vir deelnemers nie

Volgens Fouché (2005:58) moet die navorser die deelneemer teen emosionele sowel as fisieke benadeling beskerm. Fouché (2005:58) is verder van mening dat die emosionele benadeling dikwels nie so sigbaar is soos die fisieke benadeling nie en daarom moet die navorser juis ingestel wees op die tekens daarvan soos ongemak by die deelnemer, en dit sien as ‘n aanduiding dat die deelnemer emosioneel benadeel word.

Die navorser was tydens haar studie noukeurig ingestel op enige emosionele benadeling van die kinderrespondente tydens die terapeutiese proses. Die navorser het die gestaltspelterapietegnieke wat gebruik is noukeurig gekies sodat dit nie ‘n bedreiging vir die respondente sou inhou nie.

Daar is aan die ouers/voogde die keuse gegee om hulle kinders vir verdere terapeutiese intervensie te neem, indien nodig.

### 1.13.2 Vrywillige, ingeligte deelname

Volgens Fouché (2005:59) en Babbie (2008:67) moet die respondente vooraf ingelig word waaroor die studie gaan. Die navorser het aan die respondente verduidelik wat van hulle verwag word en aan die ouer en kind verduidelik waaroor die studie gaan. Skriftelike toestemming vir video-opnames en deelname is van die ouers/voogde en kinders verkry. Die navorser het ook aan die kinderrespondente en ouers/voogde verduidelik dat die terapie gratis is en dat daar geen vergoeding ingesluit is vir hulle deelname nie.

Die respondent moet ook vooraf weet wat die rede vir die terapie is en wat die verloop van die proses behels. Die respondente is vooraf deur die navorser ingelig dat sy opleiding as terapeut deurloop het, dat sy van ‘n supervisor gebruik sou maak en dat haar studieprojek die proses van keuring deurloop het. Die navorser sou van die wetenskaplike strategie, die gevallestudie, gebruik gemaak. Sy het die respondente ook verseker dat alle inligting objektief weergegee sou word, deur middel van transkribering. Die ouer(s)/voogde van die kinderrespondente moes ‘n ingeligte toestemmingsbrief teken voor die aanvang van die navorsingstudie, sien bylae B, C en D.

### 1.13.3 Misleiding van proefpersone

Volgens Fouché (2005:60) kan misleiding plaasvind waar inligting doelbewus weerhou of inligting nie korrek deurgegee word nie. Tydens die studie is die moontlikheid van misleiding uitgeskakel deur middel van oop kommunikasie tussen die navorser en respondente.

### 1.13.4 Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid

Vertroulikheid is ten alle tye voorop gestel. Volgens Fouché (2005:61) en Babbie (2008:492) dui vertroulikheid daarop dat inligting met vertroulikheid hanteer word.

Die volgende kan gedoen word om vertroulikheid te verseker, en die navorser het dit noulettend in ag geneem:

- Skuilname is in die navorsing gebruik.
- Inligting is in toesluitkabinette bewaar.
- Inligting op rekenaar was slegs vir navorser beskikbaar, wat dus van geheime kodes gebruik gemaak het.
- As die navorser van assistente gebruik maak, moet ook laasgenoemde 'n vorm teken rakende vertroulikheid onderteken. Dit was in hierdie studie nie ter sake nie.
- Etiese beginsels en professionaliteit is ten alle tye gehandhaaf.
- Etiese beginsels word aan die navorser voorgeskryf oor hoe om tydens terapie op te tree. In hierdie studie is dit noukeurig in ag geneem.
- Professionaliteit van die navorser het na vore gekom deurdat sy die respondente met respek en agting hanteer het.
- Professionaliteit is ook gehandhaaf deurdat die die navorser toegesien het dat sy en die respondente nie met mekaar familiêr geraak het nie.
- Vertrouenswaardigheid is verdien deurdat die navorser die respondente verseker het dat vertroulikheid ten alle tye gehandhaaf sou word. Geen

inligting is aan enigiemand anders verstrek. Sou dit nodig gewees het, sou dit slegs met die skriftelike toestemming van die respondente geskied het.

- Die navorser het tydens die terapiesessies ten alle tye op ‘n professionele en vertroulike wyse teenoor die kinderrespondente opgetree, asook deurgaans tydens die navorsing en in gesprekke met die kundiges.
- Die navorser het al bogenoemde aspekte op haar studie van toepassing gemaak deur geen name in haar prosesnotas of verhandeling bekend te maak nie. Video- opnames is in ‘n veilige plek soos ‘n kluis bewaar.

**1.13.5 Aksies en bevoegdheid van die navorser**

Volgens Fouchè (2005:63) is die navorser eties verplig om toepaslik gekwalifiseer te wees om die studie te mag uitvoer. Fouché (2005:63) noem verder dat die studie kan misluk as die navorser nie goed toegerus is vir uitvoering van die studie nie.

Volgens Babbie (2008:493) moet die navorsers dit vir hulleself uitklaar waarom die studie noodsaaklik geag word. Die metodologie en die prosessering van die data moet deurentyd toon dat navorsers sensitief was vir die etiese verantwoordelikheid wat op hulle rus. Die navorser het haarself gekwalifiseerd beskou om die navorsing te doen en vanuit die perspektief van gestaltspelterapie te werk, aangesien sy reeds ‘n geruime tyd met die internskap besig was en sy ook in samewerking met haar studieleier die navorsingstudie onderneem het.

**1.13.6 Ontleding en verslagdoening**

Volgens Fouché (2005:65) moet die navorsing skriftelik aangebied word aan die publiek. Die navorser moes die navorsing so goed as moontlik en so korrek as moontlik doen, omdat die navorsing ‘n aanwins moes wees vir die publiek. Die informasie moes so duidelik as moontlik weergegee word, sonder om omslagtig te wees en sodoende enige misverstand van die navorsing uit die weg te ruim.

Die navorser moes erkenning gee aan al die bronne wat sy geraadpleeg het en op die korrekte manier erkenning gegee het daaraan.

## 1.14 NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit vyf hoofstukke.
Hoofstuk 1 fokus op die metodologie van die studie en bespreek die motivering vir die studie, probleemstelling, doel en doelwitte en navorsingsvraag. Die navorsingsbenadering, prosedure en begripsomskrywings word in hierdie hoofstuk weergegee.

Hoofstuk 2 fokus op die agtergrondinligting rakende spelterapie vanuit die gestaltbenadering, projeksietegnieke, verlies, en die ontwikkelingsvlak van kinders in hulle middelkinderjare. Die rol en taak van die spelterapeut word ook in hierdie hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 3 fokus op die empiriese navorsing wat die semi-gestrukturerde onderhoude (terapeutiese intervensie) en waarneming insluit. Die gevallestudies word beskryf en kwalitatief geïnterpreteer.

Hoofstuk 4 word die literatuurkontrole gedoen na aanleiding van die empiriese bevindinge.

Hoofstuk 5 bevat die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings vir toekomstige studies wat met die terapeutiese hantering van verlies by kinders verband hou.

## 1.15 BEGRIPSOMSKRYWING

### 1.15.1 Gestaltspelterapie

Die navorser beskou spelterapie as die tegniek wat die terapeut benut ter hulpverlening aan kinders tussen die ouderdomme van 2 en 18 jaar ten einde kinders hul gevoelens en emosies te laat uitspeel. Die terapeut is dan in staat om kinders tot verwerking van hul emosies begelei.

Volgens *Boland Play Therapy* (2005) is spelterapie ‘n tegniek met behulp waarvan kinders en adolessente hul emosies kan verwoord en uitdruk. Mediums soos klei, speelgoed en prente teken word gebruik om aan die emosies uitdrukking te gee. Die kind of adolessent kan dan sonder om bedreig of bevrees te voel teen hulle eie pas deur die emosies werk.

Blom (2004:9) is van mening dat die konsepte van gestaltspelterapie op die selfregulering en die hier-en-nou van toepassing is. Dit het betrekking op die wyse waarop die gestaltterapeut tydens gestaltspelterapie die spel op die kind toepas.

### 1. 15.2 Spelterapeut

Volgens Blom (2004:17) word die spelterapeut as ‘n vriend beskou, sodat kinders die vrymoedigheid het om deur middel van spel hulle emosies binne die vertrouensverhouding uit te speel.

Volgens Schoeman (1996:4) is die spelterapeut die persoon wat die proses binne die terapeutiese verhouding fasiliteer.

‘n Spelterapeut is volgens die navorser iemand wat in terapie ‘n veilige omgewing vir die kind kan skep, sodat kinders binne ‘n vertrouensverhouding

hulle hier-en-nou belewing van hul emosie kan uitspeel. Die terapeut kan hierdeur die kind na ‘n geïntegreerde emosionele wese begelei.

### 1.15.3 Kind in die middelkinderjare

Die laerskoolkind is die kind in die middelkinderjare. Die ouderdom ses tot twaalf jaar word beskou as die middelkinderjare (Louw, van Ede, Ferns Schoeman en Wait 2004:325). Dit is die tydperk van die primêre skooljare. Vir die doel van die studie word daar na die kind in die middelkinderjare verwys.

Volgens Berk (2001:463) verstaan kinders in die middelkinderjare hulleself en ander beter en is hulle in staat om empatie met ander te hê.

Die navorser is van mening dat kinders in die middelkinderjare meer kognitief kan redeneer en in staat is om hul emosies te verwoord.

### 1.15.4 Verlies

Volgens Elkin (2001:3) is verlies aan die orde van die dag. Die simboliese verlies waarna Elkin verwys, is die verlies wat kinders weens die egskeiding van ouers ervaar. Die skrywer noem dat die verlies waaraan die kind blootgestel word, dikwels in stres vir die kind oorgaan.

Berk (2001:149) verwys na kinders met ‘n tasbare verlies waar die kind aan die verlies van gehoor of sig ensovoorts ly en moet leer om daarmee saam te leef. Pope (2006:121) verwys na die dood van ‘n ouer en sê die volgende: ”death presents itself to a knowing part of ourselves that remains disconnected from our everyday lives, and it takes time to catch up emotionally and cognitively.” Die verlies by hierdie studie ter sprake, is waar die kind ‘n ouer aan die dood afgestaan het en deur gestaltspelterapie tot die uitdrukking van emosies daaromtrent begelei word.

### 1.15.5 Projeksietegnieke binne gestaltspelterapie

Volgens Schoeman (in Winter 2000:16) vind projeksie by kinders plaas wanneer hulle hul eie ervaring in ‘n ander objek of persoon plaas. Dit kan beskou word as ‘n spieelbeeld of videoskerm vir die kind. Volgens Schoeman (in Winter 2000: 16) ontstaan projeksie uit die onvermoë wat die kind het om gevoelens soos woede, te besit. Hierdie gevoelens word dan in iets anders geprojekteer. Volgens Winter (2000:16) maak die gebruik van projeksietegnieke dit vir die kind makliker om gevoelens te kommunikeer, aangesien van ‘n natuurlike media soos die sandbak, klei, teken, skryf, ensovoorts gebruik gemaak word. Volgens Blom (2004:25) kan projeksietegnieke gedurende gestaltspelterapie bydra dat kinders besit neem van hulle eie projeksie.

Volgens die navorser word projeksietegnieke soos die sandbak, klei, teken en skryf binne gestaltspelterapie aangewend om die kind op ‘n natuurlike wyse bewus te maak van emosies.

### 1.15.6 Rituele as projeksietegniek

Die navorser beskou rituele as ‘n handeling wat uitgevoer word om struktuur te verleen aan dit wat besig is om met die persoon te gebeur. In hierdie studie is rituele as projeksietegniek gebruik deurdat daar aan die kind geleentheid gegee is om onder andere ‘n brief aan die afgestorwe ouer te skryf om op so ‘n manier erkenning te gee aan die werklikheid dat die ouer dood is en terselfdertyd emosies ten opsigte van die verlies in die hier-en-nou te ontlaai.

Volgens Mayo en Feinstein (1990:41) gee rituele innerlike krag aan die wat dit toepas. Dit gee betekenis aan ons bestaan en kan meewerk om ‘n pynlike ervaring soos die verlies van ‘n geliefde te verwerk sonder om die pynlike ervaring te herhaal. Die kind kan deur middel van die benutting van rituele as projeksietegnieke in die heelwordproses ná die dood van ‘n ouer begelei word

sonder om, soos hierbo genoem, weer deur die pynlike ervaring van die ouer se dood te gaan.

Volgens Katz (in Dickenson, Johnson en Katz, 2000:186) word die begrafnis as ritueel uitgevoer ten einde op die emosies van die wat teenwoordig is te fokus en om die goeie karaktereienskappe van die oorledene in herinnering te roep. Daarna word die kis na die graf geneem in 'n ritueel om die oorledene te begrawe.

## 1.16 SAMEVATTING

Verlies, soos dit in hierdie studie op die dood van 'n ouer toegepas word, is 'n werklikheid waarmee die kind in die middelkinderjare in ons samelewing dikwels gekonfronteer word. Kinders se lewens word emosioneel diep daardeur geraak en hulle moet deur die verlies begelei word om sodoende die verlies te kan verwerk en in emosionele en sosiale opsig goed aangepaste mense te word. Deur die benutting van projeksietegnieke tydens gestaltspelterapie te ondersoek het die navorser gepoog om in haar hulp aan hierdie kinders 'n positiewe verandering te bring.

Daar is van gevallestudies gebruik gemaak om die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie te ondersoek. Die navorser het die kind in die middelkinderjare begelei tot emosionele uitdrukking ten opsigte van die verlies wat ervaar is.

Voordat die empiriese resultate in Hoofstuk 3 bespreek word, gaan daar in Hoofstuk 2 eers gefokus word op inligting rondom die belewenis van verlies in die middelkinderjare en die benutting van projeksietegnieke en gestaltspelterapiebeginsels in die hantering van kinders wat verlies ervaar.

VOETNOTA:

a) Die gebruik van hy/sy of sy/haar word in hierdie studie vermy en met “hulle” vervang. Waar dit nie moontlik is nie en “hy” wel gebruik word, is dit nie genderdiskriminerend bedoel nie, maar geskied dit bloot om ‘n lomp stelwyse te voorkom.
b) Mayo 1990 is literatuur wat gebruik word en alhoewel dit argiefmateriaal is, is dit bronne wat verkry kon word om die navorsing ten beste te beskryf. Dus moet dit asseblief vir die doel van die studie behoue bly as literatuurmateriaal.

# HOOFSTUK 2: LITERATUURSTUDIE

## HANTERING VAN VERLIES VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE NA DIE DOOD VAN 'N OUER

### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op verlies weens die dood van 'n ouer by 'n kind in die fase ses tot twaalf jaar en word daar ook spesifiek na ontwikkelingsfases verwys. Alhoewel daar eers in die volgende hoofstuk spesifiek op die gebruik van projeksietegnieke binne die terapeutiese opset gefokus gaan word, word in hierdie hoofstuk ook deurentyd na die gebruik van projeksietegnieke verwys met betrekking tot die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare.

Louw, van Ede, Ferns, Schoeman en Wait (2004:362) definieer enkelouergesinne as gesinne waar die vader of moeder afwesig is weens faktore soos egskeiding, verlating of die dood. Vir die doel van die studie fokus die navorser op enkelouerskap as gevolg van die dood van die wederhelf.

Volgens Louw, *et al*. (2004:362) het kinders uit enkelouergesinne met spesiale stresfaktore te kampe. "*These homes do not have two adults to share child-rearing responsibilities, to take children to out-of-school-activities, to serve as gender role models, and to demonstrate the interplay of personalitie."* Gebrek aan finansies is een van die hoofbronne van stres in enkelouergesinne. Louw, *et al*. (2004:362) is verder van mening dat kinders uit enkelouergesinne 'n swakker selfbeeld het en dat daar meer jeugmisdaad voorkom. Volgens Louw, *et al*. (2004:362) is daar wel ook positiewe eienskappe by so 'n gesin aanwesig, naamlik dat die kinders meer onafhanklikheid en verantwoordelikheid toon. Dobson (2004:72) verleen ondersteuning aan die siening van Louw, van Ede en

Ferns deur te noem dat groei in onafhanklikheid meebring dat kinders uiteindelik 'n selfstandige lewe vir hulleself moet vestig.

Bestudering van relevante bronne het geskied om meer inligting te bekom oor hoe die kind deur die dood van 'n ouer beïnvloed word en hoe die kind verlies beleef.

## 2.2 OUDERDOMSFASE 6 JAAR TOT 12 JAAR EN DIE ROUREAKSIE

Die navorser stem saam met Louw, *et al*. (2004:232) dat die ouderdom 6 tot 12 jaar 'n belangrike tydperk in die kind se lewe is wat die kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsep ontwikkeling betref. Ontwikkeling op hierdie vlak stel kinders in staat om 'n beter begrip van hulle leefwêreld te vorm. Die leefwêreld word gestimuleer deur die dramatiese uitbreiding van die kind se sosiale omgewing. Die invloed van die skool speel 'n belangrike rol tydens hierdie fase van die kind se lewe.

'n Ewewigtige ontwikkeling gedurende die middelkinderjare lê dus 'n stewige fondament vir latere ontwikkeling.

Louw, *et al*. (2004:338) is van mening dat die manier waarop kinders inligting verwerk en dit waaraan hulle dink, hulle optrede beïnvloed. Dié tydperk word beskou as arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (Louw, *et al.* 2004:328). Hierdie is die tydperk waar die kind in die middelkinderjare besef daar moet gewerk word om iets te bereik. Dit is ook die tydperk waar hulle hul eie omstandighede met hulle maats s'n vergelyk en waar 'n gevoel van minderwaardigheid kan intree as hulle voel hulle het minder as die maats, of swakker omstandighede. Volgens Erikson (in Louw, 2004:55) moet die kind ook die geleentheid gegee word om sukses te behaal om sodoende die gevoel van minderwaardigheid te voorkom.

Die kind in totaliteit is ook bestudeer, wat die kognitiewe, emosionele, sosiale en fisieke reaksies insluit by die kind wat die dood van ‘n ouer ervaar. Vervolgens word gekyk na hierdie verskillende ontwikkelingsfases binne die tydperk 6 tot 12 jaar (middelkinderjare).

2.2.1 Emosionele Ontwikkeling:

Volgens Louw, *et al*. (2004:349) is daar tydens die middelkinderjare ‘n afname in vrees oor liggaamlike veiligheid, byvoorbeeld siektes, beserings en harde geluide. Volgens Louw, *et al*. (2004:350) is daar wel ‘n toename in vrees by die kind, byvoorbeeld hulle bang is hulle ouers sal sterf.

Kinders leer liefde gee, en wat liefde is, omdat hulle liefde ondervind. Liefde is ‘n abstrakte konsep vir die kind, en die kind wat op kognitiewe vlak redelik volwasse is, kan meer op dié vlak dink en begryp. Die navorser is van mening dat kinders in die middelkinderjare steeds in hulle gedagtes naby hulle ouer kan voel, alhoewel hulle nie fisiek op daardie oomblik naby hulle is nie. Die navorser is ook van mening dat ‘n kind in die middelkinderjare kan besef dat die ouer wat dood is nooit weer gaan terugkeer nie.

Dr Nolte (onderhoud 2005) is van mening dat die kind in die middelkinderjare soms tydens die rouproses geneig is om ‘n akute eetprobleem te ontwikkel deur óf te veel óf te min te eet. Kinders in hulle middelkinderjare wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het, openbaar volgens Dr Nolte (onderhoud 2005) dikwels ‘n depressiegevoel. Hulle kan uitreagerende gedrag openbaar wat met negatiewe gedrag gepaardgaan. Die uitreagerende gedrag kan presenteer op fisieke gebied, naamlik deur aggressief en ‘n maat sonder rede te slaan.

Dr Nolte (onderhoud 2005) is verder van mening dat die kind in die middelkinderjare deur die oorblywende ouer gehelp moet word om geloof in God te behou en dat die spirituele aspek veral nie afgeskeep mag word nie. Die

onderwysers en die samelewing moet help om die kind wat in die middelkinderjare verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer, op kognitiewe en ook op sosiale gebied te ondersteun.

Volgens Berk (2003:579) kan die gevoel van verlies by ‘n kind lei tot die gevoel van materiële stres, depressie, angstigheid, asook ‘n gedisorganiseerde gesinsituasie. Na die dood van ‘n ouer is daar die moontlikheid van minder inkomste, wat stres tot gevolg kan hê. Die roetine in die huis kan ook versteur wees en die kinders onseker en angstig laat voel.

Berk (2003:406) is van mening dat kinders kan toegerus word om uitdrukking aan hulle emosies te gee deurdat die oorblywende ouer daaroor met hulle gesels.

Volgens Berk (2003:398) is die basiese emosies by die kind in die middelkinderjare ná verlies die volgende: geluk, woede, hartseer, vrees en angs. Elkeen van hierdie emosies word vervolgens kortliks bespreek:

- Geluk

Volgens Berk (2003:579) ervaar die kind in sy middelkinderjare nie geluk na die verlies van ‘n ouer nie. Waar die gesin vroeër uit twee ouers bestaan het, is daar nou net een ouer wat die verantwoordelikheid vir die gesin moet dra. Volgens Berk (2003:403) wil die samelewing dikteer hoe daar aan emosies uitdrukking gegee moet word. Volgens die navorser wil die samelewing soms dikteer dat die oorblywende gesinslede met hulle lewens moet voortgaan asof hulle nie ‘n geliefde aan die dood afgestaan het nie en word hulle geen tyd vir rou gegun nie. Die kind wat weens die dood van ‘n ouer, verlies ervaar beleef die druk van die samelewing om dienooreenkomstig op te tree. Dit kan stres en depressie tot gevolg hê.

- Woede

Green (2000:211) is van mening dat die kind in die middelkinderjare intense woede oor die verlies van ‘n ouer kan ervaar. Green (2000:211) meen verder dat die woede openlik uitgedruk of vir jare onderdruk kan word. Volgens Dobson (2004:120) het die oorblywende ouer in ‘n gesin die verantwoordelikheid om dissipline toe te pas. Hy noem voorts dat rebelsheid by die kind afgeweer kan word as die ouer reg optree.

- Angs

Volgens Green (2000:186) ervaar kinders in hulle middelkinderjare angs wanneer hulle ‘n ouer aan die dood afgestaan het. Volgens Green (2000:186) mag kinders ervaar dat dit hulle skuld is, veral as die oorblywende ouer nie openlik aan die emosie van verlies uitdrukking gee nie.

- Hartseer

Green (2000:187) is van mening dat waar ‘n ouer voor die dood terminaal siek was en die kind toegelaat word om byvoorbeeld die ouer in die hospitaal te gaan besoek, dit die kind toelaat om reeds te begin rou en hartseer te beleef. Die oorblywende gesinslede het dan na die afsterwe van die geliefde die geleentheid om saam hartseer te wees en saam te rou. Waar daar ‘n verlies aan die vaderfiguur is, is Dobson (2004:120) van mening dat seuns ‘n dringende behoefte aan hulle pa sal ervaar, veral as hulle stokperdjies saam beoefen het.

- Vrees

Volgens Geldard en Geldard (2004:66) kan kinders deur gestaltspelterapie terapeutiese intervensie in kontak kom met hul emosies en die werklikheid dat hulle ‘n ouer aan die dood afgestaan het. Die kind wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer, het dikwels die vrees dat die oorblywende ouer ook mag wegval. Volgens Geldard en Geldard (2004:118) ervaar kinders in die middelkinderjare hulle verlies alreeds soos ‘n volwassene dit sou ervaar en is die

kind daarvan bewus dat dit die werklikheid is en dat die dood onomkeerbaar is. Die kind in die middelkindejare weet en besef dat die oorlede ouer nooit weer sal terugkeer nie.

### 2.2.2 Fisieke ontwikkeling

Volgens Stroebe, Hansson, Stroebe & Schut (2001:177) is kinderrou nie minder intens as volwasse rou nie. Die kind in die middelkinderjare beskik nog nie oor die verbale vermoë en woordeskat om hul emosies te verwoord nie, dus hanteer hulle dit soms op fisieke wyse. Dit kan regressie, ontkenning en aggressie insluit. Stroebe *et al*. (2001:171) verduidelik dat kinders aggressie toon deur byvoorbeeld te weier om aan die oorblywende ouer gehoorsaam te wees en die ouerlike gesag uit te daag. Die woede wat die kind ervaar, is te verklaar uit die ervaring van verlies waardeur kinders beheer oor hul omgewing verloor.

Kinders kan ook 'n bedreiging van sekuriteit ervaar en dit kan regressie tot gevolg hê (Huntley 1991:29). Dit kan dan gebeur dat die kind na 'n vorige ontwikkelingsvlak terugkeer waar dit veiliger voel. 'n Jonger kind kan byvoorbeeld bednatmaak-probleme ontwikkel. Die navorser is daarvan oortuig dat kinders aan hulle gevoelens moet kan uiting gee en dit hulle nie ontsê moet word nie. Die rouproses en die kind se gedrag en reaksie daarop moet met sorg hanteer word. Projeksietegnieke kan gebruik word om hierdie beheer aan kinders terug te gee deurdat die projeksietegnieke kinders help om deur hul emosies te werk en weer balans te bewerkstellig.

Dr Nolte (onderhoud 2005) kon die oorsaak van te veel of te min eet vasstel deur die intervensie van spelterapie met die kind wat weens die dood van 'n ouer verlies ervaar. Die navorser is van mening dat die rouproses wat nie deurgewerk is nie, nou vasgevat kon word en saam kon die terapeut en kind dit deurwerk. Op sigself het dit 'n tegniek gevorm, aangesien die terapeut die kind deur

terapeutiese intervensie kon gaan haal waar die proses vasgehaak het en die kind in die verwerking van verlies kon begelei na beter wording.

Dr Nolte (onderhoud 2005) is van mening dat wanneer die kind in die middelkinderjare verlies ervaar deur ‘n ouer aan die dood af te staan, daar ‘n negatiewe reaksie in die liggaam plaasvind met die afskeiding van kortosil wat tot adrenalienvergiftiging lei. Dit veroorsaak ‘n fisiese toestand. Sodoende kan ‘n reaktiewe hormonale wanbalans ontstaan. Om die balans te herstel, is ondersteuningsdienste en of mediese ingryping met 'n ligte antidepressant nodig.

### 2.2.3 Sosiale ontwikkeling

Volgens Louw, *et al*. (2004:354) verbreed die kind in die middelkinderjare se horison weens die verskeidenheid sosiale aktiwiteite waaraan hulle blootgestel word. Tydens hierdie sosiale ontwikkelingsfase ontwikkel die kind van egosentrisme tot sensitiwiteit vir ander. John Wiley (1990:50) stem saam met Louw, *et al*. deur die volgende te stel: *“In the early elementary school period children have reached a point where they wish to expand their horizons and engage in a wide variety of activities outside the home.”*

Kinders vanaf die ouderdom van agt jaar begin nou bewus word dat hulle deur hul optredes ander se optrede teenoor hulle kan verander. So kan die kind byvoorbeeld deur werkies vir die ouer te doen, die ouer se guns wen. Dit bring mee dat kinders op hierdie stadium al beter toegerus is vir die eise wat sosiale deelname aan hulle stel.

Volgens die navorser sal kinders in hierdie ouderdomskategorie op ‘n nuwe wyse bewus raak van die oorblywende ouer en dié se gevoelens in ag neem, asook die broers en susters s’n. So sal die kind byvoorbeeld graag takies verrig om sodoende empatie met die ander ouer te toon. Volgens Dobson (2002:161) kan kinders in die middelkinderjare hulle afhanklikheid intens besef en kan die gevoel

van frustrasie verhoog wat dan tot gevolg het dat die kind aggressief teenoor die oorblywende ouer kan optree. Volgens Blom (2004:34) kan kinders ‘n probleem hê om te onderskei tussen emosies soos liefde en aggressie teenoor dieselfde persoon. Wanneer kinders dié probleem sou ondervind teenoor die oorblywende ouer, sal hulle nie hulleself kan handhaaf en kan verwoord dat hulle byvoorbeeld kwaad en teleurgesteld voel teenoor die ouer nie. Dit is die navorser se mening dat die oorblywende ouer dan ‘n voorbeeld vir die kind behoort te stel ten opsigte van die toepaslike uitdrukking van aggressie. Die ouer help dus dan die kind om in die samelewing sosiaal aanvaarbaar te funksioneer.

#### 2.2.3.1 Die invloed van die portuurgroep

Volgens Louw, *et al*. (2004:354) is kinders tydens die middelkinderjare geneig om met ander kinders van dieselfde geslag en ouderdom in interaksie te wees.

Die volwassene-kind interaksie tydens dié ouderdom is gefokus op die kind se behoeftes, beskerming en versorging. Die kinders in die ouderdomskategorie meng egter met die portuurgroep vir die doeleindes van vriendskap, toegeneentheid en vir algemene vermaak. Selfs by die vorming van geslagsrolle oefen die portuurgroep druk uit om die regte geslagsrolle te openbaar. Die navorser is van mening dat die portuurgroep dan ‘n belangrike ondersteunende rol speel om seuns en dogters wat ouers aan die dood moes afstaan te help vorm tot aangepaste en gebalanseerde persone in die samelewing. Tydens hierdie tydperk mag hegter bande met die vriende as met die oorblywende ouer gesmee word. Dit help dan ook die kind om minder emosioneel afhanklik van die oorblywende ouer te wees en meer op vriende te steun, mits hulle 'n goeie invloed op die kind uitoefen. Dit is ‘n belangrike ontwikkelingstap waar kinders die verlies van ‘n ouer ervaar dat hulle so natuurlik as moontlik tot onafhanklikheid ontwikkel en dat die vrees om die oorblywende ouer te verloor verminder. So kan die kind die ontwikkelingstap wat hy eendag noodwendig moet deurloop suksesvol afhandel sonder intense psigiese trauma om die ouer

uiteindelik in volwassenheid te verlaat (Louw, *et al*. 2004:368). Die portuurgroep is ‘n kragtige “hulpmiddel” om te gebruik deurdat hulle byvoorbeeld deel kan wees van ‘n terapeutiese afskeidseremonie waarin die kind van die oorlede ouer afskeid kan neem indien daar nog nooit emosioneel deur die verlies gewerk is nie. Die navorser kon dit toepas in groepterapie konteks.

Die kind wat ‘n ouer aan die dood moes afstaan, kan egter ook totaal afhanklik wees van die oorblywende ouer vir beskerming, versorging, behoeftes en liefde. Pope (2006:147) meen dat die ervaring om ‘n ouer aan die dood af te staan die besef bring van die werklikheid daarvan en dat dit die kind se eie verganklikheid duidelik na vore bring. Die kind in hierdie ouderdomskategorie is dikwels beangs dat die oorblywende ouer ook kan sterf, en gevolglik meer en meer van die oorblywende ouer emosioneel afhanklik word. In so ‘n geval kan die kind veeleisend raak in terme van aandag en liefde vanaf die ouer. Volgens die navorser het dit weer ‘n invloed op die sosiale interaksies met die portuurgroep, aangesien die kind sosiale ondersteuning by die ouer soek in plaas van by die portuurgroep.

Volgens Louw, *et al*. (2004:370) gee die portuurgroep die kind geleentheid om op gelyke voet met ander te kan meeding. Hy is van mening dat in die volwasse wêreld kinders in die posisie is waar hulle moet aanvaar wat die ouer sê en vanweë die aard van die ouer-kind situasie onderdanig moet wees. In die geval van die portuurgroep kry die kind geleentheid om sy vermoëns aangaande sosialiteit, selfgelding, kompetisie, samewerking en wedersydse begrip te slyp, asook volle geleentheid om al die eienskappe voortdurend te ontwikkel.

Blom (2004:35) is van mening dat: “*Children act in the synthetic layer according to what they themselves or others expect of them and thus not as their true selves*”. Die navorser stem saam met Blom se siening wat sê dat selfvoorspellende verwagting hier ter sprake kom en dat kinders optree soos hulle glo ander hulle beskou en van hulle verwag.

Ter ondersteuning van Louw, *et al*. (2004:370) en Blom (2004:35) se siening aangaande die onmiskenbare invloed wat die portuurgroep op die kind in die middelkinderjare se lewe het, is Woodcock (in Du Toit, 2003:51) van mening dat rituele die individu teen disfunksionering en isolasie beskerm en dat ander lede van die gemeenskap so ver moontlik betrek moet word, aangesien die gemeenskap ook die ritueel nodig het.

Volgens Louw, *et al*. (2004:371) kan oormatige gehegtheid en konformiteit tot nadeel van die kind wees en veroorsaak dat die kind aan groepsdruk toegee en aan aktiwiteite deelneem wat ongewens en onwettig mag wees.

So kan kinders die gevaar loop om so afhanklik van hul portuurgroep te raak dat hulle teen die einde van die middelkinderjare nie selfstandig kan dink en optree nie en nog steeds beangs en selfbewus voel wanneer hulle voor ‘n groep mense standpunt moet inneem. Die navorser is van mening dat indien ‘n kind wat die verlies van ‘n ouer ervaar, so afhanklik word van sy portuurgroep, en hulle hom om een of ander rede verwerp, so ‘n kind beslis ‘n dubbele verlies sal ervaar. Die navorser is van mening dat later jare se optrede en gedrag ‘n direkte verband kan hê weens die vroeëre verwerping deur die portuurgroep.

Volgens Louw, *et al*. (2004:372) is kinders in die middelkinderjare geneig om hul idees aangaande vriendskappe te verander. Tydens die tydperk sal die kinders vriende kies uit ‘n wye verskeidenheid van kinders.

Louw, *et al*. (2004:372) is verder van mening dat die ontwikkeling van vriendskapsverhoudings deur vyf oorvleuelende stadia beweeg. Vir die doel van die studie fokus die navorser op die middelkinderjare tydperk.

Tydens die ouderdom 6 tot 12 jaar vorm die kind hegter vriendskappe. Tydens die tydperk help die vriende mekaar en ondersteun mekaar. Daarom is dit

belangrik dat kinders wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het, nie vervreemd moet raak van hul vriende nie, maar juis hul ondersteuning en hulp opsoek tydens die tyd van verlies. Eiebelang speel tydens die fase ‘n belangrike rol, en dit is so dat kin derswat tydens die fase oor iets verskil, die vriend uitmaak as nie meer hul vriend nie. Kinders het nodig om emosionele intelligensie te ontwikkel oor wie ware vriende is in die tyd waarin hulle ondersteuning by hulle soek. Kinders moet egter ook weet wanneer om hul ouer in hulle vertroue te neem en die oorblywende ouer se ondersteuning te soek. Kinders moet ook besef dat hulle op emosionele sowel as finansiële vlak afhanklik is van die oorblywende ouer (Louw, *et al*. 2004:372).

### 2.2.4 Kognitiewe ontwikkeling

Volgens Louw, *et al*. (2004:376) word daar deur kenners ook verwys na die belangrike rol van humor in die kind in die middelkinderjare se lewe.

Kinders lag vir dit wat hulle komies vind en waarvoor hulle insig toon. As hulle iets nie komies of te eenvoudig vind, sal hulle nie vir so ‘n grap of opmerking lag nie. Volgens die navorser toon hierdie feit dat kinders in die middelkinderjare baie opreg in hulle optrede is. Hulle sal nie voorgee iets is lagwekkend as dit nie hulle mening is nie. Kinders in die middelkinderjare sal dus gewoonlik ook in hul uitdrukking van emosies eg wees wanneer hulle ‘n ouer aan die dood afgestaan het. Dit is nodig dat die emosie wat na vore kom, hetsy aggressie, woede, teneergedruktheid, hartseer, verwyt, ensovoorts verwoord en in die regte perspektief geplaas sal word.

Piaget (in Atherton 2005 http://www.learningandteaching.info/learning/piaget.htm) is van mening dat die kognitiewe ontwikkeling by die kind in die middelkinderjare gepaard gaan met die besef dat hulle meervoudige take kan aanpak en afhandel. Hulle is in staat om die take logies te orden, en die kognitiewe proses word minder egosentries.

Na aanleiding van Erikson se teorie noem Louw, *et al*. (2004:377) die emosionele ontwikkelingsfase tydens die middelkinderjare arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Tydens dié fase word daar baie klem gelê op die selfkonsep as deel van persoonlikheidsontwikkeling. Kinders se selfkonsep ontwikkel vinnig tydens die fase en definieer hulle hullself in psigologiese terme. Hulle ontwikkel ook die konsep van hoe hulle graag sal wil wees, met ander woorde die ideale self. Die ideale self sluit in die norme wat hulle geleer en hul eie gemaak het en ook hoe 'n goeie persoon kan wees. Hulle beskou hulleself in terme van aktiwiteit, en sal byvoorbeeld sê hulle kan nou beter fietsry as hulle broer of suster, en hulleself aan ander voorstel in terme van hoe goed hulle iets kan doen. Hulle kognitiewe vermoëns sal hulle help om selfstandig te dink en kreatief tot 'n besluit oor te gaan.

Volgens Elkind (2001:48) is dit vir kinders in die middelkinderjare goed om aan besluite blootgestel te word, byvoorbeeld na watter eetplek hulle wil gaan. In die geval waar een ouer aan die dood afgestaan is, waarsku Elkind (2001:48) egter dat die oorblywende ouer nie eie stres op kinders in die middelkinderjare moet aflaai en hulle groter besluite moet laat neem as waarvoor hulle opgewasse is nie.

## 2.3 EMOSIONELE BELEWENIS VAN DIE KIND NA DIE VERLIES VAN 'N OUER

Volgens Pope (2006:74) kan die pyn wat ervaar word met die dood van 'n geliefde, beskryf word soos wanneer 'n persoon 'n ledemaat verloor het. Die skrywer skryf ook dat dit 'n baie stresvolle ervaring vir 'n persoon kan wees. Pope (2006:74) sien die ervaring, emosies en die fases waardeur die kind in die middelkinderjare moet werk as gelykstaande aan die belewinge van 'n volwassene.

Smart (“grief”) word volgens Pope (2006:72) ook beskou as ‘n emosionele respons teenoor verlies, met ander woorde dit wat ‘n kind voel. Rou (“mourning”) word gesien as die proses van verandering wat ondergaan word. Dit kan gesien word as die poging van die wat agterbly om aan te pas by die verlies. Dit fokus op wat die persoon doen. Pope (2006:75) is van mening dat die oorblywende gesinslede emosioneel meer op mekaar aangewese raak en mekaar meer waardeer.

Na aanleiding van 'n onderhoud met mev Venter (onderhoud 2005) blyk dit dat die ouer-kind-verhouding in die samelewing die sterkste is. Die ouderdom en persoonlikheid van die kind speel ‘n belangrike rol. As die kind ‘n sterk individu is, word die emosionele verlies makliker hanteer as wanneer die kind nie ‘n sterk selfbeeld het nie. Wanneer die kind voorberei kan word op die ouer se dood soos wanneer die ouer kanker het, kom dit voor of die kind makliker die dood van die ouer verwerk.

Mev Venter (onderhoud 2005) noem ook in die gevalle van dood en egskeiding dat kinders vir haar sê hulle is nie meer ‘n “heel gesin”. Of hulle noem dit ‘n “stukkende” gesin. In geval van egskeiding wil kinders sterk voorkom. Hulle wil nie vir die wêreld wys dat hulle van binne stukkend is nie. Hulle wil nie die stigma hê dat hulle ‘n geskeide gesin is nie. Hulle speel ook eerder met kinders waar die ouers en kinders nog bymekaar is. Hulle voel gefrustreerd en mislik as die maatjie weg is. Hulle speel ook eerder met ‘n paar uitgesoekte maatjies – wat hul omstandighede ken en nie sal vrae vra nie. Hulle speel ook eerder by die huis met hul maatjies as by die maatjie se huis. Wanneer een ouer nie meer daar is nie, vervul die oudste kind gewoonlik die rol van die volwassene wat weg is. Dit kan veroorsaak dat die ander soos die moeder en die jongste kind swaar leun op die oudste kind se skouers, wat daartoe mag lei dat die kind, wanneer almal deur hul verlies gewerk het, onder die stres ingee en aan depressie begin ly. Ouers en ouer mense moenie die fout maak om aan die kind die verantwoordelikheid van ‘n volwassene toe te ken nie. Kinders moet toegelaat

word om kinders te wees terwyl hulle kinders is. Anders gryp hulle later jare terug na die fase wat gemis is (Venter, onderhoud 2005).

Dr Joubert (onderhoud 2005) is van mening dat die rouproses dringend hanteer moet word in gevalle waar die kind geskok is. Kinders in die middelkinderjare ervaar dat hulle hul moet losmaak van die ouer wat dood is en voel dikwels hulpeloos in die proses. Daar is die soeke na die ander ouer en die vrees dat die ouer wat nog leef ook sal sterf.

Dr Nolte en mev Pretorius (onderhoude 2005) is albei van mening dat die terapeut saam met die kind deur die rouproses moet werk en die kind na emosionele herstel en aanvaarding van die dood van die ouer moet begelei.

Pope (2006:66) beskou die verlies van ‘n geliefde as ‘n ervaring wat traumaties in enige kind se lewe kan wees. Hy sien die pyn en spanning wat daarmee gepaard gaan as ‘n traumatiese ervaring wat ‘n blywende indruk in ‘n kind se lewe tot gevolg het. Hy vra ook die vraag wat dit is wat veroorsaak dat dié verlies so intensief ervaar word. Volgens Dobson (2002:155) word die intensiteit van die verlies van die ouer wat deur die kind in die middelkinderjare ervaar word, bepaal deur die gehegtheid tussen die kind en die oorlede ouer. Die dood van 'n betrokke ouer wat stokperdjies en aktiwiteite saam met die kind beoefen het, sal 'n groter verlies tot gevolg hê as die dood van 'n onbetrokke ouer.

Volgens Hart (in Du Toit, 2003:47) is rituele wat is vir die een persoon leeg en betekenisloos, nie noodwendig waardeloos vir ‘n ander persoon nie. Die navorser is van mening dat Pope (2006:66) se verduideliking daarop dui dat die perspektief van persone ten opsigte van iemand aan wie hulle geheg was, bepalend is vir die intensiteit waarmee die verlies ervaar word. Mense se intensiteitsgevoel is dus direk gekoppel aan hul perspektief ten opsigte van iets waaraan hulle waarde heg. Pope (2006:66) stem saam met Dobson (2002:155) dat die dood van ‘n ouer wat byvoorbeeld saam met die kind ‘n stokperdjie en

aktiwiteite beoefen het, 'n groter verlies tot gevolg sal hê as die dood van ‘n onbetrokke ouer wat weinig waarde tot ‘n kind se lewe toegevoeg het.

McFadden en Atchley (2001:53) is van mening dat Erikson se ontwikkelingsteorie van psigososiale waardes met elk van die agt lewensfases suksesvol deurgewerk moet word om ‘n gesonde, geïntegreerde persoon te kan wees. So kan die kind in die middelkinderjare die gehegtheidsgedrag wat voorkom nadat ‘n ouer aan die dood afgestaan is, en wat instinktief by alle mense voorkom, deur die gebruik van rituele leer hanteer om die onmisbaarheid van die ouer wat oorlede is in iets konkreets te omskep, sodat die herinneringe aan die ouer wat oorlede is kan voortleef. Die verlies kan ook op hierdie wyse deur die kind geïntegreer word.

Die kind in die middelkinderjare se reaksie op die dood van ‘n ouer word bepaal deur die voorbeeld wat aan kinders gestel word (McFadden en Atchley, 2001:54). Kinders reageer dus op die emosie van verlies volgens die voorbeeld wat deur die oorblywende ouer aan hulle voorgehou word. Die navorser is van mening dat die oorblywende ouer moontlike ‘n blywende indruk op die gemoed van ‘n kind laat. Dit kan ‘n kardinale rol in die kind se lewe vorentoe speel, self swat rakende die verlies weens dood in die algemeen betref.

## 2.4 BELEWENIS VAN ROU IN DIE MIDDELKINDERJARE

Rou word deur Burger (2007:119) beskryf as ‘n vreemde emosionele reis. Schoeman (2001:124) is van mening dat een van die algemene gevoelens van mense wat verlies ervaar, hartseer is. Dit kan selfs depressie tot gevolg hê. Daar is ander gevoelens soos byvoorbeeld dankbaarheid dat die persoon wat gely het, wel uiteindelik dood is, wat mense ervaar, maar dalk nie aanvaarbaar is nie. Dit kan weer tot skuldgevoelens lei. Die navorser is van mening dat die rouproses op sigself ‘n vorm van ritueel is. Dit is ‘n rituele proses waardeur kinders in die middelkinderjare moet werk om hulle die ewigheid en die

verganklikheid van die mens te laat besef. Die besef van eie verganklikheid en die werklikheid daarvan is tydens die rouproses onvermydelik. Die navorser is van mening dat die ritueel van rou ‘n onwillekeurige proses by alle mense is en wat alle mense moet deurwerk wat ‘n geliefde aan die dood afgestaan het.

Vir die doel van die studie gaan daar gefokus word op die roufases soos deur Kübler-Ross (1975:161), en Schoeman (2001:124) beskryf.

- **Skok en ontkenning**

Volgens Kübler-Ross (1975:161) kan die persoon wat met die dood gekonfronteer word, dit met skok ervaar en sodoende die werklikheid van die dood probeer ontduik deur dit te ontken. Die kind sal in hierdie fase van die oorlede ouer praat asof die ouer nog hier is.

- **Woede en aggressie**

Volgens Schoeman (2001:124) en Kübler-Ross (1975:161) is dit ‘n emosionele reaksie op die realiteit van die dood. Kinders in die middelkinderjare wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het kan kwaad wees vir hulleself. Hulle kan kwaad wees ook vir die ouer wat hulle agtergelaat het en die kind kan kwaad wees vir God en voel hoekom het dit met hulle gebeur. Die gevoel van kwaad wees kan in die kind se leefwereld tot uitting kom deur aggressie of woedeuitbastings. Oaklander (1988: 208) gee erkenning aan die woede by ‘n kind in die middelkinderjare deur te fokus op die kind wat die uitreagerende gedrag toon en meen die ondertoon daarvan is gevoelens van angs. Sy noem voorts dat die kind in die middelkinderjare se omgewing vir die kind ‘n emosionele bedreiging inhou en dat dit nie die kind se innerlike gevoelens is wat tot die uitreagerende gedrag lei nie, maar die onvriendelike omgewing waarin die kind in die middelkinderjare hom op daardie stadium bevind. Die kind in die middelkinderjare beleef ‘n swak selfkonsep wanneer die ouer nie weet hoe om hierdie gedrag te vertolk nie en die kind kry die boodskap dat dit onaanvaarbare gedrag is.

- **Onderhandeling**

Tydens hierdie fase is daar ‘n geleidelike aanvaarding wat intree by die kind in die middelkinderjare en hulle probeer met God onderhandel. Wanneer dit ‘n ouer is wat terminaal siek was, sou die kind probeer onderhandel vir nog tyd saam met die ouer. Saam met die onderhandeling tree die besef in dat dit realiteit is dat die ouer sal doodgaan.

- **Depressie**

Die fase van depressie kan intree wanneer die kind in die middelkinderjare ervaar het dat onderhandelingspogings nie die verwagte uitkoms gebring het nie, byvoorbeeld om nog tyd saam met die ouer gegun te word nie (Kubler-Ross, 1975:161).

- **Aanvaarding**

Volgens Schoeman (2001:124) begin die fase van aanvaarding wanneer die vorige fases afgehandel is en waar die godsdienstige aspek nou intree en die aanvaarding van die dood plaasvind. So kan kinders in die middelkinderjare aanvaarding ervaar as hulle hulp en ondersteuning van betekenisvolle ander persone ervaar in hulle lewe en begelei word in die proses van rou.

### 2.4.1 Tipiese gevoelsprosesse teenwoordig in die rouproses van die kind in die middelkinderjare

Verskillende gevoelsprosesse kan aan rou gekoppel word en aan die kind in die middelkinderjare emosionele ondersteuning bied om die rouproses suksesvol af te handel (Schoeman, 2001:127). Volgens die navorser kan hierdie take die vorm van rituele aanneem om die kind te help om deur die rouproses te werk.

- **Die verwarde fase:**

Tydens hierdie fase is daar verwarring en skok by die kind in die middelkinderjare aanwesig en ook skok en ongeloof kan aanwesig by hulle wees omdat hulle nie kan glo dat dit 'n werklikheid is dat hul ouer dood is nie.

- **Die soekende fase:**

Die soekende fase kom voor wanneer die kind in die middelkinderjare gekonfronteer word met die besittings van die ouer wat dood is, met die doel om die bekendheid van die ouer wat dood is daarin te soek. Hierdie fase kan gepaardgaan met die geval waar die kind in die middelkinderjare moet werk deur die pyngevoel van die soeke na die ouer wat dood is. Volgens die navorser kan die wegpak of totnietmaak van die besittings soos klere en deurgaan van dokumentasie van die oorledene opsigself nog 'n ritueel vorm om deur die proses te gaan van afsluiting van die persoon wat geleef het. Die soekende fase kan geïntensifiseer word waar die kind in die middelkinderjare byvoorbeeld in die klere van sy/haar ouer weer die oorledene se reuk kry of bekende items eie aan die oorledene ontdek tydens die wegmaak of wegpak van die besittings.
Dit is die tyd van herrinnering wat intree (Burger, 2007:14).

- **Die vormingsfase:**

Volgens Schoeman (2001:127) tree daar 'n mate van stabiliteit na vore wanneer die kind in die middelkinderjare weer kan fokus en as geïntegreerde wese in die samelewing kan funksioneer. Kübler-Ross (1975:161) beskou dié fase as 'n tydperk waartydens 'n toename in selfstandigheid ingetree het.

- **Die ordeningsfase:**

Volgens Schoeman (2001:127) vind reorganisaie plaas. Emosionele hervestiging moet plaasvind en die oorlewende moet aanbeweeg met die lewe. Volgens Burger (2007:15) word die mens hier op aarde voor 'n keuse gestel, en berusting en aanvaarding tree volgens die navorser in as die kind weet die ouer het die regte keuse uitgeoefen en weet waarheen die ouer is na die dood. Wanneer die

kind kan praat oor goeie en slegte tye en emosioneel in ander kan belê, kan die taak as suksesvol afgehandel beskou word. Die kind se emosionele gevoelens is dan weer in takt en die kind kan weer die lewe normaal aanpak. Volgens die navorser is die ritueel van die rouproses dan afgehandel. So kan die kind in die middelkinderjare ‘n emosionele belegging in ander verhoudings maak nadat die ouer dood is. Dit beteken nie dat die oorledene vergeet word nie, maar dat die wat agterbly nou die dood van die persoon aanvaar.

Volgens Green (2000:211) verstaan die kind in die middelkinderjare die implikasies van gebeure soos ‘n volwassene dit sal verstaan. Daarom weet die kind in die middelkinderjare wat die dood beteken en sal hul reaksie op die dood min of meer dieselfde as die van 'n volwassene wees. Hulle verstaan dat dit deel is van die natuurlike lewensiklus en dat almal een of ander tyd sal sterf. Kinders in hierdie ouderdomskatogorie het reeds ‘n verskeidenheid van verhoudinge gebou. Daarom sal hulle die dood intens ervaar en selfs ook die dood van ‘n persoon in die wyer sosiale groep as 'n verlies ervaar. Dit sal kinders by hul eie verganklikheid bring. Vir ‘n kind van hierdie ouderdom is die dood van ‘n ouer ondenkbaar en die kind se groeiende onafhanklikheid sal bedreig word sou ‘n ouer gedurende dié lewensfase aan die dood afgestaan word. ‘n Kind in die middelkinderjare se proses van rou kan bedreig word deur gevoelens van hulpeloosheid en oorweldigende gevoelens wat nie beheer kan word nie. Die res van die familie kan help deur kinders te laat besef dat hulle nie skaam hoef te voel oor hul gevoelens nie. Die kind in die middelkinderjare moet verseker word dat die gevoelens nie kinderagtig en onvolwasse is nie. Die kinders mag tot uiterstes gaan om volwasse voor te kom en voor te gee dat hulle nie weerloos is nie.

Volgens die navorser kan kinders ook skuldig voel as daar ‘n egskeiding plaasvind of as ‘n ouer dood is. Die lewensiklus kan met die kind wat in die middelkinderjare, bespreek word om sodoende vir die kind duidelik te maak dat alle mense 'n verloop het wat bestaan uit 'n begin, die geboorte, en uiteindelik

ook ‘n einde, naamlik die dood. Die siklus van die skoenlapper is, ‘n goeie metafoor om dit aan die kind in te verduidelik. Hier moet ook verskillende kulture en gelowe in gedagte gehou word.

## 2.5 PROJEKSIETEGNIEKE

Volgens Blom (2004:144) is daar nie altyd ‘n automaietse aanbeweeg en besit neem van emosies by kinders aanwesig nie. Verskeie projeksietegnieke in gestaltspelterapie word dan aangewend om die kind te help om besit te neem van hulle emosie en uitdrukking daaraan te gee. Projeksietegnieke soos die sandbak, stories vertel en verf word in gestaltspelterapie aangewend wat kinders help om uitdrukking aan hulle emosies te gee.

Volgens Oaklander (in Blom 2004:146) gee kinders uitdrukking aan emosie deurdat hulle beskryf hoe dit gevoel het tydens die gebruik van die projeksietegniek. Oaklander (in Blom 2004:146) gaan voort deur te sê dat kinders eers moet besit neem van hulle eie emosies voordat hulle kan aan beweeg na wat betekenis daarvan vir hulle inhou.

Volgens Blom (2004: 147) word projeksietegnieke in gestaltspelterapie gebruik om kinders te help om op 'n spontane wyse uitdrukking aan hulle emosies te kan gee. Na aanleiding van Schoeman (in Blom 2004: 147) word projeksietegnieke soos tekeninge en verf in gestaltspelterapie aangewend om ook die innerlike self van’n kind te versterk.

Die volgende projeksietegnieke is in die empiriese navorsing deur die navorser benut:

- Verf as projeksietegniek.

Verf word as medium gebruik om die kind die geleentheid te gee om op ‘n direktiewe wyse uitdrukking te gee aan die ergste ervaring rondom

pappa/mamma se dood. Volgens Blom (2004:149) kan verf as medium gebruik word om die kind bewus te maak van emosies.

- Sandbak as projeksietegniek.

Tydens die sandbaktegniek word van speelgoed gebruik gemaak sodat die kind op ‘n ongestruktureerde wyse uitdrukking kan gee aan die persoon wat oorlede is. Die kind kan 'n storie maak rondom die persoon wat oorlede is. Volgens Blom (2004:153) fokus die tegniek op projeksie.

- Klei as projeksietegniek.

Klei word as medium gebruik om die kind die geleentheid te gee om die verhouding met die terapeut verder te versterk asook om sensoriese bewusmaking aan te moedig (Blom, 2004: 159).

- Tekeninge as projeksietegniek.

Tekeninge word gebruik om die kind die geleentheid te bied om ‘n verhouding met die terapeut te bou (Blom, 2004:149).

## 2.6 RITUELE AS PROJEKSIETEGNIEK

Volgens Du Toit (2003:36) is die gebruik van ritule ‘n kragtige hulpmiddel en het ‘n belangrike waarde in die kanalisering van emosies tydens die verlies wat ervaar word wanneer ‘n geliefde sterf. Die mening van Parks (in Dickenson, Johnsen en Katz, 2000:330**)** is dat terapeute, beraders, priesters, dokters, ensovoorts die rol het om berading te verskaf en rituele daarin te benut. Die ritueel verskaf aan die persoon wat oor die dood van ‘n geliefde rou, die reg om vir ‘n tyd lank die status te mag dra as bedroefde, kliënt, pasiënt.

Prior (in Dickenson, et al. 2000:333) beskou die vyf stadiums van die rouproses deur van Kübler-Ross (1970), naamlik ontkenning en isolasie, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding, as ‘n ritueel waardeur nie alleen die

persoon gaan wat aan ‘n terminale siekte lei nie, maar ook die persone wat oor die oorledene rou.

Firth (in Dickenson et al. 2000:333) beskou rituele wat deur persone uit verskillende gelowe en kulture uitgevoer word as 'n manier om aan die samelewing te sê dat daar ‘n bestaan is na die dood. Burger (2007:67) baseer sy mening dat daar ‘n hiernamaals is op die Bybel, naamlik Lukas 16:29, en op die wyse kan persone wat hulle geliefde aan die dood afgestaan het berusting en aanvaarding vind.

In die westerse kultuur is dit gebruiklik dat ‘n begrafnis vir die oorledene gehou word (Firth in Dickenson et al*.* 2000:339*)*.  Na die begrafnis kom die familie en vriende gewoonlik bymekaar om hul laaste respek aan die oorledene te betoon. In die westerse kultuur word die proses afgehandel deur die lees van die testament van die oorledene. Firth (in Dickenson et al*.* 2000:340*)*, verwys verder na die geliefdes wat die oorledene se goed opruim en aan ander uitdeel. Die navorser is van mening dat dit op sigself ‘n ritueel vorm en deel uitmaak van die rouproses.

Mev Venter (onderhoud 2005) toon aan dat die volgende rituele as projeksietegnieke van belang is wanneer ‘n kind in die middelkinderjare ‘n ouer aan die dood afgestaan het:

Voor die begrafnis word die kind op die kerkdiens voorberei.  Na die dood van ‘n ouer soek die kind gewoonlik ‘n plek, soos die graf om na toe te gaan. Venter (2005) vertel dat ‘n afskeidsbrief deur die kind geskryf kan word en dit in ‘n ballon met baie helium geplaas word en die lug in gestuur word.  Die kind kan nadat die brief geskryf is, dit ook verbrand.  Die brief kan ook by die begrafnis op die oorledene se kis gesit word en op so ‘n manier kan daar van die oorlede ouer afskeid geneem word.  Die “memory”-boek is ‘n album met foto’s wat gemaak kan word met die verloop van die tyd.  Venter (2005) maak ook melding van ander projeksietegnieke, soos om bordkryte te rasper en saam met sout in lae in

'n deurskynende houer te gooi. Kleure bordkryt word gekies wat die kind die meeste aan ma of pa laat dink. Die terapeut en die kind praat dan oor die verskillende kleure bordkryt wat gekies is en oor die verskillende aspekte van die oorlede ouer se karakter. Kinders kry hier die geleentheid om hul emosies oor die ouer wat dood is te verwoord.

Die navorser het tydens haar empiriese studie deurentyd gebruik gemaak van die bou van verhouding met die kind in die middelkinderjare. Tydens die sessies het die navorser van die mediums soos klei, sandbak, briefskryf, rasper van bordkryte, *memory box* en tekeninge gebruik gemaak. Die sessies met die projeksietegnieke wat benut is, het op sigself rituele as projeksietegnieke gevorm, aangesien die kinders in die middelkinderjare reeds van die begin van die sessies af bewus was dat hulle en die navorser oor die dood van die ouer gaan gesels. Die kinders kon hulle in hul gemoed dus al voorberei op wat tydens elke sessie wag. Dit het 'n ritueel as projeksietegniek in die kinders se gemoed gevorm om te weet dat die navorser en hulle saam met die navorser by die afsluiting van die proses, naamlik die ritueel as projeksietegniek van die briefskryf, gaan uitkom en sodoende aan die oorlede ouer totsiens kan sê.

Die volgende rituele as projeksietegniek is in die empiriese navorsing deur die navorser benut:

- Bordkryte rasper.

Die navorser laat die kind bordkryte van verskillende kleure rasper. Hier fokus die navorser op die oorledene en begelei die kind wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het met die uitdrukking van emosies rondom die verlede van die oorledene. Deur te werk met verskillende kleure word die kind se sensoriese gewaarwording geprikkel en help dit om herrinneringe van die ouer wat oorlede is in die gedagtes op te roep en daaroor te praat (Venter, 2005).

- *Memory box*.

Die navorser en die kind maak ‘n boksie en skryf die herinneringe aan die oorledene op kaartjies, gesels daaroor en plaas die kaartjies in die boksie. Die navorser se doel is om die kind te begelei om te dink aan soveel moontlike herinneringe saam met die oorlede ouer. Die kind word sodoende begelei om die verlies te ervaar (Venter, 2005).

- Briefskryf.

Die navorser laat die kind ‘n afskeidsbrief aan die oorlede skryf. Daarna kan die kind die brief in ‘n ballon plaas wat opgeblaas word en in die lug op gestuur word. Hierdie sessie help die kind om op ‘n meer tasbare, kognitiewe vlak afskeid te neem van die ouer wat oorlede is (Venter, 2005).

## 2.7 DIE GESTALTSPELTERAPEUTIESE PROSES MET KINDERS IN HULLE MIDDELKINDERJARE WAT ‘N OUER AAN DIE DOOD AFGESTAAN HET

Gestaltspelterapie bestaan uit verskeie belangrike teoretiese beginsels. Hierdie beginsels word aangewend om sodoende die kind in terapie die optimale geleentheid te bied om hulpverlening te ontvang.

Volgens Schoeman (2001:76) word ‘n terapeutiese verhouding gebou waar die navorser en die kind mekaar leer ken en waar bepaalde grense en beperkinge gestel word.

Oaklander (1988:181) beskryf die terapeutiese proses waar dit begin met ‘n verhouding, kontakmaking en bou van selfonderskraging. Volgens Geldard en Geldard (2004:36) het Oaklander (1988) veral op prinsiepe en beginsels en die gebruik van tegnieke gefokus wanneer sy met kinders gewerk het.

Vanuit 'n onderhoud met Joubert (2005) het sy die mening uitgespreek dat kinders in die middelkinderjare hulle rol in die rouproses moet uitspeel. Die terapeut se oogmerk is om die kind te help om gesond te word. Die ander rolle moet ook hanteer word. Die identifikasiefiguur is belangrik. Die onderwysers moet weet dat die kind in ‘n situasie van ernstige verlies is met ‘n ouer wat dood is of waar ‘n ouer baie siek is en besig is om te sterf. Na die dood van ‘n ouer, het die kind ‘n rouproses nodig. Die oorblywende gesinslede moet weet dat hulle mekaar moet beskerm en saam moet kan huil.

Blom (2004:253) en Schoeman (2001:78) is van mening dat ten einde aan emosies uitdrukking te gee, die kind in die middelkinderjare selfvertroetelend moet word ten einde onaanvaarbare gedrag te kan hanteer en sodoende terapie te kan termineer.

**Die onderskeie fases in die gestaltspelterapie proses wat met die kind in die middelkinderjare tydens die studie toegepas is, word vervolgens kortliks bespreek:**

- **Die bou van die *I-thou* verhouding**

Volgens Blom (2004:254) hou die *I-thou* verhouding tussen die navorser en die kind in die terapeutiese proses in dat hulle mekaar se gelykes is. Alhoewel die navorser meer lewenservaring en kennis het as die kind in die middelkinderjare, is die navorser en kind in die terapeutiese proses gelyk wanneer hulle die *I-thou* verhouding deel. Oaklander (1988:269) vra aan die kind in die middelkinderjare vrae wat direk verband hou met die kind leefwêreld en bou op die manier die *I-thou* verhouding met die kind.

Volgens Blom (2004:254) sal niks in die terapeutiese proses gebeur as daar nie ‘n *I-thou* verhouding tussen die navorser en die kind tot stand kom nie. Binne die *I-thou* verhouding waar die kind in die middelkinderjare ‘n verlies gely het weens die dood van ‘n ouer, kan die kind aanklank vind by die navorser wat uit eie

ervaring met die kind daardie verlies kan deel. Die *I-thou* verhouding is dus 'n eerlike oop verhouding waar nie net woorde nie, maar ook die emosionele gevoel van ons-verstaan-mekaar na vore kom.

- **Kontakmaking**

Nadat die terapeutiese *I-thou* verhouding tussen die navorser en die kind vasgelê is, moet die navorser vasstel of die kind toegerus is om die verhouding wat tussen die navorser en die kind gebou is, te kan handhaaf (Blom, 2004:255). Volgens Geldard en Geldard (2004:231) is kinders wat verlies ervaar, geneig om hulleself emosioneel teen verdere seerkry in die lewe te beskerm.

In die proses van kontakmaking is die fokus op die kontakvaardighede belangrik, asook dat die navorser en die kind werk op die sintuie van sien, hoor, voel, ruik en proe om sodoende by die bewusmakingsproses van die kind self uit te kom en te kan oorgaan na die selfonderskragingsproses.

- **Selfonderskraging**

Blom (2004: 255) is van mening dat die gestaltspelterapieproses waar kinders erkenning gee aan hulle innerlike self, 'n belangrike komponent uitmaak van die kind se self-onderskraging.

Schoeman (2001:78) en Blom (2004:255) stem saam dat kinders se aggressie op die energie dui wat kinders nodig het om aan hulle sterk emosies uitdrukking te kan gee. Die interne energie gee die gevoel van mag, wat die self-ondersteuning gee om sodoende aksie en uitdrukking te gee aan die interne onderdrukte emosies (Oaklander 1988:206). Die navorser beskou die gevoel van aggressie en die uitdrukking daarvan in die konteks van waar een kind 'n ander kind vir geen rede slaan. Dit is in baie gevalle die uitdrukking van innerlike seer by die kind wat verlies ervaar weens die dood van 'n ouer.

- **Emosionele uitdrukking**

Volgens Geldard en Geldard (2004:210) weet kinders wat vir terapie geneem word dikwels nie hoe om op ‘n aanvaarbare wyse aan hulle emosies uitdrukking te gee nie. Kinders sal óf oorkompenseer óf voorgee dat hulle vol selfvertroue is, terwyl dit nie die geval is nie. Die terugvoering wat die kinders dan van hulle omgewing kry, is negatief, wat veroorsaak dat die kind ‘n lae selfbeeld het.

Blom (2004:256) en Schoeman (2001:77) is dit eens dat kinders deur spelintervensie gehelp kan word om op ‘n aanvaarbare wyse aan hulle gevoelens uitdrukking te gee. Die navorser het deur middel van rituele as projeksietegnieke in gestaltspelterapie die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar weens die dood van 'n ouer, na die toepaslike uitdrukking van emosies begelei. Die navorser het hiervoor gebruik gemaak van die volgende gestaltspelterapieprojeksietegnieke, naamlik: tekeninge, kleispel, sandbak, briefskryf, bordkryte rasper en die *memorybox*.

- **Selfvertroeteling**

Volgens Blom (2004:258) en Geldard en Geldard (2004:212) moet kinders leer om hulleself te aanvaar vir hulleself en om te gee. Die skrywers is dit eens dat die kinders hulleself moet ontdek vir wie en wat hulle werklik is. In die terapeutiese proses om dit by kinders tuis te bring, is die skep van geleenthede vir selfvertroeteling ‘n wesenlike komponent.

- **Hantering van aanhoudende, volhardende onaanvaarbare gedrag**

Blom (2004:259) is van mening dat wanneer aggressiewe gedrag by kinders voorkom en hulle reeds daarvan bewus gemaak is, daar ‘n tyd kom wanneer die kind self vir sulke gedrag verantwoordelikheid moet neem. So het die navorser in haar studie die kinderrespondente aangemoedig om verantwoordelikheid vir hulle dade te neem.

- **Beëindiging van die terapie**

Volgens Blom (2004:260) is dit veral belangrik dat kinders wat verlies ervaar op behoorlike wyse uit die terapiesessies moet uittree. Die navorser het tydens haar studie met kinders in hulle middelkinderjare wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer, die laaste terapiesessie gebruik om ‘n kaartjie te maak waar die navorser en die kind van mekaar afskeid geneem het. Die navorser het ook aan die kinders ‘n klein presentjie gegee en hulle uitgenooi om haar enige tyd te kontak sou hulle haar weer in terapie wou sien.

## 2.8 UITGANGSPUNTE BINNE GESTALTSPELTERAPIE

**Die volgende uitgangspunte binne gestaltspelterapie is tydens die navorsingsstudie aangewend en word vervolgens na aanleiding van Oaklander bespreek:**

- **Figuur en grond**

Die figuur/grond beginsel volgens Oaklander (in Winter, 2003:54) impliseer dat individue in staat moet wees om te kan definieer en moet kan onderskei tussen wat meer en minder prominente stimuli in die omgewing op enige gegewe tyd is.

Die navorser het tydens haar studie met kinders in hulle middelkinderjare wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer, die kinderrespondente aangemoedig om kontak te maak met hulle innerlike ervaring en voorgrondbehoeftes en emosies.

- **Onvoltooidheid**

Volgens Oaklander (in Winter, 2003:57) is die konsep van onvoltooidheid wanneer ‘n individu ‘n onvoltooide figuur ervaar en die brein dan poog om die onvoltooidheid te voltooi en as afgehandel te beskou. Onvoltooide ervarings en gevoelens kan nie afgehandel word as die individu die gevoelens en emosies ignoreer en onderdruk nie. Die navorser het tydens haar studie met kinders in hulle middelkinderjare wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer, die

kinderrespondente aangemoedig om uitdrukking te gee aan onopgeloste gevoelens en emosies.

- **Hier-en-nou**

Volgens Oaklander (in Winter, 2003:58) is dit belangrik om te fokus op die hier-en-nou om sodoende die bewusdheid by die kind te verhoog van wat hulle van oomblik tot oomblik voel. Groei kan plaasvind wanneer daar gefokus word op die hier-en-nou. Die navorser het tydens haar studie met kinders in hulle middelkinderjare wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer, die kinderrespondente aangemoedig om uitdrukking te gee aan hulle onmiddellike gevoelens en emosies.

- **Weerstand**

Volgens Oaklander (in Winter, 2003:64) dui weerstand selfbeskerming aan. Weerstand kan op ‘n passiewe wyse getoon word, soos om te ignoreer, of afleibaar op te tree, soos om nie te luister nie. Die navorser het waar daar weerstand by die kindderrspondente voorgekom het, die weerstand gerespekteer, aangesien die weerstand dikwels die kind se teken is dat hulle die grens van hulle vermoë op daardie oomblik bereik het.

## 2.9 SAMEVATTING

Uit die literatuuroorsig is dit duidelik dat die dood van ‘n ouer ‘n ingrypende emosionele impak op ‘n kind in die middelkinderjare se lewe het. Dit het ‘n impak op die kind se totale wese met betrekking tot die kind se kognitiewe, emosionele, sosiale en fisieke ontwikkeling.

Die fases van rou in die middelkinderjare moet as ‘n belangrike faset van rou en die verwerking van die verlies weens die dood van ‘n ouer beskou word. Die terapeut en ander belangrike persone in die kind se lewe moet die kind begelei en ondersteun tot emosionele verwerking van die dood van die ouer en

sodoende die kind in die  middelkinderjare help om as ‘n geëintegreede wese in die samelewing te funksioneer.

Projeksietegnieke binne die konteks van gestaltspelterapie is in hierdie studie benut tydens die terapiesessies met die kinderrespondente.

In die volgende hoofstuk word daar gefokus op die empiriese ondersoek met kinders in die middelkinderjare wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer. Dit het die terapeutiese begeleiding van ‘n aantal kinderrespondente behels deur van gestaltspelterapie gebruik te maak.

# HOOFSTUK 3 EMPIRIESE ONDERSOEK

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die gestaltspelterapeutiese intervensie wat aangewend is tydens die empiriese ondersoek beskryf ten einde die benuttingswaarde van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie te verken en te beskryf ten opsigte van die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar.

Vir die doel van die studie het die navorser sewe kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar as gevallestudies betrek. Sewe kinders is in die steekproef betrek tot versadigingspunt bereik is. Agt individuele terapiesessies is met elk van die sewe kinderrespondente deurloop. Die kinderrespondente moes Afrikaans of Engels magtig wees. ‘n Verdere afbakening van die steekproef was dat die kinderrespondente een of albei ouers aan die dood afgestaan het. Die kinderrespondente was van beide geslagte.

Die ouer/voog van die kinderrespondente moes ook weergee wat hulle ervaring was van hulle kinders se hantering van emosies na afloop van die sessies. Die inligting is van die ouer/voogde bekom deur middel van 'n kort vraelys en gesprekvoering. (Sien Bylae A)

Die navorser het van die volgende projeksietegnieke binne die konteks van gestaltspelterapie tydens die agt terapiesessies met elk van die sewe kinderrespondente gebruik gemaak: sandbak, *memory box*, briefskryf, bordkryte rasper, verf en tekeninge.

Die navorser het deur middel van semigestruktureerde onderhoude (terapeutiese intervensie) die kind wat, vanweë die dood van ‘n ouer wat verlies ervaar het, bemagtig om op toepaslike wyse uitdrukking te gee aan emosies rondom die verlies van ‘n ouer.

Die kwalitatiewe data wat in elke terapiesessie met elke kinderrespondent na vore gekom het, word vervolgens in diepte bespreek.

## 3.2 GEVALLESTUDIES

### 3.2.1 Kind A

- Agtergrond:

  Kind A is ‘n agtjarige seun wat tans in graad twee is. Hy is na die navorser gebring weens sy aggressiewe gedrag teenoor sy broers. Volgens kind A se moeder openbaar hy sedert sy pa se dood aggressiewe gedrag. Sy vader het selfmoord gepleeg. Kind A het gedurende hierdie tydperk van skool verander, aangesien die gesin na ‘n ander voorstad in Pretoria verhuis het. Hy ervaar dus emosionele nood weens die verlies van sy pa en sy vriende wat hy in die vorige skool gehad het. Kind A ervaar ook die verlies van die vertroude omgewing waaruit hy moes trek. Hy het ook geen kontak meer met die vriende van die vorige skool nie.

  Kind A se pa het selfmoord gepleeg in die tyd waarin kind A se moeder by die werk was, en kind A, sy boetie en die buurman het sy pa gekry waar hy dood gelê het.

  Kind A se moeder meld ook dat hy sukkel om in die nuwe skool aan te pas.

  Sessie 1:

- Doelwit van die sessie:

  Om ‘n vertrouensverhouding met kind A te bou.

- Verloop van die sessie:

  Die sessie begin deurdat die navorser aan kind A die grense en die inhoud van die terapeutiese sessies verduidelik.  Hierna vra die navorser kind A om ‘n prentjie van homself en dan ‘n prentjie van sy gesin te teken sodat sy kind A beter kan leer ken.

  Kind A teken homself en daarna teken hy sy gesin.  Die navorser en kind A gesels oor sy tekeninge. Hy sê hy hou van krieket, maar speel nie krieket by die skool nie. Hy het nie ‘n krieketkolf en krieketbal nie. Aan die einde evalueer die navorser deur aan kind A te vra waarvan hy die meeste in krieket hou, waarop hy antwoord dat hy daarvan hou as die span wat hy ondersteun wen.

  Op die gesinstekening teken kind A sy pa eerste en sy ma tweede. Hy vertel dat sy pa in die oggende op gestaan en vir hulle as gesin ontbyt gemaak het; dat hy hulle kinders gehelp het om aan te trek; en dat sy pa vir sy ma koffie in die bed geneem het. Hy sê sy pa het met hulle gespeel en dat hy die meeste daarvan gehou het as sy pa met hom gestoei het. Hy sê hy hou daarvan as hy en sy ouer broer “playstation games” speel en hy hou daarvan as hy wen.

- Evaluering van die sessie:

  Aan die einde evalueer die navorser deur aan kind A te vra waarvan hy die meeste  van sy gesin gehou het. Kind A sê hy het die meeste daarvan gehou as hulle as gesin in die tuin saam gewerk het en as sy pa met hom karretjies op die vloer gespeel het.

  Die navorser het waargeneem dat kind A tydens die eerste sessie nog skaam was om te gesels. Die navorser het reeds met die eerste sessie waargeneem dat daar ‘n groot leemte in kind A se lewe bestaan weens die afsterwe van sy pa.

Sessie 2:

- Doelwit van die sessie:

  Om die terapeutiese verhouding met kind A verder te versterk en om sensoriese kontak deur middel van klei aan te moedig.

- Verloop van die sessie:

  Kind A vra die navorser of hy enige iets uit die klei kan maak.

  Die navorser gee aan kind A tyd om in stilte die projeksie te bou. Die stilte is geskep sodat die kind kan fokus op dit wat hy wil bou. Kind A voltooi die kleiskepping en die navorser hanteer die projeksie aan die hand van Oaklander se 14 stappe.

  Kind A maak ‘n projeksie van ‘n leeu en ‘n mannetjie. Hy vertel dat die leeu in die dieretuin is en dat daar ‘n mannetjie naby die leeu is. Hy vertel dat die leeu op ‘n groot veld hardloop, dat die leeu honger is en dat daar party dae nie kos is om te eet nie.  Hy wys dat hy sensories in takt is deur te sê dat die leeu bruin en die man wit is. Kind A ruik ook aan die klei wat daarop dui dat hy sensories in takt is met sy sintuie. Hy vertel verder dat daar aarbeie in die dieretuin is wat die man wil gaan pluk en die leeu het die man toe gevang en opgevreet. Die navorser vra op hierdie stadium vir kind A hoe die man gevoel het toe die leeu hom vreet. Hy antwoord dat die man wat gevreet is, niks gevoel het nie. Hy sê die leeu het lekker gevoel toe hy die man opgeëet het. Die navorser het hier slegs op die ervaring van die emosie gefokus en nie in diepte gegaan nie. Kind A sê voorts dat die man moes gekyk het dat daar nie leeus is voor hy na die aarbeie toe gegaan het, maar hy het nie geweet dat daar leeu is nie. Die aarbeie was vir die man lekker en toe eet die leeus hom toe hy dit wou gaan pluk.

Kind A gaan voort deur te sê die bene van die man lê daar en die ander leeus kom ook nader toe hulle die bloed van die man se seerplek ruik. Hy sê toe het ander mense met 'n trok aangekom.

Die navorser fokus op die ervaring van die emosie deur aan kind A te vra wat het gemaak dat die man die aarbeie wou gaan pluk. Kind A neem besit van sy projeksie deur te sê dat die aarbeie vir hom lekker is en hy wou dit gaan pluk.

- Evaluering van die sessie:
  Tydens hierdie sessie het dit vir die navorser duidelik geword dat kind A baie onderliggende aggressie toon, en sy besluit om in die volgende sessies daarop te let. Kind A se moeder het met die aanmelding van die terapie ook uitgewys dat kind A moeilik aanpas by die nuwe skool en dat hy sy boeties slaan.

  Aan die einde van die sessie vertel die navorser aan kind A wat hulle tydens die volgende sessie gaan doen. Sy verduidelik dat hulle met bordkryte en die rasper daarvan gaan werk. Sy bemagtig hom deur hom te vra wat hy vir die res van die naweek en die week by die skool beplan.

Sessie 3:

- Doelwit van die sessie:
  Om deur die benutting van bordkryte en die kleure daarvan die kind te begelei tot uitdrukking van emosies rondom die oorlede ouer.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser verduidelik aan kind A dat hy ten minste vier tot vyf verskillende kleure bordkryte van sy keuse moet rasper. Die navorser gee aan kind A 'n deurskynende houertjie en verduidelik dat hy 'n kleur van sy keuse moet rasper en dan tussen die kleurkryte 'n lagie wit kryt moet sit

sodat daar ‘n duidelike onderskeid is tussen die kleure van die bordkryte. Die houer gaan dan bestaan uit ‘n lagie kleurkryt, ‘n lagie wit kryt, en weer ‘n lagie kleurkryt. ‘n Gesprek sal dan uit die aktiwiteit volg. Die houer waarin hy die lae bordkryt gooi, word dan syne om saam te vat huis toe.
Kind A het dit geniet om die bordkryte te rasper. Hy was sensories in takt deur te sê dat die bordkryte vir hom glad voel en dat dit na niks ruik nie. Nadat hy die gerasperde bordkryte in die houertjie gegooi het, het hy sy klere afgestof en sy hande gaan was.

Kind A het die volgende kleure gekies: oranje, wit, geel, wit, blou, wit.
Toe die navorser kind A vra waaraan die oranje kleur hom laat dink, het hy geantwoord dat dit hom aan die leeu laat dink wat die man wou doodbyt toe hy die aarbeie gaan pluk het. In die vorige sessie het kind A heeltyd gefokus op die man wat aarbeie gaan pluk het en die leeu wat hom opgeëet het. In hierdie sessie gaan die kind weer terug na die leeu en die man wat aarbeie wou gaan pluk. Die navorser vra toe aan kind A waaraan die ander kleure hom laat dink. Hy het gesê hy hou van wit en dit laat hom aan wit mense dink. Kind A sê hy hou van geel en spesifiek van geel speelgoed. Die blou laat hom dink aan helder blou klere. Die navorser vra aan kind A van watter kleur het sy pa gehou. Kind A sê sy pa het van swart gehou. Sy pa het elke dag ‘n swart T-hemp gedra.

Aan die einde van die sessie bemagtig die navorser kind A deur aan hom te vra wat hy die meeste van die sessie geniet het. Hy sê dit was vir hom lekker om die bordkryte te kon rasper. Die navorser verduidelik aan kind A wat hulle met die volgende sessie gaan doen. Sy vertel hom dat hulle ‘n *memory box* gaan maak. Sy vertel hom ook dat hy die geleentheid gaan kry om te gesels oor herinneringe aan sy oorlede vader.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser het tydens Sessie 3 ervaar dat kind A meer en meer gemaklik voel om met die navorser te kommunikeer. Hy het ontspanne voorgekom. Kind A het in hierdie sessie weer gefokus op die mannetjie wat gaan arbeie pluk het en toe vang die leeu hom en vreet hom op. Kind A het volgens die navorser nog nie ‘n voltooidheid ervaar wat die emosie van die mannetjie en die leeu betref nie.

Sessie 4:

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot die verbale uitdrukking van emosies rondom die dood van die ouer deur middel van die gebruik van die *memorybox*.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser laat kind A kies watter boksie hy wil hê.

  Die navorser verduidelik aan kind A dat hy die gedagtes wat by hom opkom oor wat hy kan onthou van sy pappa wat dood is, kan neerskryf op stukkies karton. Hy en die navorser gaan dit bespreek. Kind A vertel dat toe sy jongste boetie nog nie gebore was nie die gesin op ‘n groot plek gewoon het wat hom aan ‘n plaas laat dink het. Hy skryf op die kaartjie, sy pa gee vir die perde, koeie en varke kos. Op die tweede kaartjie skryf hy, sy pa gee vir hulle gesin kos. Kind A sê sy pa gee vir hom vir ontbyt “toast” brood met aarbeijam op. Hy sê dat hulle in die aande bid dat hulle pappa sal terugkom, maar direk na hy dit gesê het, sê hy dat hulle ook bid dat hulle ‘n ander pappa sal kry. Hy skryf op die kaartjie “Ek lief my pappa”. Hy sê aan die navorser dat hulle nie nou meer baie geld het nie. Die navorser vra hom wat maak hulle as kinders om dit vir sy mamma makliker te maak. Hy sê hulle doen alles wat sy hulle vra om te doen. Op die vraag of hulle uit die Bybel lees, sê hy dat hulle nuwe pappa vir hulle

elke aand uit die Bybel lees. Hy vertel dat sy ma en sy nuwe pa die vorige dag verloof geraak het en dat hulle sjampanje gedrink het.

- Evaluering van die sessie:

  Met die *memory box* het die navorser gepoog om kind A se denke te prikkel rondom sy herinneringe aan sy pa. Dit was vir die navorser duidelik dat kind A goeie herrineringe oor sy oorlede pappa het. Kind A het ook genoem dat hulle bid vir ‘n nuwe pappa en dat sy moeder die vorige dag verloof geraak het. Die navorser is van mening dat saam met die herinneringe aan sy oorlede pappa die hier-en-nou gebeure sterk op die voorgrond van kind A se emosies was.

  Die navorser is van mening dat kind A se gemoed in verwarring was, omdat hy aan die een kant nog oor sy pa se dood gerou het, en aan die ander kant is daar nou ‘n nuwe pappa in hulle lewens wat nuwe emosies in sy gemoed teweeg bring.

Sessie 5.

- Doelwit van die sessie:

  Om meer uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood te fasiliteer met behulp van verf as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Tydens sessie 5 het die navorser aan kind A gevra om ‘n prent te verf. Hy kon enige iets verf. Kind A het ‘n leeu en ‘n mannetjie geverf. Die navorser vra aan kind A wat hy geverf het. Hy antwoord dat hy ‘n leeu en ‘n klein mannetjie geverf het. Hy vertel aan die navorser dat die leeu die klein mannetjie opgevreet het. Kind A vertel van die mannetjie wat aarbeie “like” en toe eet die leeu hom toe hy aarbeie gaan pluk. Hy het toon in sy verftekening aan dat die geel die mannetjie, en die rooi die leeu is.

- Evaluering van die sessie:

  Kind A het weer dieselfde tema uitgespeel wat hy vanaf die tweede sessie uitgespeel het. Die navorser is van mening dat kind A uitspeel dat hy in die woedefase van sy rouproses is en dat hy in die tyd sy vader se dood nog nie by berusting en aanvaarding uitgekom het nie. Hy toon met elke sessie die behoefte om sy woede ten opsigte van die dood van sy pa uit tespeel, vandaar die tema wat elke keer met verskillende mediums na vore kom.

Sessie 6.

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot verdere uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood met behulp van die sandbak as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind A dat hy die speelgoed in die sandbak kan sit en sê ook aan hom dat hy dit op enige plek in die sandbak kan sit. Kind A vertel die volgende aangaande sy sandbakprojeksie: Die perde hardloop weg. Hulle is in ‘n dieretuin, op ‘n plasie. Hy sê die leeu kyk na die skelm wat oor die muur geklim het en die leeu wil die skelm opvreet. Kind A wys na ‘n huisie in die sandbak en sê die leeu woon in die huisie.

- Evaluering van die sessie:

  Kind A is in hierdie sessie weer terug by die tema van die leeu. Met hierdie sessie speel kind A uit dat die leeu alles wil doodbyt. Die navorser ervaar dat kind A met die sandbakprojeksie toon dat hy behoefte het om die emosie van woede weens die dood van sy pa weer uit te speel.

Sessie 7.

- Doelwit van die sessie:

  Om deur middel van ‘n afskeidsbrief die kind te begelei om van die oorlede ouer afskeid te neem.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser vra kind A om ‘n afskeidsbrief aan sy vader te skryf. Hy begin dadelik skryf. Kind A skryf net een sin as afskeidsbrief aan sy pa. Hy sê hy is lief vir sy pa, want sy pa het baie vir hom gedoen. Die navorser vra kind A om die enkele sinnetjie wat as afskeid dien op ‘n kaartjie te skryf en in die ballon te plaas. Sy vra hom om die ballon op te blaas. Nadat die ballon opgeblaas is, word dit in die lug opgestuur. In werklikheid het die ballon nie baie hoog op gegaan nie. Die navorser sê dat kind A gerus die ballon by hom kan hou.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser is van mening dat kind A nie gereed was om afskeid te neem van sy pa wat oorlede is nie.

  Die navorser se mening is dat kind A nog tyd nodig het om sy emosies aangaande die dood van sy pa uit te speel. Tydens die gesprek met kind A se moeder bevel die navorser nog sessies aan.

Sessie 8.

- Doelwit van die sessie:

  Om die terapiesessies op ‘n sinvolle wyse te termineer.

- Verloop van die sessie:

  Met hierdie sessie verduidelik die navorser aan kind A dat dit die laaste sessie is wat hulle gaan hê. Sy nooi hom uit om haar te kontak as hy dit nodig ag om weer vir terapie te kom. Sy vra kind A om ‘n tekening van

homself en van sy ondersteuningstelsels te maak. Hy teken ‘n groot gesig. Aan die een kant van die gesig skryf hy “ma”, en aan die ander kant van die gesig “Bybel”. Onder aan die gesig skryf hy “pa”.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser is van mening dat kind A nie na sy wete ander ondersteuningstelsel het nie, behalwe sy ma wat nog leef, sy pa wat dood is, en die Bybel. Die navorser verduidelik aan kind A dat sy ondersteuningstelsel ook sy oupas, oumas, boeties en onderwysers kan wees. Die navorser verduidelik ook met groot omsigtigheid aan hom dat hy altyd moet onthou dat wanneer hy probleme in die lewe ondervind, daar ander mense is wat hom kan help. Die navorser het die gesprek aangaande die ondersteuningstelsel nodig geag om aan kind A te probeer verduidelik dat daar altyd hoop is. Die navorser het die omstandighede waarin kind A se vader oorlede is in gedagte gehou. Deur kaartjies te maak en aan mekaar te gee neem het die navorser en kind A afskeid van mekaar.

  Die navorser is van mening dat kind A nog steeds in die woedefase van sy rouproses is. Die mening van die navorser is daarop gebaseer dat kind A die tema van die leeu wat die mannetjie opvreet tydens vier van die agt gestaltspelterapeutiese intervensiesessies uitgespeel het.

- Evaluering deur die ouer:
  Kind A se moeder het aangetoon dat hy makliker oor die dood van sy vader praat nadat hy terapie ondergaan het.

### 3.2.2 Kind B.

- Agtergrond:
  Kind B is ‘n seun van 9 jaar oud. Hy is tans in graad 3. Kind B se ma het hom en sy boetie na die navorser gebring. Kind B is kind A se broer. Die

aanmeldings- klagte was dat kind B moeilik aanpas in sy nuwe skool. Sy moeder sê vandat sy pa oorlede is, is hy baie aggressief teenoor sy broers. Kind B se vader het selfmoord gepleeg. Kind B en sy boetie en hulle buurman het eerste op hulle vader afgekom.

- Doelwit van die sessie:
  Om ‘n vertrouensverhouding met kind B te bou.

- Verloop van die sessie:
  Na die versoek om ‘n tekening van hul gesin te maak, teken kind B homself eerste en daarna die ander lede van die gesin. Kind B vertel dat hy net sy boetie het as maatjie by die skool. Die navorser vra kind B van watter skoolvakke hy die meeste hou. Hy antwoord dat hy van al die skoolvakke hou. Kind B vertel verder dat hy en sy boetie by die skool met ‘n klip sokker speel. By die huis speel hulle “playstation”. Hy sê hy wen baie keer sy boetie met die “playstation” speletjie. Kind B teken sy gesinsprent met sy pa nog deel van die gesin. Hy sê sy pa het elke oggend vir hulle almal ontbyt gemaak en hulle dan wakker gemaak om te eet. Sy pa het hulle ook met hul huiswerk gehelp. Hy sê voorts sy ma maak huis skoon en daarna sit sy op haar bed en stuur SMS’e aan haar vriend. Hy vertel dat hy met sy boeties raas as hulle baklei. Die navorser vra aan kind B waarvan hy hou. Hy sê hy hou van die piesang met kondensmelk en mayonnaise gereg wat sy ouma vir hulle maak. Hy sê voorts hulle was vyf en nou is hulle net vier, en hulle moet self sorg om geld te kry en moet hard werk.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser is van mening dat kind B die rol aanneem waarin hy na sy jonger boeties omsien. Die mening van die navorser spruit voort uit wat kind B vertel, dat sy ma nie teenwoordig is waar hulle speel nie en gereeld op haar bed sit en SMS’e aan haar vriend stuur. Dit is dan wanneer die

boeties onder mekaar baklei en kind B intree en met hulle raas. Hy vertel dat hulle in ‘n tweeslaapkamer- woonstel woon en dat hy en sy jonger broer meestal “playstation” speel.

Sessie 2.

- Doelwit van die sessie:
  Om die terapeutiese verhouding met kind B verder te versterk en sensoriese kontak deur middel van klei aan te moedig.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser verduidelik aan kind B dat hy enige iets uit die klei kan bou. Kind B maak ‘n mannetjie wat dans. Hy vertel die mannetjie is besig om plante in die tuin te plant. Hy vertel voorts dat die mannetjie “spray” treine en voeg by dat dit ‘n gelukkige mannetjie is, want hy het ‘n groot “smile”. Hy maak ook ‘n kleipot uit die klei. Hy laat die mannetjie teen die kleipot leun en sê dan dat die mannetjie staan en dink of sy gesin eendag gelukkig gaan wees. Hy vertel voorts dat die mannetjie aan sy stukkende bakkie werk, en daar is ‘n gat in die enjin en petrol loop daar uit. Hy sluit dan af deur te sê die mannetjie gaan kuier vir sy vriende met sy bakkie. Op die vraag van die navorser of hy graag ‘n ander kar eerder as die bakkie sou wou hê, sê hy dat hy nie’n Porsche soek nie, hy soek sy ou bakkie.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser het tydens die gesprek aan kind B gevra watter werk sy pa gedoen het. Hy het gesê sy pa was ‘n “spraypainter” wat die treine “gespray” het. Kind B vertel ook dat sy pa gereeld aan sy stukkende bakkie gewerk en vir sy vriende gaan kuier het. Uit sessie 2 is dit vir die navorser duidelik dat kind B homself in die skoene van sy pa plaas en dat hy tevrede is om soos sy pa te wees. Die navorser se mening is dat kind B

sy vader as ‘n gelukkige persoon beskou het deur te noem dat die mannetjie in sy kleiprojeksie ‘n groot “smile” het.

Sessie 3.

- Doelwit van die sessie:

  Om deur die benutting van bordkryte en die kleure daarvan die kind in die middelkinderjare te begelei tot uitdrukking van emosies rondom die oorlede ouer.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind B dat hy ten minste vier tot vyf verskillende kleure bordkryte van sy keuse moet rasper. Die navorser gee aan hom ‘n deurskynende houertjie en verduidelik dat hy ‘n kleur van sy keuse moet rasper en dan tussen die kleurkryte ‘n lagie wit kryt moet sit sodat daar ‘n duidelike skeiding tussen die kleure van die bordkryte is. Die houer gaan dan bestaan uit ‘n lagie kleurkryt, ‘n lagie witkryt, en weer ‘n lagie kleurkryt. ‘n Gesprek sal dan uit die aktiwiteit volg. Die houer waarin hy die lae bordkryte gooi, word dan syne om saam te vat huis toe.

  Kind B voer die opdrag van die navorser stiptelik uit. Hy wag egter elke keer dat die navorser hom aanmoedig deur te sê hy moet nou weer ‘n kleurkryt rasper. Kind B vra om sy hande te gaan was nadat hy die kryte gerasper en dit in die houertjie gegooi het. Kind B kom terug en neem plaas. Daarna volg ‘n geprek oor die kleurkryte in die houertjie. Kind B sê dat hy pienk eerste gekies het aangesien dit vir hom mooi lyk. Hy sê pienk sal mooi lyk onder blou. Die blou is vir hom die blou lug. Hy sê dat Jesus engele stuur om mense se harte te kom haal wanneer hulle doodgaan. Hy wys na die lagie wit kryt wat tussen die kleurkryte is en sê die engele is wit en vlieg met hulle vlerke. Die pers kleur wat kind B gekies het, koppel hy aan sy ma en hy sê dat sy ma vir hulle goed is en vir hulle kos gee en in die bed sit. Hy vertel hulle straf is soms dat hulle nie televisie mag kyk nie.

Die oranje kleur laat hom dink aan bome en diere. Met die gesprek vra die navorser aan kind B van watter kleur sy pa gehou het. Hy sê sy pa het van swart gehou. Sy pa het altyd ‘n swart T-hemp sonder moue en ‘n groen broek gedra. Kind B sê sy pa het nooit slegte goed gedoen nie en hy het altyd saam met hulle televisie gekyk of speletjies gespeel. Die navorser het ervaar dat kind B graag oor sy oorlede pa wou gesels. Sy het hom aangemoedig om oor sy pa te gesels deur hom te vra of hulle agtergekom dat sy pa dalk oor iets bekommerd was. Hierop het hy geantwoord dat die buurman gedink het sy pa was bekommerd oor iets, maar sy pa het nie met hulle daaroor gepraat nie.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser is van mening dat kind B nie emosionele probleme het aangaande sy belewenis dat sy pa in die hemel, by Jesus is nie. Verder is die navorser van mening dat kind B se belewenis is dat hy ‘n goeie pa gehad het wat teenoor almal goed was.

Sessie 4.

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot die verbale uitdrukking van emosies rondom die dood van die ouer deur middel van die gebruik van die *memory box*.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind B dat hy gedagtes waaraan hy dink oor sy oorlede pa op die kaartjies gaan neerskryf. Daarna gaan hy en die navorser daaroor gesels. Die kaartjies gaan dan in die *memory box* gegooi word. Die boksie kan hy na afloop van die sessie huis toe vat. Kind B begin dadelik en hy skryf gedagtes op die kaartjies. Kind B en die navorser gesels oor sy gedagtes wat hy op die kaartjies geskryf het. Hy vertel dat hulle as gesin altyd saam skottelgoed gewas het. Hulle het dan musiek geluister en saamgesing. Hy vertel dat sy ma van die liedjie

“Heaven” gehou het en sy pa van die liedjie “Poison”. En dan het sy pa saamgesing “ your lips are full of poison and I can not kiss you”. Hy sê voorts dat dit was goeie tye wat hulle saam gehad het, en hy voeg by “nou moet hulle jaag om betyds te wees in die oggende”.

Op die ander kaarte het kind B geskryf dat hulle saam pizza geëet het en dat sy pa met hulle gespeel het. Hulle het gaan rus as hulle klaar huis skoongemaak het.

- Evaluering van die sessie:
  Kind B het baie aangename tye saam met sy pa onthou. Hy het goeie herinneringe.

Sessie 5.

- Doelwit van die sessie:
  Om meer uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood te fasiliteer met behulp van verf as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:
  Kind B verf ‘n boom. Hy vertel sy boom lyk amper soos ‘n Kersboom. Hy sê ‘n mens gebruik die hout om papier van te maak. Hy sê ook, partykeer kap mense die boom af en dan sit hulle dit in die Colonnade Winkelsentrum of by ander winkelsentrums. Die navorser vra aan kind B wat daar in die prent is waaroor hy nog wil gesels. Hy vertel van die klip in sy prent wat vir hom spesiaal is. Hy sê dat die klip soms apies lok om daarop te gaan sit en in die son te bak as hulle koud kry. Hy sê daar is in sy prent wolke voor die son. Hy herhaal homself en sê dit is bewolk. Die navorser vra hom wat maak dat dit bewolk is? Hy sê die reën gaan in die wolke in en as dit reën, val die water op die grond.

Met die afsluiting, berei die navorser kind B op die volgende sessie voor. Haar beplanning vir die volgende sessie is die sandbak en speelgoed.

- Evaluering van die sessie:

  Kind B het genoem dat daar in sy prent wolke voor die son is. Die navorser se mening is dat kind B moontlik aandui dat dit bewolk is in sy lewe sonder sy pa. Hy herhaal in sy gesprek dat dit bewolk is. Die navorser is van mening dat kind B moontlik depressief voel. Die sessies met kind B was in die middel van die jaar en reeds praat hy van ‘n Kersboom. Die navorser is van mening dat kind B reeds aan Kersfees dink, ‘n Kersfees sonder sy pa. Die navorser se mening is dat kind B in die hartseerfase van sy rouproses is, en sy meen daar is dalk ‘n dieper betekenis in die opmerking van kind B waar hy noem dat die klip vir hom spesiaal is, waarop apies sit as hulle koud kry om in die son te sit en bak. Die navorser is van mening dat kind B die klip dalk sien as ‘n spesiale plek wat opgesoek kan word om getroos te word as hy hartseer is, en waar hy weer krag kry.

Sessie 6.

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot verdere uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood met behulp van die sandbak as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Kind B begin dadelik en sit die speelgoed in die sandbak. Hy vertel dat die leeu die perd wil vang en die polisie moet gebel word om die leeu daar weg te kry. Kind B sê die rooi perdjie is die mammaperd wat die leeu wegjaag. Kind B wys na die soldaatmannetjie en sê die man in die hoek kyk dat daar nie “ouens” doodgaan nie. Hy sê voorts, die leeu sal die mense opvreet. Die navorser het waargeneem dat kind B vasgevang was in gedagtes rondom die dood, en die gevaar van die leeu wat mense

opvreet. Sy het besluit om kind B met die volgende sessie van die hier-en-nou bewus te probeer maak.

- Evaluering van die sessie:
  Kind B beskou die leeu as ‘n gevaar. Die leeu wil mense opvreet. Kind B beskou die “mammaperd” as die beskermer wat die leeu moet wegjaag.

Sessie 7.

- Doelwit van die sessie:
  Om deur middel van ‘n afskeidsbrief die kind te begelei om van die oorlede ouer afskeid te neem.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser vra aan kind B om ‘n afskeidsbrief aan sy pa te skryf. Kind B skryf net een sin in sy afskeidsbrief. Kind B vertel aan die navorser vertel dat hy sy pa vergewe het vir wat sy pa gedoen het. Hy het ‘n bietjie daaroor gesels en skielik gestop, en toe nie verder daaroor te gesels nie. Die navorser vra hom waarvoor hy sy pa vergewe het. Hy antwoord, omdat hy selfmoord gepleeg het. Die navorser ervaar dat sy nie verder op die onderwerp moet ingaan nie. Kind B het ook bewoë voorgekom en voor hom uit gestaar.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser het begrip vir kind B getoon en was van mening dat hy die hier-en-nou werklikheid hanteer en hom met die werklikheid van sy pa se dood vereenselwig het.

  Die navorser was van mening dat kind B se godsdienstige struktuur hom deurgedra het en dat kind B glo dat sy pa nou in die hemel is.

Die navorser het kind B aan die einde van die sessie op die volgende sessie voorberei.

Sessie 8.

- Doelwit van die sessie:
  Om die terapiesessies op ‘n sinvolle wyse te termineer.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser verduidelik aan kind B dat dit die laaste sessie is.

Die navorser vra dat kind B ‘n tekening van homself maak en sy ondersteuningsisteme se name langs sy tekening óf neerskryf óf teken.

Kind B begin dadelik met die tekening van homself. Hy skryf sy ondersteuningsisteme se name langs die tekening van homself neer.

Kind B het sy ma, ouma, oupa en onderwyser se name neergeskryf. Die navorser gesels met hom oor sy tekening en ondersteuningstelsel. Sy vertel aan kind B dat hy nie alleen is nie en dat hy enige tyd na een van die mense wat hy vertrou en wat hy as sy ondersteuningstelsel genoem het, kan gaan as hy ‘n probleem het. Die navorser het gepoog om kind B op hierdie wyse te bemagtig deur hom te laat besef dat hy vir hulp kan vra, wanneer hy hulp nodig het. Die navorser se mening was dat dit vir kind B nodig was om te hoor dat hy vir hulp kan vra as hy dit nodig het. Die omstandighede waarin kind B se vader oorlede is, het dié gesprek noodsaaklik gemaak, veral in die lig daarvan dat kind B vertel het dat dit net die buurman was wat opgelet het dat kind B se vader voor sy dood bekommerd was.

Kind B en die navorser knip kaartjies uit karton. Elkeen skryf ‘n boodskap daarop. Hulle lees die boodskap hardop vir mekaar en sê totsiens.

- Evaluasie deur die ouer:

  Kind B se moeder het aangedui dat hy makliker oor die dood van sy vader praat nadat hy terapie ondergaan het.

### 3.2.3 Kind C

- Agtergrond:

  Kind C is ‘n twaalf jarige dogter wat tans in graad 7 is. Beide ouers van kind C is oorlede, sy is tans in ‘n kinderhuis. Kind C was vroeër in pleegsorg, maar omstandighede was nie gunstig nie en haar enigste broer het gevra dat sy na die kinderhuis geskuif word waar sy tans is. Die kinderhuismoeder het ‘n sterk vermoede dat kind C by die pleegsorg waar sy was gemolesteer is en dat haar broer dit agtergekom en haar daarom na die kinderhuis laat verplaas het.

- Doelwit van Sessie 1:

  Om ‘n vertrouensverhouding met kind C te bou.

- Verloop van die sessie:

  Die eerste sessie het gegaan oor verhoudingbou tussen die navorser en die kind. Die navorser verduidelik aan kind C wat hulle alles gaan doen. Die navorser verduidelik dit aan kind C as deel van verhoudingbou en dat sy die navorser kan vertrou en dat daar geen verrassings sal wees nie. Die navorser verduidelik ook aan kind C dat sy ‘n video en notas gaan neem. Sy verduidelik ook die vertroulikheidsaspek aan kind C. Die navorser het dit nodig gevind om kind C op haar gemak te stel, aangesien die kinderhuismoeder van mening was dat kind C soms baie stil word en maklik onttrek.

  Kind C het na die gesprek meer gemaklik voorgekom.

Die navorser vra kind C om ‘n tekening van haarself en haar gesin te maak. Kind C teken haarself en haar broer in die gesinstekening. Kind C sê aan die navorser haar broer is haar beste vriend en sy voeg by dat sy baie lief is vir hom en dat sy nie sal weet wat om te doen as hy nie meer daar is nie.

Kind C vertel van haar “eks-vriendin” wat bloed van ‘n vark gedrink het en dat sy nie nou meer haar vriendin is nie. Die navorser het dit nodig geag om haar te vertel dat sy liewer nie met verkeerde vriende en vriendinne gemoeid moet raak nie.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser het met kind C oor haar ouers gesels. Sy onthou haar pa beter as haar ma. Haar pa is Maart 2008 oorlede en haar ma toe sy maar 6 jaar oud was. Terwyl kind C se ouers nog geleef het, is kind C en haar broer in pleegsorg geplaas. Kind C het ook aan die navorser ‘n koerantuitknipsels gewys waarin daar bespiegel is waaraan haar pa gesterf het. Die koerante het eers beweer dat dit ‘n inbraak was waarin haar pa gedood is.  Daarna was daar ‘n tweede koerantberig waarin beweer is dat kind C se vader moontlik ‘n hartaanval gekry en toe tydens die hartaanval in ‘n mes geval het. Die meswond het die twyfel veroorsaak of dit woord was of nie. Haar ma is aan ‘n hartaanval dood.

  Kind C kom gelukkig voor en uit die gesprek is dit duidelik dat sy leef vir die tye wat sy haar broer weer kan sien. Sy sien hom op ‘n gereelde basis.

Sessie 2.

- Doelwit van die sessie:

  Om die terapeutiese verhouding met kind C verder te versterk en om sensoriese kontak deur middel van klei aan te moedig.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser vra aan kind C om iets van haar keuse te maak. Kind C maak dadelik twee varkies uit die klei. Dit is vir die navorser interessant en sy vra aan kind C om vir haar te demonstreer hoe sy dit gedoen het. Kind C is baie kunssinnig en sy is gretig om haar kennis oor te dra. Die navorser komplimenteer haar oor haar kunswerk. Kind C sê met trots aan die navorser dat sy ander kunswerke ook doen. Sy sê die twee varkies is sy en haar broer. Die "broervarkie" het sy groter as haarself gemaak.

  Kind C vertel aan die navorser dat sy saam met haar broer en die mense by wie hy bly vir 13 dae see toe gegaan het.

- Evaluering van die sessie:

  Kind C het met gemak oor haar lewe gepraat. Die navorser het ervaar dat kind C haar in haar vertoue geneem het en dat 'n goeie verhouding gesmee is.

Sessie 3.

- Doelwit van die sessie:

  Om deur die benutting van bordkryte en die kleure daarvan die kind in die middelkinderjare tot uitdrukking van emosies rondom die oorlede ouers te begelei.

- Verloop van die sessie:

  Kind C rasper die bordkryte en plaas die volgende kleure bordkryt in die houertjie: Groen/blou, wit, pers, wit, pienk. Kind C vertel dat sy haar pa beter onthou as vir haar ma. Sy koppel die blou kleur aan haar pa en sê sy dink haar ma het van rooi gehou. Die rede daarvoor, voer sy aan, is omdat sy kan onthou dat hulle rooi tuinstoele gehad het. Sy gaan voort en sê al was hulle nie ryk nie, het haar ma en pa goed vir hulle probeer sorg.

Sy sê sy verlang na haar pa, hy het hulle altyd drukkies en soentjies gegee.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser se waarneming is dat kind C goeie herinneringe aan haar ouers het en dat sy hulle mis.

Sessie 4.

- Doelwit van die sessie:
  Om die kind te bemagtig tot die verbale uitdrukking van emosies rondom die dood van die ouers deur middel van die gebruik van die *memory box*.

- Verloop van die sessie:
  Kind C oefen haar keuse uit oor watter boks sy wil gebruik sowel as die keuse van oortrekpapier vir die boksie. Kind C skryf gedagtes aangaande haar ouers op die kaartjies neer. Soos die navorser en sy daaroor praat, plaas sy die kaartjie in die boksie. Sy vertel dat haar pa en ma goed vir hulle gesorg het en lief was vir haar en haar broer. Sy vertel dat haar pa haar broer geleer het om sop te maak en toe brand haar broer op 'n dag sy hand met die warm sop. Sy sê dat sy oor enige iets met haar broer kan praat. Wanneer die navorser egter verder wil eksploreer, toon kind C weerstand. Die navorser respekteer die weerstand en vra nie verder uit nie.

  Die navorser vra aan kind C wat sy die beste van haar ouers onthou. Hierop antwoord sy dat sy 'n houtkruisie het wat haar pa vir haar gemaak het en sy bêre dit in haar Bybel.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser is van mening dat kind C grense kan stel. Kind C het genoem dat sy en haar broer oor enige iets kan gesels, maar sy wou

duidelik nie uitwei waaroor sy en haar broer praat nie en het die grens gestel deur te antwoord “sommer privaat goed”.

Uit die gesprek met kind C het die navorser waargeneem dat sy besondere waarde heg aan die houtkruisie wat haar pa vir haar gemaak het. Die navorser is van mening dat kind C troos vind in die besit van die kruisie wat sy in haar Bybel bewaar.

Sessie 5.

- Doelwit van die sessie:
  Om uitdrukking van emosies rondom die ouer(s) se dood met behulp van verf as projeksietegniek te fasiliteer.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser gee aan kind C ‘n verfkwas en verf. Die navorser sê kind C kan iets van haar keuse verf. Kind C sê aan die navorser sy is onseker wat sy moet verf. Hierop sê die navorser weer enige iets wat sy wil. Kind C gebruik die volle bladsy en verf ‘n reënboog, die hele bladsy vol. Sy sit blommetjies bo-op die reënboog. Sy vertel dat sy ‘n karaktertekening vir haar broer gemaak het en dit op sy kas geverf het. Sy vertel dat sy ook skoenlappers op sy kas geverf het. Die navorser vra haar uit oor haar prent en sy sê die prentjies wat bo-op die reënboog geverf is, is vir haar manlik en vroulik. Die vroulike een is ook kleiner as die manlike een. Die navorser sluit af met selfvertroeteling en bemagtiging deur aan kind C te vra van watter kleur sy die meeste hou. Sy sê, sy hou die meeste van pers.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser neem waar dat kind C telkemale in haar gesprek terugbeweeg na haar broer en wat hulle saam doen. Die navorser is van mening dat kind C en haar broer net mekaar oor het en dus sterker op

mekaar aangewese is. Die navorser besluit om met die sessies wat nog oorbly haar vermoede te toets.

Sessie 6.

- Doelwit van die sessie:
  Om die kind te bemagtig tot verdere uitdrukking van emosies rondom die ouer(s) se dood met behulp van die sandbak as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser vra kind C om die speelgoed in die sandbak te plaas soos sy dit graag wil doen. Die keuse is ook om al die speelgoed of net sommige te benut. Kind C gebruik net sommige van die speelgoed. Sy plaas twee perde en ‘n blom in die sandbak en wys die “mammaperd” en die “kindperd” uit. Die blom is iets waarmee hulle speel. Sy sê voorts jy moet iemand hê om mee te praat wanneer jy hartseer is, en oor goed wat jou pla. Sy voeg by, “nie soos die blou perdjie wat alleen en selfsugtig is nie”. Sy sê almal in die sandbak is gelyk.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser vra toe aan kind C of sy nog ‘n speelding in die sandbak wil byvoeg. Sy voeg die bul by en sê dat die bul sal die ander om verskoning vra omdat hy so mislik was met sy vriende. Die navorser vra aan kind C watter waarde die sandbaksessie vir haar gehad het. Kind C sê dat sy uit die sandbaksessie geleer het almal moet gelyk wees, vriendelik wees, en nie mislik wees nie.

Die navorser se mening is dat die terapiesessies vir kind C van waarde is, aangesien sy kan reflekteer op wat sy in die terapiesessies leer. Sy kom dus self tot die antwoord waar sy noem, “jy moet iemand hê om mee te praat as jy hartseer is, en oor goed wat jou pla”.

Sessie 7.

- Doelwit van die sessie:

  Om deur middel van ‘n afskeidsbrief die kind te begelei om van die oorlede ouer(s) afskeid te neem.

- Verloop van die sessie:

  Kind C voel onseker oor wat sy in die afskeidsbrief moet skryf en sy vra aan die navorser wat sy moet skryf. Die navorser antwoord sy kan enige iets skryf. Sy skryf ‘n afskeidsbrief aan haar pa en ma. Sy skryf om dankie te sê vir haar pa en ma dat hulle lief was vir haar en haar boetie. Sy sê dat sy hulle eendag in die hemel sal sien en sluit af.

- Evaluering van Sessie 7:

  Die navorser is van mening dat daar by kind C ‘n verlange is na iemand om mee te gesels oor dit wat haar hartseer en ongelukkig maak.

Sessie 8.

- Doelwit van die sessie:

  Om die terapiesessies op ‘n sinvolle wyse te termineer.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind C dat hulle met die laaste sessie oor haar ondersteuningstelsel gaan gesels en daarna elkeen ‘n kaartjie gaan maak om vir mekaar totsiens te sê. Die navorser rig ‘n uitnodiging aan kind C en sê dat sy welkom is om die navorser enige tyd te kontak, sou sy die behoefte ondervind om weer te gesels.

  Die navorser vra dat kind C ‘n prent van haarself teken. Die navorser vra haar ook om haar ondersteuningstelsel óf neer te skryf óf te teken op dieselfde vel papier waarop sy haarself geteken het. Kind C verkies om net haar ondersteuningstelsels se name langs die tekening van haarself

neer te skryf. Dit is haar broer, twee ander kinders saam met haar in die kinderhuis, en die kinderhuismoeder. Die navorser en kind C gesels oor haar ondersteuningstelsel en dat sy moet weet daar is mense wat sal help as sy probleme het. Die navorser en kind C maak vir mekaar 'n kaartjie. Hulle ruil dit met mekaar uit en lees dit hardop vir mekaar voor. Kind C ontvang 'n sjokolade as present van die navorser.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser het ervaar dat kind C met tye onseker voorgekom het en dan vra wat sy moet doen. Alhoewel kind C met redelike vertroue oor haar ondersteuningstelsel gepraat het, het die navorser ervaar dat sy inderwaarheid net haar broer het om op te steun. Kind C se broer was die een wat haar gehelp het toe daar probleme by die pleegouers was.

- Evaluering deur die kinderhuismoeder:
  Die kinderhuismoeder het opgemerk dat kind C nie meer so emosioneel is nie. Sy het aangedui dat die verhouding tussen kind C en haar broer op 'n meer normale vlak van funksionering is. Volgens die kinderhuismoeder het kind C nie meer die oorheersende behoefte om die heeltyd by haar broer te wees nie. Die kinderhuismoeder het ook gemeld dat kind C aanvanklik bang was haar broer kom ook iets oor, vandaar die oorheersende behoefte om die heeltyd by hom te wees.

  Die kinderhuismoeder is van mening dat kind C baat gevind het by die terapie.

### 3.2.4 Kind D.

- Agtergrond:
  Kind D is 'n elf jarige dogter. Haar ma is aan asma dood toe kind D vier jaar oud was. Haar pa leef nog, maar het geen kontak met haar nie. Kind D het wel met haar ouma wat vir haar soos 'n ma figuur was, kontak

gehad totdat sy ‘n paar maande gelede oorlede is. Kind D was baie lief vir haar ouma. Kind D gaan kuier soms vir haar tante. Dit is die suster aan haar pa se kant. Tydens die besoeke aan haar tante het kind D dan ook haar ouma besoek, aangesien haar ouma by haar tante gewoon het. Kind D het volgens die kinderhuismoeder ‘n agterstand in wiskunde en sommige ander vakke gehad. Die kinderhuismoeder het haar laat oorplaas na ‘n Spesiale Onderwys skool vir spesiale onderwys om met die agterstand in die vakke te help. Volgens die kinderhuismoeder het kind D baie leuens vertel toe sy aanvanklik by die kinderhuis begin het. Die kinderhuismoeder het ook genoem dat kind D soms op 'n laer ontwikkelingsvlak optree.

- Doelwit van Sessie 1:
  Om ‘n vertrouensverhouding met kind D te bou.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser verduidelik aan kind D wat hulle met elke sessie gaan doen. Kind D toon dat sy gretig was om te begin. Sy begin dadelik met die tekening van haarself en doen die gesinstekening tweede. Die navorser gesels met kind D oor haar tekening. Kind D sê die tekening van haarself is waar sy by die visdam is. Die navorser se eerste indruk van die tekening was dat dit werk is wat ‘n jonger kind sou doen. Die tekening was nie op die vlak van ‘n elf jarige nie. Haar gesintekening bestaan uit kind D se oom, tante, kind D self en haar nefie en niggie. Wat interessant in die tekening was, is dat kind D haarself langs haar tante geteken het en die nefie en niggie aan die anderkant van haarself.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser en kind D het goeie aanklank by mekaar gevind en maklik by mekaar ingeskakel. Die navorser se indruk van kind D was dat sy ‘n dogter is wat met’n bietjie aandag en liefde sal floreer. Kind D het maklik

oor haarself gesels. Die navorser het ervaar dat ‘n goeie basis vir ‘n vertrouensverhouding met kind D gelê is.

Sessie 2:

- Doelwit van die sessie:

  Om die terapeutiese verhouding met kind D verder te versterk en om sensoriese kontak deur middel van klei aan te moedig.

- Verloop van die sessie:

  Kind D vertel onmiddellik met die aanvang van die sessie dat daar nog iemand van haar familie dood is. Sy haar ouma is dood. Die navorser vra hoe oud haar ouma was en wanneer dit gebeur het. Kind D vertel dat haar ouma gedurende die skoolvakansie oorlede is en haar tante haar eers drie dae daarna laat weet het. Na die gesprek gee die navorser klei aan kind D en vra dat sy iets van haar keuse uit die klei moet maak. Kind D maak ‘n blommetjie uit die klei. Kind D sê dis ‘n blommetjie vir haar ouma wat dood is en sy voeg by dat sy laas aan haar ouma beloof het om vir haar ‘n foto van haarself en haar ouma te gee. Sy het egter nie tyd gehad om dit te doen nie. Die navorser en kind D praat toe oor hoe sy by haar behoefte om haar belofte na te kom, kan uitkom. Kind D spring dadelik weer aan die werk en plaas nog iets van klei by haar blommetjie. Die navorser vra wat dit is. Sy dat dit die hemel is. Sy maak ook ‘n ballon uit die klei en sê sy stuur die foto van haarself en haar ouma met die ballon na haar ouma in die hemel. Die navorser het die aanvoeling gehad dat kind D nodig gehad het om ‘n fisieke aksie uit te voer waar die “foto” in die ballon gesit word en die handeling uitgevoer  word. Daar moet ook nie getalm word met die verloop tussen die gevoel van behoeftebevrediging en die uitvoer van die handeling nie. Daarom stel die navorser aan kind D voor dat sy met die volgende sessie ‘n ballon sal saam bring en dat kind D dan die “foto” in die ballon kan sit en hemel toe kan stuur. Kind D het voeg by dat

sy ‘n briefie ook wil bysit, sodat haar ouma kan sien die foto kom van haar af.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser was van mening dat kind D nie kon wag om die navorser weer te sien om die nuus van haar ouma se dood aan haar mee te deel nie. Uit die gesprek met kind D het dit vir die navorser duidelik geblyk dat haar ouma se dood haar nader aan die hart gelê het as haar ma se dood wat baie jare gelede plaasgevind het. Uit die gesprek het dit ook duidelik geword dat kind D nodig gehad het om oor haar ouma se dood meer te praat as oor haar ma se dood. Die navorser het kind D laat begaan om oor haar ouma en haar dood te praat, aangesien die navorser ervaar het dat kind D se ouma vir haar soos die ma was wat sy baie vroeg in haar lewe aan die dood moes afstaan. Dit was vir die navorser ook kenmerkend dat kind D dadelik met die instapslag vir die navorser gesê het dat haar ouma oorlede is, nog voor sy by die tafel gaan sit het. Dit was nie vir die navorser eers nodig om kind D aan te moedig om in gesprek te tree nie. Dit dui ook daarop dat kind D die navorser vertrou en dat sy graag met die navorser oor haar ouma wou gesels. Die dood van kind D se ouma was op haar voorgrond, sodat haar emosies daaromtrent dadelik hanteer kon word.

Sessie 3:

- Doelwit van die sessie:

  Om deur die benutting van bordkryte en die kleure daarvan die kind in die middelkinderjare tot uitdrukking van emosies rondom die oorlede ouer te begelei.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind D wat hulle in Sessie 3 gaan doen. Kind D begin dadelik begin bordkryte rasper. Sy gooi die bordkryte in lagies in

die volgende volgorde in die houertjie: pienk, wit, ligte pienk, wit, geel, wit, blou, wit, pers, wit, groen. Die navorser en kind D begin oor die kleure gesels en waarom kind D die spesifieke kleure gekies het. Sy begin by die pienk kleur en sê sy het pienk gevat omdat sy eintlik rooi daarmee wou aandui. Sy sê sy kan onthou hulle het rooi stoepbankies gehad. Sy hou van pienk. Sy sê as sy 'n kamer op haar eie sou gehad het, sou sy pienk blommetjies in haar kamer wou hê. Sy het die geel kleur gekies, omdat sy die geel ballon gesien het wat die navorser saamgebring het. Die blou het kind D aan die hemel laat dink. Sy het gesê haar ma en ouma is in die hemel. Sy het gesê haar ma het van pers gehou. Die groen kleur het haar aan groen gras laat dink. Aan die einde van die sessie gaan die navorser en kind D oor om die briefie aan haar ouma te skryf en die ballon op te blaas en die ballon vry te laat met die briefie daarin.
Die navorser het ervaar dat kind D se gedagtes verdeeld was tussen die kamer wat sy vir haarself gevisualiseer het en haar behoefte om 'n foto van haarself en haar ouma aan haar ouma te stuur.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser se mening was dat alhoewel die sessie op die bordkrytprojeksie gefokus was, kind D baie graag haar behoefte wou bevredig om die "foto" en briefie in die opgeblaasde ballon na die hemel toe te stuur. Met hierdie sessie het die navorser in samevloeiing met kind D se behoefte gegaan.

  Kind D het tussendeur, terwyl sy die kryte gerasper het, gesê haar arm word moeg. Die feit dat kind D vry gevoel het om sonder pretensie uitdrukking aan haar emosie te gee en dit kon uitspreek, het aan die navorser getoon dat verhoudingbou plaasgevind het. Dit was vir die navorser ook 'n aanduiding dat kind D by die hier-en-nou is en dat sy uitdrukking aan haar emosie van 'n moeë arm kon gee.

Sessie 4.

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot die verbale uitdrukking van emosies rondom die dood van die ouer deur middel van die gebruik van die *memory box*.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser gee kind D ‘n keuse oor watter boksie om oor te trek en met watter kleur papier. Kind D is gretig om die boksie oor te trek en begin om gedagtes op die kaartjies te skryf. Kind D kry die geleentheid om self te besluit of sy gedagtes oor haar ouma, ma of albei wil skryf. Kind D besluit sy wil oor haar ma en ouma gesels.

  Kind D sê haar ma was altyd vriendelik en het vir haar “chappies” en sjokolade met neute en rosyntjies gegee. Sy sê haar ma het altyd die buurvrou gegroet. Sy sê haar ouma was altyd “cheery” en het vir haar roomys gegee. Sy praat verder oor haar ouma, en sê as sy iets verkeerds gedoen het, het haar ouma haar altyd vergewe. Sy praat weer oor die foto wat sy nog vir haar ouma wou gee en toe nie die geleentheid gehad het om dit te doen nie. Sy sê haar ouma was baie lief vir haar. Ter afsluiting van die gedagtes wat sy op die kaartjies geskryf het, sê kind D dat haar ouma en ma altyd ‘n plekkie in haar hart en gedagtes sal hê.

- Evaluering van sessie 4:

  Die navorser is van mening dat kind D goeie herinneringe aan haar ouma en haar ma het. Die navorser het ervaar dat kind D baie na aan haar ouma was en dat haar ouma se dood vir haar ‘n skok was.

Sessie 5:

- Doelwit van die sessie:

  Om uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood met behulp van verf as projeksietegniek te fasiliteer.

- Verloop van die sessie:

  Kind D vra aan die navorser wat sy moet verf. Die navorser sê, net wat sy wil. Kind D verf 'n prent met strepe kleure regoor die bladsy. Sy verduidelik die blou verf is die wolke, die groen verf is die gras, die rooi verf is Jesus se bloed en dan sê sy "sand soos hoe dit gelyk het". Die sandgedeelte maak nie vir die navorser sin nie, maar sy laat dit daar. Die navorser vra aan kind D wat het sy bedoel toe sy gesê het dat die rooi verf is Jesus se bloed. Sy sê Jesus is ons Pa en Jesus het haar ouma en ma weggevat. Aangesien kind D self van Jesus gepraat het, was die navorser van mening dat dit gepas sal wees om kind D tot die hier-en-nou te bring deur haar te vra waar haar ouma en ma nou is. Kind D reken haar ma en ouma is in die hemel.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser se mening is dat kind D deur die projeksie direktiewe uitdrukking aan haar emosies gegee het. Kind D het van al die kleure tot haar beskikking gebruik gemaak.

Sessie 6:

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot verdere uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood met behulp van die sandbak as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Kind D begin die speelgoed gretig in die sandbak sit. Toe sy daarmee klaar is, gesels kind D en die navorser daaroor. Kind D sê Jesus en die perd het oorleef, al die ander in die sandbak is dood. Kind D sê die bees in die sandbak is haar ouma en die blou perdjie is haar ma. Sy sê haar ma het asma gehad en is dood van weë asemnood. Kind D vertel dat daar probleme met haar ouma se medikasie was en sy het al hoe sieker geword en toe gaan sy dood. Aan die einde van die sessie vra kind D dat

die navorser met die laaste sessie vir haar sjokolade en “chappies” moet bring.

- Evaluering van die sessie:

  Aan die einde van die sessie met die wegpak van die speelgoed het kind D met twee stokkies wat nog in die sand was, begin speel. Sy het ‘n kruis gemaak en gesê dit is Jesus se kruis. Vir die navorser was dit duidelik dat kind D nog baie behoefte gehad het om oor haar ouma te praat. Die stokkies, klippies en sand wat toevallig in die sandbak was, het kind D gebruik om mee te werk en haar rouproses sodoende verder uitgespeel. Dit was vir die navorser asof kind D nog ‘n sessie begin het met dit wat sy voor haar gehad het, en dit het voorgekom asof kind D toe nie die voltooidheid rondom haar ouma se dood bereik het nie. Kind D het nodig gehad om haar ouma se dood verder uit te speel.

Sessie 7:

- Doelwit van die sessie:

  Om deur middel van ‘n afskeidsbrief die kind te begelei om van die oorlede ouer afskeid te neem.

- Verloop van die sessie:

  Die sessie word aan die skryf van ‘n brief gewy. Kind D skryf ‘n afskeidsbrief aan haar ouma. Die navorser respekteer kind D se besluit. Kind D se ouma was vir haar soos ‘n ma. Haar ouma se dood was baie onlangs en dus op haar voorgrond. Kind D se brief aan haar ouma was baie hartseer. Sy skryf dat sy haar ouma nooit sal vergeet nie en dat sy baie na haar ouma verlang en aan haar dink, veral as sy alleen voel. Kind D skryf, as sy alleen voel, dan kyk sy net na die blou lug, en onthou dat haar ouma beloof het dat sy altyd haar hand sal vashou.

Aan die einde van die sessie belowe die navorser kind D dat sy sjokolade en “chappies” sal bring soos kind D gevra het.

- Evaluering van die sessie:
  Kind D het haar afskeidsbrief aan haar ouma hardop vir die navorser gelees. Die navorser se mening was dat dit vir kind D goed was om haar eie woorde te hoor, dit op skrif te sien en die emosie te ervaar, veral aangesien kind D gesê het sy kan nie ophou dink aan haar ouma nie. Dit het moontlik vertroosting gebring in die wete dat kind D se ouma werklik oorlede is. Kind D het ook genoem dat sy nie kon ophou huil toe sy die nuus van haar ouma se dood gehoor het nie. Kind D het volgens die navorser erkenning aan haar harseergevoelens gegee en sy kon die emosie verwoord.

Sessie 8:

- Doelwit van die sessie:
  Om die terapiesessies op ‘n sinvolle wyse te termineer.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser vra aan kind D om ‘n tekening van haarself te maak en ook haar ondersteuningstelsels langsaan die tekening te skryf of te teken. Kind D teken haarself klein in die hoek van die bladsy en skryf groot “Howzit ouma?”. Eers toe die navorser weer aan kind D vra dat sy haar ondersteuningstelsel moet teken of moet neerskryf, doen sy dit. Kind D skryf die kinderhuismoeder se naam, haar oom en tante se name, haar onderwyseres se naam, asook die navorser se naam neer. Sy skryf ook twee van die dogters wat saam met haar by die kinderhuis is se name ook neer.

  Die navorser gee aan kind D ‘n harde karton, ‘n skêr en ‘n pen vir die maak van ‘n kaartjie. Die navorser verduidelik aan kind D dat hulle ‘n

kaartjie aan mekaar gaan gee om totsiens te sê. Die navorser nooi kind D uit om haar te kontak as sy die behoefte ondervind om weer te gesels. Aan die einde van die sessie word die kaartjies hardop gelees. Die navorser gee aan kind D ‘n geskenkie wat uit sjokolade en “chappies” bestaan, soos kind D versoek het.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser se mening is dat kind D onwillig voorgekom het om ‘n tekening van haarself te maak. Dit het voorgekom asof kind D graag net met haar ouma wou kontak maak. Vandaar die “Howzit ouma?”. Dit het vir die navorser voorgekom asof kind D die opdrag net uitgevoer het omdat dit versoek is, terwyl haar gedagtes eintlik by haar ouma was om “hallo”te sê en nog nie “totsiens” nie.

  Die navorser was ook van mening dat kind D ‘n baie sensitiewe persoon is, en dat sy taamlik vinnig geheg raak aan mense wat sy in haar vertroue neem. Aan die einde van die sessie het kind D saam met die navorser na haar motor gestap en haar gehelp om haar goed in die kar te sit. Kind D het ook vir haar die hek oopgemaak om te ry en totsiens gewuif.

- Evaluering deur die kinderhuismoeder:

  Die kinderhuismoeder het daarop gewys dat kind D se moeder te lank gelede al oorlede is. Die kinderhuismoeder het ook nie ervaar dat kind D se optrede en emosies na die terapie anders was as voor die terapie nie.

### 3.2.5 Kind E:

- Agtergrond:

  Kind E is ‘n tien jarige dogter in graad 3. Haar moeder is in Desember 2007 oorlede. Sy weet haar moeder was siek voor sy gesterf het. Sy en haar moeder het saam met haar ouma en oupa gewoon. Haar pa was nie met haar ma getroud nie. Haar pa en sy vrou woon in die volgende dorp,

nie te ver van waar sy en haar grootouers woon nie. Haar pa besoek haar gereeld.

- Doelwit van die sessie:
  Om ‘n vertrouensverhouding met kind E te bou.

- Verloop van die sessie:
  Die eerste sessie bestaan uit verhoudingbou waar die navorser kind E vra om haarself en dan haar gesin te teken. Kind E is ‘n vlytige dogter en begin dadelik die kryte uitpak en teken. Sy teken haarself en haar beste vriendin eerste en dan die gesin wat uit haar ma, oom en tante bestaan. Sy teken nie haarself, haar ouma en oupa in die gesinstekening nie.

- Evaluering van die sessie:
  Kind E het vir die navorser voorgekom as ‘n skaam en skugter meisie met ‘n groot hartseer. Die navorser kon duidelik ervaar dat kind E se hartseer baie vlak lê en dat sy haar ma baie mis.

Sessie 2:

- Doelwit van die sessie:
  Om die terapeutiese verhouding met kind E verder te versterk en om sensoriese kontak deur middel van klei aan te moedig.

- Verloop van die sessie:
  Sessie 2 bestaan uit die sensoriese bewusmaking deur die gebruik van klei. Die navorser vra kind E om enige iets van haar keuse uit klei te maak. Sy maak ‘n blommetjie uit klei, wat sy tussen twee mense plaas. Sy sê dit is sy en haar ma.

  Kind E vertel dat sy baie na haar ma verlang. Sy sê dat sy in die nag droom dat sy en haar ma speel en rondhardloop en dat hulle baie gelukkig

is. Sy sê sy maak ‘n blommetjie vir haar ma. Sy sê ook dat sy saans die meeste na haar ma verlang. Sy sê wanneer sy drome het en nie kan slaap nie, gee haar ouma haar ‘n pil. Sy gaan slaap dan weer. Die navorser vra kind E wat sy graag wil doen met die blommetjie wat sy gemaak het. Kind E sê dat sy dit graag op haar ma se graf wil gaan sit. Sy sê dat sy, haar ouma en haar kleinneef soms na haar ma se graf toe gaan, maar dat hulle nie altyd blomme saamneem nie. Sy sê dat hulle soms by die graf bid. Kind E sê dat haar ouma soms by die graf met haar ma praat. Sy noem dat haar ma se verjaardag sou op 9 Mei gewees het. Sy sê haar oupa koop koek en koeldrank as een van hulle verjaar.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser se mening is dat kind E op ‘n natuurlike wyse besig is om deur die rouproses te kom weens die feit dat sy in haar drome nog tyd saam met haar ma spandeer. Kind E is duidelik nog nie gereed om afskeid van haar ma te neem nie. Haar ma se dood het baie onverwags gebeur.

Sessie 3:

- Doelwit van die sessie:

  Om deur die benutting van bordkryte en die kleure daarvan die kind in die middelkinderjare tot uitdrukking van emosies rondom die oorlede ouer te begelei.

- Verloop van die sessie:

  Sessie 3 begin met die rasper van bordkryte. Kind E maak die volgende keuse van kleur kryte en rasper dit: groen, wit, pienk, wit, geel, wit, rooi. Kind E sê die kryte ruik na niks.

  Kind E sê die groen kleur van die kryt laat haar dink aan haar ma se groen T-hemp en jeans wat sy altyd gedra het. Kind E sê haar ma het wit T-

hemde gedra as sy uitgegaan het. Sy sê as daar ‘n funksie by die skool was, het haar ma gesê sy moet pienk dra. Sy sê haar ma het ook van geel gehou en baie keer geel klere gedra. Geel laat haar dink aan die glimlag wat haar ma altyd gehad het. Sy sê haar ma het ook van rooi rose gehou. Kind E vertel sy en haar ma het oor naweke saam Spur toe gegaan. Kind E het ook op Sondae saam met haar ma na die apteek gegaan waar sy gewerk het. Sy sê haar ma het na die bestuurskool gegaan om bestuurslesse te kry en haar ma sou ‘n motor koop. Sy en haar ma het gereeld by Edgars, Truworths en Mr Price “shopping” gedoen. Die navorser was van mening dat kind E baie gefokus was op die kleure van die klere wat hulle gedra en gekoop het.

- Evaluering van die sessie:

  Kind E se gesprek het hoofsaaklik gehandel oor die kleur van die klere wat sy en haar ma gedra het. Sy het genoem dat sy en haar ma meestal saam was en saam dinge gedoen het. Dit kom vir die navorser voor dat afgesien van kind E se beste vriendin wat dieselfde ouderdom as sy is, haar ma ook kind E se beste vriendin was. Die navorser het begrip getoon vir kind E se innerlike hartseer wat deurentyd baie duidelik op haar gesiggie te lese was.

Sessie 4:

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot die verbale uitdrukking van emosies rondom die dood van die ouer deur middel van die gebruik van die *memory box*.

- Verloop van die sessie:

  Kind E kies ‘n houer en geskenkpapier om die houer oor te trek. Sy het ses kaartjies gebruik om herinneringe aan haar ma neer te skryf. Die navorser en kind E het oor haar gesels oor haar gedagtes wat sy neergeskryf het. Sy sê haar ma het haar altyd eerste gestel en baie vir

haar omgegee. As sy siek was, het haar ma nie gaan werk nie, maar haar dokter toe gevat en haar versorg. Sy sê nou sal haar ouma dit doen. Sy sê hulle het “fun” gehad. Hulle het soms na een van haar neefs se partytjies gegaan. Sy sê hulle het ook geluk saam gehad. Kind E sê sy het haar ma trots gemaak as sy op skool presteer het. Haar ma het dan iets spesiaals vir haar gekoop. Kind E was ook die spesifieke dag van die sessie klasleier van die dag. Die navorser praat daaroor en wens haar geluk. Kind E hul onderwyseres gee hulle almal in die klas beurte om klasleiers te wees. Kind E praat verder oor haar gedagtes wat sy op die kaartjies geskryf het en sê haar ma was altyd lief vir haar en dit het haar altyd ‘n glimlag gegee om te weet haar ma is lief vir haar. Sy sê haar ma het haar altyd vergewe as sy iets verkeerds gedoen het, en haar ma was altyd daar vir haar in goeie en slegte tye.

Kind E vertel van haar vriendin wie se ma ook onlangs oorlede is. Kind E voel dit is sulke tye waar mense daar moet wees vir mekaar. Sy sê haar vriendin bly nou by haar ouma. Die navorser was van mening dat dit gepas was om aan kind E te vra wat sy bedoel as sy sê om “daar te wees vir iemand”. Kind E sê, as een van haar familielede, naamlik haar ouma, oupa, pa, oom, of sy probleme het, sal sy probeer om die probleem op te los.

- Evaluering van die sessie:
  Uit die gesprek van Sessie 4 was die navorser van mening dat kind E ‘n goeie ondersteuningstelsel het en dat sy weet dat sy enige tyd na hulle toe kan gaan vir hulp. Die navorser se mening is dat kind E haarself verantwoordelik voel om vir ander mense daar te wees.

Sessie 5:

- Doelwit van die sessie:

  Om uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood te fasiliteer met behulp van verf as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Kind E verf ‘n skoenlapper, blomme, ‘n voël en die son. Kind E sê sy hou van blomme en skoenlappers. Haar tante het egter vir haar gesê sy moenie aan skoenlappers vat nie. Sy sê die skoenlappers sprei hulle vlerke en vlieg dan.

- Evaluering van die sessie:

  Kind E het die verfsessie geniet en was rustig tydens die gesprek. Vir die navorser was dit opmerklik dat kind E tydens die sessie nie oor haar ma gepraat het nie.

Sessie 6:

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot verdere uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood met behulp van die sandbak as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Kind E plaas die speelgoed in die sandbak. Sy sê die soldate kom neem die diere en die boer oor en die boer veg terug. Sy gaan voort deur te sê die boer wil nie hê die klein diertjies moet weggevat word nie. Sy sê die soldate moet die plaas uitlos en weggaan. Sy sê die diere hoort in die veld. Kind E plaas ‘n leeu ook in die sandbak. Sy sê die leeu wil hê dat die diere moet saamstaan en die soldate wegjaag. Sy voeg by dat van die diere neergeval het en dat hulle nie sonder mekaar kan veg nie. Sy sê die boer was die enigste een wat vir die diere geveg het.

- Evaluering van sessie:

  Die navorser se mening is dat kind E se gedagtes vasgevang was tussen die soldate en die diere, daarom het sy die leeu ingebring as bemiddelaar om met die geveg te help. Die einde van die gesprek was dat dit nie duidelik was wie van die diere of die soldate gewen het nie; kind E het nie ‘n duidelike aanduiding gegee wat die uiteinde was en of daar ‘n oplossing was nie. Die navorser is van mening dat kind E besig is met die proses van verwerking van haar ma se dood en dat sy nog nie tot ‘n voltooidheid daarmee gekom het nie.

Sessie 7:

- Doelwit van die sessie:

  Om deur middel van ‘n afskeidsbrief die kind te begelei om van die oorlede ouer afskeid te neem.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser vra aan kind E om ‘n afskeidsbrief aan haar ma te skryf. Kind E skryf net een sinnetjie waarin sy aan haar ma totsiens sê en dat sy haar mis. Sy blaas ‘n ballon op en skryf ‘n gedagte op ‘n vel papier. Sy skryf ook haar naam op die ballon en neem die ballon saam met haar om later in die lug op te stuur.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser het aan kind E verduidelik dat sy in die toekoms nog briewe of gedagtes aan haar ma kan skryf en die afskeidsbrief wat sy tydens daardie sessie geskryf het, hoef nie die laaste briefie aan haar ma te wees nie. Die navorser was van mening dat dit goed was om aan kind E te verduidelik dat sy altyd ‘n spesiale plekkie vir haar ma in haar hart sal hê en dat dit heeltmal reg is so. Alhoewel kind E niks daarop gesê het nie, kon die navorser sien dat kind E dit waardeer en dit ter harte geneem het. Die navorser het weer aan kind E die rouproses verduidelik en vir haar die

versekering gegee dat dit normaal is om hartseer te voel oor haar ma se dood en dat sy kan verwag om nog ‘n ruk lank so te voel. Die navorser het aan kind E ook die ander fases verduidelik, sodat kind E kan verstaan wanneer sy een van die ander fases ervaar. Die navorser het kind E uitgenooi om haar enige tyd te kontak, as sy nog wil gesels.

Sessie 8:

- Doelwit van die sessie:
  Om die terapiesessies op ‘n sinvolle wyse te termineer.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser vra aan kind E om ‘n prent van haarself te teken en haar ondersteuningstelsel langsaan neer te skryf of te teken. Kind E teken haarself en haar ouma en sy skryf bo-aan wie elkeen is. Die navorser en kind E sluit die gesprek af waar die navorser aan kind E verduidelik dat as sy probleme het en hulp nodig het haar ouma en die ander familielede daar is om haar te help en dat sy nooit alleen hoef te voel nie. Weer nooi die navorser kind E uit om haar te kontak as sy verdere behoefte het om te gesels. Die navorser en kind E maak kaartjies vir mekaar en neem van mekaar afskeid.

- Evaluering van die sessie:
  Kind E het die kaartjie wat die navorser vir haar gemaak het, saamgeneem en aan die navorser ‘n drukkie gegee toe sy loop. Kind E het in haar kaartjie aan die navorser geskryf “Goodbye teacher. I will miss you very much”. Dit was vir die navorser ‘n aanduiding dat kind E die sessies werklik diep ervaar het en by die sessies baat gevind het in die proses om haar rou oor haar ma se dood te probeer verwerk. Die navoser is van mening dat sy en kind E ‘n goeie verhouding gebou het en dat die sessies haar gehelp het.

- Evaluering deur kind E se ouma:

  Kind E se ouma het terugvoering gegee deur te sê dat kind E emosioneel baat vind by die terapie. Kind E se ouma sê ook dat kind E altyd gewillig is om nuwe dinge te probeer. Haar ouma noem ook dat dit voorkom of dit goed gaan met kind E.

### 3.2.6 Kind F:

- Agtergrond:

  Kind F is ‘n tienjarige dogter wat in graad 4 is. Kind F se vader is doodgeskiet terwyl hulle kinders en haar ma saam in die huis was. Kind F vertel dat dit aand was en hulle kinders het al geslaap toe kind F se vader ‘n geraas buite die huis gehoor en ondersoek gaan instel het. Haar ma was wakker en het in die huis gebly. Die skelm het haar pa geskiet en gevlug. Haar pa is toe per ambulans hospitaal toe. Op pad na die hospital het hy gesterf. Die skelm wat haar pa geskiet het, is nog nie gevang nie. Tans woon sy, haar veertienjarige suster en vyfjarige broer by twee van haar ma se broers in ‘n huis in die buurdorp naby die skool. Haar suster kook kos en versorg hulle. Haar ma besoek hulle van tyd tot tyd en gee aan haar suster geld vir klere en ander noodsaaklikhede.

  Kind F se oom aan moederskant het voor die sessie begin het die vorm by die skool waar die navorser die sessies gehad het, ingevul en geteken.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind F wat hulle met elke sessie gaan doen. Die navorser verduidelik dat hulle agt sessies gaan hê en dan gaan afsluit. Die navorser sê ook dat die inligting vertroulik sal bly.

  Kind F teken haarself en toe haar gesin. Haar gesin bestaan uit haar veertienjarige suster, wat kind F eerste teken, dan haar ma en haar jongste suster langs haar ma en haar jongste broer, nou vyf jaar oud, en

dan haarself. Haar jongste suster en haar ma woon nog in die huis in Limpopo.

- Evaluering van die sessie:
  Kind F het geteken sonder om te twyfel of onseker te wees wat sy moet doen. Sy was gou klaar met die tekening van haarself en het toe oorgegaan na die gesinstekening.

Sessie 2:

- Doelwit van die sessie:
  Om die terapeutiese verhouding met kind F verder te versterk en om sensoriese kontak deur middel van klei aan te moedig.

- Verloop van die sessie:
  Die sessie bestaan uit kleiwerk. Vir sensoriese bewusmaking laat die navorser kind F aan die klei ruik en vra haar dan waana ruik die klei. Kind F ruik daaraan en sê dit ruik nie so sleg nie. Sy maak uit die klei ‘n koek, ‘n bakkie, ‘n bed, ‘n stoeltjie en ‘n TV-stel. Sy sê die koek maak sy soos haar ma se koeke. Sy sê oor naweke en as die skool gesluit is, gaan hulle na haar ma toe. Sy sê haar ma en suster bak koek vir die 25ste Desember, vir Kersfees. Sy sê hulle kry net presente as hulle verjaar. Sy sê die bed wat sy gemaak het is haar suster se bed. Dit is ‘n mooi bed en sy sê haar oom het self die bed “gedoen”. Die bakkie is waar ‘n mens water kan ingooi as jy wil water drink. Sy sê haar ouma het eerste krane by haar huis gekry en toe haar ma. Die TV dui aan dat toe hulle nog nie elektrisiteit gehad het nie, hulle nie TV kon kyk nie. Nou kyk hulle TV saans op ‘n Saterdag tot 9:30. Kind F sê hulle was self hulle skoolklere en haar sussie help met alles en haar oom help hulle om kos te maak.

  Ter afsluiting van die sessie sê kind F aan die navorser dat sy baie van haar kultuur leer en om “goeters” te bou.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser was van mening dat kind F die sessie waar sy sensories bewus gemaak is, goed hanteer het. Sy het, eie aan haar kultuur, potte uit die klei gemaak.  Sy het vertel van wat op haar voorgrond was, naamlik dat hulle nie voorheen  water en elektrisiteit gehad het nie. Die navorser het ervaar dat kind F 'n openheid en eerlikheid openbaar het.

Sessie 3:

- Doelwit van die sessie:

  Om deur die benutting van bordkryte en die kleure daarvan die kind in die middelkinderjare tot uitdrukking van emosies rondom die oorlede ouer te begelei.

- Verloop van die sessie:

  Kind F rasper gretig die bordkryte. Sy val onmiddellik daarmee weg nadat die navorser verduidelik het wat sy moet doen. Kind F kies die volgende kleure: oranje, wit, geel, wit, pienk, wit, groen en wit. Kind F sê die naam wat op haar bed geskryf staan, in oranje. Sy sê die kleur van haar pa klere was wit, maar as jy vir hom gevra het van watter kleur hy hou, het hy gesê geel. Pienk is die kleur van haar ma se bed en die mat waarop dit staan. Sy sê al die klere wat haar pa vir haar gekoop het, was pienk. Sy sê as sy aan groen dink, is dit die kleur waarin die motorhuis geverf. Sy sê dis die kleur waaraan sy dink as sy aan haar pa dink. Kind F sê haar pa het nie van groen gehou nie.  Sy sê meeste van die goed in sy kamer was wit.

- Evaluering van die sessie:

  Volgens die navorser se mening het kind F tydens die sessie gefokus op die kleure in hulle huis en die besittings in die huis. Sy het ook die kleure gekoppel aan die klere waarvan haar pa gehou of nie gehou het nie.

Sessie 4:

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot die verbale uitdrukking van emosies rondom die dood van die ouer deur middel van die gebruik van die *memory box*.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind F dat hulle ‘n *memorybox* gaan maak. Kind F kies ‘n kartonhouer en trek dit met geskenkpapier oor. Die navorser en kind F gesels oor die gedagtes wat kind F oor haar pa neer geskryf het. Sy sê sy onthou die grappies wat haar pa gemaak het as hulle skool toe ry en dat haar boetie gehuil het as hy nie kleuterskool toe wou gaan nie. Sy sê dan het haar pa gesê hulle moet sing en het hulle grappies gemaak, dan het haar boetie ook saam gelag. Sy sê as hulle klaar goed gekoop het, het hulle sokker gespeel. Sy en haar suster was saam in ‘n span en haar pa en haar boetie in ‘n span. Hy het plekke vir hulle gaan wys en hulle na haar oom se huis geneem waar hulle by haar oom en sy nuwe vrou gekuier het. Sy het die laaste kaartjie gebruik en gesê hulle as kinders het saam met hom die hekkie by die huis geverf. Sy sê sy het goeie herinneringe aan haar pa. Hy het Vrydae altyd mense saam met hom geneem as hy Limpopo toe gaan.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser is van mening dat kind F, haar broer en suster baie aktiwiteite saam met haar pa gedoen het. Uit die gesprek met kind F was dit duidelik dat haar vader baie betrokke was by sy kinders se grootwordproses. Dit wil uit die gesprek met kind F voorkom asof sy ‘n liefdevolle vader gehad het en dat hy gereeld dinge saam met sy kinders gedoen het.

Sessie 5:

- Doelwit van die sessie:

  Om uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood te fasiliteer met behulp van verf as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Kind F verf ‘n boom, gras en ‘n huis. Sy sê hulle speel “playstation” en doen huiswerk en haar suster maak vir hulle kos. Sy sê hulle nooi vriende oor en dan kyk hulle “Super X-girl”. Die navorser vra aan kind F waaroor die fliek gaan. Sy verduidelik aan die navorser dat dit ‘n kinderfliek is wat toelaatbaar is.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser het ervaar dat kind F by die hier-en-nou was en dat sy die normale dinge van ‘n kind van haar ouderdom doen, soos “playstation” speel en flieks kyk. Die navorser was ook van mening dat haar aktiwiteit van verf en ander buiteaktiwiteite verskuif het na binnemuurse aktiwiteite soos flieks kyk en “playstation” speel.

Sessie 6:

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot verdere uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood met behulp van die sandbak as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind F dat sy die speelgoed in die sandbak kan plaas soos sy goed dink. Kind F sê met die gesprek die volgende aangaande die speelgoed: “Die perd wil die koning van die ander diere wees, die perd is besig om kos te eet”.  Die hut sien sy as ‘n dorp en sy sê die trok is besig om ‘n skelm te soek. Sy sê die skelm het gesteel en die trok kyk waar die skelm is. Sy sit nog ‘n perd in die sandbak en sê dié

perd sal vir die ander perd sê “Jy stoot my nie weg nie!”. Die mannetje sal die leeu skiet. Op die vraag van die navorser waarom die mannetjie die leeu wil skiet, antwoord sy die perd is die man se perd. Sy sê: “As iemand my goed gesteel het, soek ek dit tussen die bosse”.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser is van mening dat kind F die gebeure aangaande haar pa wat geskiet is, nog baie op haar voorgrond ervaar.

Sessie 7:

- Doelwit van die sessie:

  Om deur middel van ‘n afskeidsbrief die kind te begelei om van die oorlede ouer afskeid te neem.

- Verloop van die sessie:

  Kind F skryf ‘n afskeidsbrief aan haar pa waarin sy sê almal is nog hartseer oor wat gebeur het. Kind F vertel dat sy en haar suster en broer daardie naweek na haar tante se huis toe gaan trek. Die tante is die groot suster, soos sy dit noem, aan haar pa se kant. Sy sê haar tante is ‘n dokter. Hulle sal nog in die oggende met hulle oom skool toe ry totdat hulle tannie vir hulle vervoer gereël het. Nadat sy die brief aan haar pa geskryf het, vertel sy dat haar pa by die huis geskiet is en dat hulle kinders in die huis was. Sy reken dit is iemand wat vir haar pa geld geskuld het en die skelm is nog nie gevang nie. Kind F se pa het ‘n kafee gehad. Sy sê hy is op pad na die hospitaal dood. Kind F sê hulle mis hom vir sy grappies in die oggende op pad skool toe en as haar boetie gehuil het. Kind F reken hy is in die hemel. Hy sou op 23 Februarie verjaar het as hy nog geleef het. Hulle sal op die  die 23ste Februarie na die graf toe gaan.

- Evaluering van sessie 7:

  Die navorser was van mening dat kind F die gebeure vir haarself duidelik gemaak het. Toe sy dit vertel het, het sy harder en meer angstig gepraat. Die navorser het haar van die vertroulikheid verseker. Kind F het ook genoem dat hulle bang was die skelm kom terug.

Sessie 8:

- Doelwit van die sessie:

  Om die terapiesessies op ‘n sinvolle wyse te termineer.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik weer aan kind F dat dit die afsluiting is van die sessies en die tydjie wat hulle tydens terapie saam spandeer het. Die navorser nooi ook kind F uit om haar enige tyd te skakel of die skool haar laat skakel as sy nodig het om weer te gesels.

  Die navorser vra kind F om haarself te teken en haar ondersteuningstelsel op dieselfde vel papier nee rte skryf of hulle te teken. Die navorser gee aan kind F ‘n  vel papier van A3 grootte.

  Kind F teken haarself en skryf haar ondersteuningstelsel neer, naamlik die juffrou by die skool, haar ma, suster, tante en ooms.

  In haar afskeidsbrief skryf sy aan haar pa dat almal nog hartseer is oor wat gebeur het. Sy skryf hulle as familie mis hom. Sy skryf hulle as kinders mis hom vir die tye wanneer hulle skool toe gaan en haar boete huil en haar pa is nie daar om grappies te maak en hulle weer te laat lag nie.

  Die sessie word afgesluit deur die maak van kaartjies en die skryf van ‘n boodskap vir mekaar. Kind F en die navorser lees die kaartjies hardop vir

mekaar. Die navorser gee aan kind F ‘n ballon om op te blaas. Kind F plaas ‘n opgerolde kaartjie met ‘n gedagte aan haar pa wat sy neergeskryf het in die opgeblaasde ballon. Die navorser en kind F besluit kind F sal die ballon in die lug opstuur wanneer sy daarvoor gereed is.

- Evaluasie van die sessie:
  Die navorser is van mening dat kind F terapie moet ontvang vir posttraumatiese skok en dat sy gemonitor moet word.

- Evaluering deur kind F se oom:
  Kind F se oom was van mening dat die terapiesessies kind F gehelp het en dat dit met haar goed gaan.

**3.2.7 Kind G.**

- Agtergrond:
  Kind G is ‘n twaalfjarige seun wie se pa in ‘n motorfiets ongeluk gesterf het. Volgens kind G het die nadoodse ondersoek getoon dat sy pa in die ongeluk sy nek gebreek het en dat hy so dood is. Kind G se pa was ‘n hartlyer en het drie hartaanvalle gehad voor die motorfietsongeluk. Kind G woon saam met sy ma, oupa en ouer broer in ‘n huis. Kind G se skoolhoof is van mening dat kind G se skoolwerk baie agteruitgegaan het en dat hy ook nie gereeld skool bywoon nie.

- Doelwit van Sessie 1:
  Om ‘n vertrouensverhouding met kind G te bou.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser verduidelik aan kind G wat met elke sessie gedoen gaan word. Sy sê ook hoeveel sessies daar gaan wees. Sy gee aan kind G ‘n vorm wat deur sy ma voltooi en geteken moet word. Die navorser vra aan kind G om homself en dan sy gesin te teken.

Kind G teken eers sy gesin bo-aan die bladsy wat homself, sy broer, sy ma en sy oupa insluit. In die middel van die bladsy teken hy homself. Die navorser het aan kind G meer as een vel papier gegee om sy prente op aparte velle teken as hy wou, maar kind G het verkies om die selfprotret en gesin op een bladsy te doen.

Kind G sê hy hou baie van wiskunde. Kind G vra ‘n skerpmaker. Die navorser sê sy het nie ‘n skerpmaker nie, maar het wel ‘n ander potlood waarmee hy kan werk. Kind G werk deeglik. Hy vertel van homself. Hy sê hy word gou kwaad, maar is ook liefdevol. Hy sê sy broer is 16 jaar oud en in std 6. Hy het verlede jaar gedruip en is een jaar agtergehou. Hy sê sy ma is baie liefdevol en ‘n goeie persoon. Hy sê sy oupa aan sy pa se kant woon saam met hulle en sy oupa se vrou is twee jaar gelede oorlede. Kind G sê hy wou sy pa ook teken, maar hy het nie geweet of hy moes nie.

Aan die einde van die sessie praat kind G spontaan oor die motorfietsongeluk waarin sy pa dood is. Hy vertel sy pa en vriende het op hulle motorfietse na die winkel gegaan. Sy pa het onthou hy het iets by die winkel vergeet en het teruggery na die winkel. Op pad daarheen was daar ‘n brug en ‘n skerp draai. Sy pa het volgens mense na die oorkant van die baan op die skerp draai beweeg en ‘n motor uit die teenoorgestelde rigting getref. Die motorfiets met sy pa op het toe teen die muur van die brug gebots en sy pa se nek is blykbaar in die botsing teen die muur gebreek. Hy sê dat mense wat by die ongeluk stilgehou het, in sy pa se sak die telefoonnommer en naam gekry het van die vakansieplek waar sy pa en ma en vriende vir die week tuis was. Op dié manier is sy ma gekontak en die nuus aan haar meegedeel. Kind G voeg by dat sy pa in die hospitaal was met drie hartaanvalle voor hy die ongeluk gehad het en hy glo dat dit sy pa se tyd was om dood te gaan en as sy pa nie ‘n ongeluk gehad het, sou hy seker van ‘n hartaanval doodgegaan het. Hy vertel, toe sy ma en pa saam met vriende by die vakansie plek was, hy en sy broer by die huis

was saam met sy oupa wat na hulle omgesien het. Sy ma en vriende het huis toe gekom en hulle die nuus meegedeel. Hy sê almal was baie geskok.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser se mening was dat kind G nie baie seker van homself is nie dat hy struktuur soek. Die navorser se eerste indruk van die prent wat kind G van homself geteken het, was dat dit ‘n prent van ‘n veel ouer persoon is as ‘n twaalf jarige seun. Die gesigte in die gesinstekening en selfportret is uitdrukkingloos, met ‘n glimlag wat voorkom asof dit net op die gesigte geplak is. Die oë van die figure in die tekening was ook starend.

Sessie 2:

- Doelwit van die sessie:

  Om die terapeutiese verhouding met kind G verder te versterk en om sensoriese kontak deur middel van klei aan te moedig.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser gee aan kind G klei en verduidelik dat hy enige iets uit die klei kan maak. Hy val dadelik weg om met die klei te werk. Kind G sê hy maak leeus. Hy maak vier leeus, drie mannetjieleeus en een wyfieleeu. Kind G sê twee van hulle leeus is kinder-leeus en die pa-leeu het doodgegaan en hulle gaan deur ‘n swaar tyd. Hy sê die hiënas val hulle aan, want hulle kry nie baie kos nie. Hy sê die leeus hardloop weg van die hiënas omdat die hiënas sterker as hulle is. Hy sê hulle kry swaar, want hulle kan nie enige plek slaap nie, want dan val die ander diere hulle aan. Kind G sê vandat oupa-leeu ingekom het, gaan dit beter. Hy verstaan van jag. Die ma-leeu en die tweede kinder-leeus kyk na oupa, want oupa- leeu het meer ondervinding. Hy sê oupa-leeu leer van jongs af vir hulle die “tricks”. Hy sê oupa-leeu is 62 jaar oud en hy leer hulle om hulleself te verdedig. Hy sê hy en sy broer moenie baklei nie, maar mekaar uithelp.

Hy sê as sy broer iets gebreek het, moet hulle altwee die iets gaan koop wat gebreek het. In die aande kom sy ma huis toe, trek gemaklike klere aan en maak kos, was op en gaan slaap. Hy sê sy oupa werk bietjie met aan die swembad en hy en sy broer was skottelgoed en speel op die rekenaar. Kind G ruik aan die klei en sê dit ruik soos suigstokkies.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser is van mening dat kind G met die kleiprent wat hy gemaak het sy huidige omstandighede uitgespeel het. Die navorser is van mening dat kind G in die fase van aggressie is. Hy praat van die leeus en die hiënas en dat hy en sy broer baklei.

Sessie 3:

- Doelwit van die sessie:

  Om deur benutting van bordkryte en die kleure daarvan die kind in die middelkinderjare te begelei tot uitdrukking van emosies rondom die oorlede ouer.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind G wat hy moet doen. Kind G rasper verskillende kleure van die bordkryt. Die kleure van sy keuse is pienk en geel gemeng, blou, "mens"-kleur en pers. Die wit kleur is om tussen die kleurkryte te sit om die kleure in die flessie van mekaar te skei. Kind G sê die kryte het vir hom 'n stofsand reuk.

  Kind G vertel dat die oranje kleur hom daaraan laat dink dat hy twee keer met sy motorfiets geval het en dat hy sy weg uit gesien het en nie vir sy ma gewag het om hom te help nie, maar die uitweg gesien het en ys op die seerplek gesit het. Nadat hy gepraat het van die ongeluk wat hy met sy motorfiets gehad het, sê hy dadelik hy het self "uitgefigure" dat die

ongeluk wat sy pa met die motorfiets gehad het nie die motorfiets se skuld was nie, maar dit was sy pa se tyd om te gaan.

Kind G sê die pienk kleur is vir mense se hartseer. Hy voeg by asof dit ‘n nagedagte is, dat daar vreugde ook is. Hy sê dis rosig.

Die wit kleur tussenin is vir kind G soos ‘n skild wat jou keer om nie weer sonde weer te doen nie. Hy sê geel is die vreugde en ‘n goeie entjie van die sonde. Hy wys na die pers, oranje, “mens”-kleur en blou en sê dis ‘n mengelmoes, want mens doen sonde, lewe baie deurmekaar en weet nie wat om volgende te doen nie. Pers is vir kind G liefdevol. Die oranje, sê kind G, is vir hom tussenin, nie soos die dood dat jy tussen hel en hemel is nie. Hy sê die blou kleur is as jy eendag sterf, dan gaan jy hemel toe en nie na Satan toe nie.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser is van mening dat kind G graag wil sin maak uit die lewe, aangesien hy sê die pers, oranje, “mens”-kleur en blou is vir hom soos ‘n “mengelmoes en mens doen sonde en die lewe is vir hom baie deurmekaar en hy weet nie wat om volgende te doen nie”. Die navorser is van mening dat kind G nagedink het oor die motorfietsongeluk waarin sy pa dood is, aangesien hy sê hy het “uitgefigure” dat dit nie die motorfiets se skuld was dat sy pa dood is nie, maar dat dit sy pa se tyd was om dood te gaan. Die navorser is van mening dat kind G ook oor die hemel, hel en satan nadink, aangesien hy die wit kleur sien as die skild (shield) wat keer dat jy nie die sonde doen nie.

Sessie 4:

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot die verbale uitdrukking van emosies rondom die dood van die ouer deur middel van die gebruik van die *memory box*.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser gee aan kind G die keuse van boksie en van die oortrek papier. Die navorser gee ook aan kind G kaartjies om op te skryf. Sy verduidelik aan hom dat hy gedagtes oor sy oorlede pa op die kaartjies moet skryf.

  Bespreking rondom die kaartjies: Kind G sê sy pa was liefdevol baie vriendelik en het nooit vir mense kwaad geword nie. Hy sê sy pa het geld aan mense geleen en dit nie altyd teruggekry nie. Kind G sê as mense vir kos gevra het, het hy gegee. Hy sê vriende het soms by hulle kom bly. Teen die einde van die gesprek sê kind G as hulle sy pa kwaad gemaak het, het sy pa woedend geraak, want hulle het nie reg opgetree nie. Hulle het dan 'n pak slae gekry. Hulle pa het egter nie lank woedend gebly nie, voeg kind G by. Ten slotte sê kind G hyself het al klaar die karaktereienskap van sy pa wat altyd vriendelik was.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorsing is van mening dat kind G graag sou wou hê dat sy pa altyd vriendelik moes wees en dat hy hom so sou wou onthou. Uit die gesprek met kind G het dit geblyk dat hy ervaar het dat sy pa ook woedend kon raak, maar meestal vriendelik was. Die navorser se mening is dat dit voorkom asof kind G nog sukkel om te besef en te aanvaar dat mense woedend kan raak, dog in die algemeen vriendelik kan wees en dat dit aanvaarbaar is.

Sessie 5:

- Doelwit van die sessie:

  Om uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood te fasiliteer met behulp van verf as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser gee aan kind G verf en sê hy kan enige iets verf. Kind G praat baie en vra wat hy moet verf. Hy vra of die verf geskud moet word, hoe maak ‘n mens ‘n bruin kleur, en wat gaan hy en die navorser alles doen daardie dag. Alhoewel die navorser aan kind G sê dat hy die volle bladsy kan benut, verkies hy om net die helfte van die bladsy te gebruik. Kind G gooi verf van verskillende kleure op koerantpapier uit en meng hulle om die kleure te kry wat hy graag wil hê.

  Die navorser en kind G gesels oor die prent wat hy geverf het. Hy het ‘n boom, gras, wolke en ‘n voël in die lug geverf. Kind G sê hy het ‘n prent oor geluk geverf. Daar is nie baie hartseer en sondes en sulke goed nie. Hy sê die diertjies sal nou begin uitkom. Kind G noem die seisoene van die jaar op en sê dit gaan nou somer en herfs word. Die navorser vra aan kind G wat gebeur in die somer. Hy antwoord, die diere kom dan weer uit. Hulle gaan nou weer kos kry en hulle kan nou weer in die aand rondloop. Die navorser vra aan kind G wat gebeur in die wintertyd. Kind G sê hulle maak dan kos bymekaar. Kind G sê sy gunsteling kos is “mashed potatoes”. Hy sê hy hou nie van olywe nie. Die navorser vra aan kind G waaraan hy gedink het toe hy die prent geverf het. Kind G sê hy het aan al die geluk en liefde gedink wat hy in sy lewe gehad het en aan al die dinge wat hy en sy pa saam gedoen het. Hy sê hy en sy pa het saam motorfiets gery en gespeel. Hy sê hy gaan soms kerk toe, maar glad nie Sondagskool toe nie. Hy sê wat hulle meestal doen, is voor die TV sit met komberse, en hulle hou daarvan om te braai. Hy sê hy hou die meeste van blou.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser is van mening dat kind G sy oorlede pa baie mis en dat hy terugdink aan die tye toe hulle saam was.

Sessie 6:

- Doelwit van die sessie:

  Om die kind te bemagtig tot verdere uitdrukking van emosies rondom die ouer se dood met behulp van die sandbak as projeksietegniek.

- Verloop van die sessie:

  Die navorser verduidelik aan kind G dat hy die speelgoed in die sandbak kan plaas. Kind G begin gesels oor die speelgoed in die sandbak. Hy sê die diere moet saamstaan, anders gaan hulle uitsterf. Hy sê hulle moenie met mekaar baklei nie. Hy sê elke dier wil die sterkste op die aarde wees. Dis hoekom hulle baklei. Kind G sê die leeu het gesien die een ou wil die perde skiet en die leeu wil die ou (verwys na soldaat) aanval. Kind G sê die pa-perd en die kind-perd het gekom en die ou aangeval. Kind G sê voorts, en wys na die soldate, die ouens wou die twee perde doodmaak. Die navorser vra hom wat die rede sou gewees het hoekom die ouens die perde wou doodmaak. Kind G sê die perde bly aan hulle kos kom vreet wat hulle gemaak het. Hy sê almal moet saamstaan om mense te vang wat nie reg doen nie. Die navorser het gevoel dat sy aan kind G kan vra wat hy dink watter gevare daar is. Hy sê mense wat ander mense doodmaak en karre wat mekaar stamp. Hy voeg by daar is niks ander goed wat gevare is nie.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser is van mening dat kind G nog in die fase van aggressie verkeer. Hy praat oor baklei en doodmaak en aanval. Die navorser se mening is dat kind G die leeu wat ‘n sterk dier is as ‘n beskermer sien wat dan die ou (soldaat) wil aanval omdat hy die perde wil skiet. Die navorser se mening is dat kind G die mense as bedreigend sien en die diere as goed, aangesien kind G sê almal moet saamstaan om die mense wat verkeerd doen te vang. Aan die einde sê kind G die dinge wat vir hom die

grootste gevare is, is mense wat ander mense doodmaak en karre wat mekaar stamp.

Sessie 7:

- Doewit van sessie 7:
  Om deur middel van ‘n afskeidsbrief die kind te begelei om van die oorlede ouer afskeid te neem.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser het die oggend van Sessie 7 by die skool waar kind G skoolgaan verneem dat hy afwesig was. Die terapiesessies is by die skool gehou. Die navorser het kind G nog die vorige dag gesien en aan hom verduidelik die volgende dag sal hulle die sessie behartig waar kind G ‘n afskeidsbrief aan sy pa skryf. Volgens die skool het nie kind G se ma óf oupa geskakel om te sê kind G sal nie dié dag by skool wees nie. Die navorser het kind G se ma geskakel en sy was nie bewus daarvan dat kind G nie by die skool was nie. Die navorser het aan kind G se ma gevra of sy sal omgee dat sy die sessie by die huis kom doen. Die navorser reël toe met kind G se oupa wat saam met kind G by die huis was dat sy die sessie daar sal kom doen. Die navorser is na kind G se huis toe waar sy kind G, sy oupa en sy broer by die huis aantref. Kind G was nie siek nie en sy verskoning hoekom hy nie by die skool was, is dat sy fiets se wiel op pad skool toe pap geword het. Hy het toe omgedraai huis toe en het toe maar by die huis gebly. Die navorser het by die skool verneem dat dit dikwels gebeur dat kind G by die skool afwesig is.

  Nadat die navorser aan kind G verduidelik het dat dit belangrik is dat hy moet skool toe gaan en dat hy dit vir homself en vir sy pa moet doen, het kind G ‘n afskeidsbrief aan sy pa geskryf. Kind G skryf dat sy pa ‘n goeie pa was en dat hy wens sy pa was nog by hom. Hy skryf dat hy die heeltyd by sy pa sou wees as sy pa nog daar was en dat hy nooit sy pa sal

vergeet nie. Hy vertel ook hy het saam met sy pa gaan werk en hy het sy pa gehelp om elektriese meters vir die werk in te sit. Hy sê hy en sy pa het geswem, gestoei en gespeel.  Hy sê nou stoei hy met sy broer.

Kind G skryf die sinnetjie dat hy lief is vir sy pa en dat hy wens sy pa was nog by hom. Hy plaas die briefie in ‘n ballon en die navorser sê dat hulle dit in die lug moet opstuur. Die navorser gee aan kind G die keuse van die ballon se kleur.

Later die dag het die navorser kind G se ma weer gebel en met haar gesels om vas te stel wat fout is hoekom kind G so dikwels nie by die skool is nie. Volgens die ma sê kind G nie vir haar wat fout is nie. Die navorser het aan kind G se ma verduidelik dat haar kind G dringend verdure hulp nodig het en dat sy as ouer hom moet bystaan.

- Evaluering van die sessie:
  Die navorser is van mening dat kind G die afskeidsbrief aan sy pa probeer vermy het deur nie skool toe te gaan nie. Kind G skryf hy sou die heeltyd by sy pa wou wees as hy nog geleef het. Die navorser is van mening dat kind G skeidingsangs ervaar. Sy het dit ook baie ontstellend gevind om te verneem dat kind G so dikwels nie skool bywoon nie.

Sessie 8:

- Doelwit van die sessie:
  Om die terapiesessies op ‘n sinvolle wyse te termineer.

- Verloop van die sessie:
  Die navorser verduidelik aan kind G dat hy ‘n tekening van homself moet maak. Hy het die keuse om sy ondersteuningstelsel op dieselfde vel papier nee rte skryf of te teken. Die navorser gee aan kind G ‘n dubbele vel papier. Kind G gebruik net die een bladsy. Hy teken homself groot op

die papier en skryf langsaan dat sy ma, oupa, broer en sy pa se broer sy ondersteuningstelsel vorm.

Die navorser verduidelik aan kind G dat hulle die sessies gaan afsluit met die maak van ‘n kaartjie vir mekaar. Sy rig aan G die uitnodiging om haar enige tyd te kontak as hy nodig het om weer te gesels. Kind G knip ‘n kaartjie en skryf binne daarop: “Dankie dat tannie na my geluister het, Groete”. Die navorser skryf en gee ook ‘n kaartjie aan kind G om saam te neem.

Ter afsluiting van die sessie vra die navorser kind G of hy aan sport deelneem. Kind G vertel dat hy aan stoeikompetisies deelneem en dat hy goed is met die sport.

- Evaluering van die sessie:

  Die navorser het ervaar dat kind G ‘n eensame seuntjie is met die behoefte om net raakgesien te word en te weet hy is “OK”. Dit was gerustellend vir die navorser om te verneem hy neem deel aan ‘n kontaksport waar hy sy aggressie, frustrasie en hartseer op ‘n positiewe manier kan kanaliseer.

  Die navorser se mening is dat kind G meer ondersteuning en hulp nodig het as net die terapiesessies wat sy met hom gehad het. In die gesprek met kind G se moeder het die navorser aan haar genoem dat sy hom na iemand moet neem waar hy intensiewe terapie kan ontvang. Die navorser het kind G se moeder ook uitgenooi om haar te kontak vir ouerleidingsessies.

- Evaluering deur kind G se oupa:

  Kind G se oupa was van mening dat kind G nog “humeurig” en “buierig” is, maar dat daar tog verbetering is.

**Samevatting van sessies met die kinderrespondente:**

Uit die evaluering is die navorser van mening dat die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie waardevol aangewend is in die proses om die kinderrespondente tot uitdrukking van emosie en hantering van die verlies van hulle ouers se dood te begelei.

Die navorser is verder van mening dat die projeksietegniek naamlik briefskryf in al sewe sessies baie goed gewerk het as tegniek om die kinderrespondente te help om uitdrukking van emosie te gee. ‘n Voorbeeld daarvan is waar kind G geskryf het dat hy life is vir sy pa en wens sy pa was nog by hom.

Die navorser is van mening dat die projeksietegniek naamlik bordkrytrasper nie in al sewe sessies so goed gewerk het om die kinderrespondente te help om uitdrukking van emosie te gee nie. ‘n Voorbeeld daarvan is waar kind C sê sy koppel die blou kleur aan haar pa en dink haar ma het van rooi gehou. Dit was asof die kinderrespondent meer op die bordkryte en die kleure daarvan gefokus het as op die uitdrukking van emosie.

## 3.3 SAMEVATTING

Uit die gevallestudies was dit duidelik dat die meeste kinders nog in die rouproses verkeer. Uit die gesprekke met die kinderrespondente was dit vir die navorser duidelik dat die ouer wat nog leef self deur ‘n rouproses gaan en daarom nie altyd genoegsaam van die emosies van hulle kinders bewus was nie. Die navorser het ervaar dat al die kinderrespondente gesê of geskryf het dat hulle die oorlede ouer mis. Al die kinderrespondente het in die terapie spontaan gereageer en het goeie samewerking gegee.

## HOOFSTUK 4

## LITERATUURKONTROLE

### 4.1 INLEIDING

Tydens die terapeutiese intervensie met die kinderrespondente en die gesprekke met die ouers, het die navorser inligting ingewin en ervaring opgedoen ten opsigte van die hantering van die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer. Die benutting van projeksietegnieke in die konteks van gestaltspelterapie is ondersoek.

In hierdie hoofstuk word die ooreenkomste tussen die empiriese resultate en die literatuurstudie van die navorsingsprojek bespreek. Die aspekte wat na vore gekom het tydens die gevallestudies en die gesprekke met ouers en ander persone aan wie die kinders toevertrou is, word aangedui en bespreek. Vir die doel van die literatuurkontrole word daar terugverwys na Hoofstuk 2. Daar word ook voorsiening gemaak vir addisionele literatuur om die hoofstuk volledig te maak en af te rond.

### 4.2 DIE KIND SE ERVARING VAN VERLIES

Die navorser het uit haar studie ondervind dat die kinderrespondente en ouers/voogde geensins toegerus is om verlies te hanteer nie. By sowel die kinderrespondente as die ouers/voogde was daar ‘n groot mate van ontkenning aanwesig. Howarth (2007:16) voer aan dat ontkenning dikwels die manier is waarop mense hulle verlies probeer hanteer. Howarth (2007:15) is van mening dat in samelewings waar die dood hanteer en erken word, daar van rituele gebruik gemaak word soos om begrafnis te hou om die dood van ‘n persoon te akkommodeer binne ‘n samelewing. Howarth (2007:15) gaan voort deur te sê dat die rituele meestal godsdienstig van aard is en dit laat die familie van ‘n geliefde

wat gesterf het toe om die persoon se dood te betreur en op ‘n gepaste wyse uiting te gee aan die afsluiting van die oorledene se lewe.

Die navorser is van mening dat die kind wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het se belewing, verwerking en aanvaarding dikwels gepaard gaan met hoe die dood deur die oorblywende ouer of betekenisvolle ander persone hanteer word. Die mening van die navorser word gestaaf deur die werk van McFadden en Atchley (2001:54).

Uit die gevallestudies het dit na vore gekom dat die oorblywende ouer of versorger dikwels nie weet hoe om die emosies van die kind wat treur te hanteer en die kind tydens die tydperk van rou by te staan nie. In die geval van een van die kinderrespondente het die ouma van kind E haar ‘n pilletjie gegee om weer te gaan slaap as kind E ‘n nagmerrie gehad het. Kind G se ma het gesê sy weet nie wat om te doen as hy sonder rede nie skool bywoon nie, want, soos sy dit gestel het, hy praat nie met haar oor sy gevoelens nie.

Uit die navorsing het dit geblyk dat ouers en volwassenes self nie altyd weet hoe om hulle emosies rondom die dood van ‘n geliefde te hanteer nie (McFadden en Atchley, 2001:54). Die onvermoë om met kinders oor hulle emosies te praat kan moontlik ‘n uitvloeisel hiervan wees. By kind A, B, D, E en G het die ouer of versorger nie geweet hoe om hulle eie emosies te hanteer nie en kon dus nie die kinders in hul eie emosionele nood van hulp wees nie.

Kind A en kind B se ma het in die aande op haar bed gesit en selfoonboodskappe stuur terwyl die kinders hulleself moes besig hou. Die navorser se mening is dat die moeder self soveel pyn ervaar het wat oorweldigend was, en haar wyse van hantering daarvan was om haar te onttrek en selfoonboodskappe aan haar vriende te stuur.

Kind D het genoem dat sy eers na drie dae van haar ouma, wat vir haar soos ‘n moeder was, se dood verneem het. Haar tante het die nuus aan haar meegedeel. Die navorser is van mening dat die volwassene wat die boodskap aan kind D moes oordra in ‘n ontkenningsfase was en die oordra van die nuus probeer uitstel en vermy het, aangesien sy self nie die emosie rondom die afsterwe van die geliefde kon hanteer nie en daarom nie die vrymoedigheid gehad het om dadelik na die afsterwe van haar ouma met kind D te praat nie.

Kind E het genoem dat haar ouma wat haar versorger was, haar ‘n pilletjie gegee het as sy nagmerries gehad het en dat haar ouma soms by die graf van haar ma gebid en met haar ma gepraat het. Dit is volgens die navorser ‘n manier hoe kind E se ouma self nog die dood van haar geliefde dogter probeer hanteer en die seer en pyn probeer verwerk het. Volgens kind G het sy ma in die aande na werk by die huis vir almal kos gemaak en dan na haar kamer gegaan. Kind G se ma was ook onbewus van die feit dat hy so dikwels nie by die skool was nie. Die navorser is van mening dat kind G se ma self in ‘n rouproses gewikkel was, vandaar die onvermoë om van kind G se behoefte aan hulp bewus te wees. Sy optrede om nie skool by te woon nie was waarskynlik ‘n simptoom van die pyn en emosie waardeur kind G gegaan het en sy stille hulpkreet na volwassenes om hom te help in sy tyd van emosionele pyn.

## 4.3 FASES VAN ROU

Die rouproses van die kinderrespondente word vervolgens bespreek en met die literatuur vergelyk:

- **Skok en ontkenning**

Volgens Kübler-Ross (1975:161) kan die persoon wat met die dood gekonfronteer word, dit met met skok ervaar en die werklikheid van die dood probeer ontduik deur dit te ontken. Die kind sal in hierdie fase van die oorlede ouer praat asof die ouer nog leef. Gedurende die terapiesessies met die

kinderrespondente het die navorser gevind dat kind F in haar afskeidsbrief aan haar pa geskryf het dat sy nie hoop hy is kwaad omdat sy, haar suster en broer na haar tante toe trek nie. Sy het ook geskryf dat almal nog geskok is oor wat gebeur het. Kind F het ook die gebeure oor hoe haar pa geskiet is in ‘n vinnige en harde stemtoon vertel. Sy het ook aan die navorser gesê dat sy bang is die skelm kom terug. Die navorser is van mening dat kind F nog in skok en ontkenning was en gevolglik dat kind F verder verwys moet word en moontlike depressie by haar ondersoek moet word.

Kind F se uitlating oor die skelm wat nog nie gevang is nie en die feit dat sy al hoe harder en vinniger begin praat en die gebeure weer in detail vir die navorser beskryf het, is volgens die navorser 'n moontlike teken van posttraumatiese stress.  Ook om dié rede is dit noodsaaklik dat sy vir verdere behandeling en terapie verwys word.

Kind D het by twee van die sessies waar sy kon teken, aan haar ouma die woord ”howzit?” geskryf asof sy nog in die teenwoordige tyd met haar ouma kommunikeer en eintlik net “hallo” sê. Ook kind D was volgens die navorser in skok en ontkenning. Sy het die datum waarop haar ouma dood is en die datum waarop sy van haar ouma se dood gehoor het alles mooi onthou. Volgens die navorser was dit asof kind D haarself met die oproep van die datums wou herinner dat haar ouma werklik dood is en dat sy die tyding van haar ouma se dood op daardie datum gekry het. Dit het volgens die navorser daarop gedui dat skok en ontkenning by kind D aanwesig was.

- **Woede en aggressie**

Volgens Schoeman (2001:124) en Kübler-Ross (1975:161) is aggressie en woede ‘n emosionele reaksie op die realiteit van die dood. Uit die gevallestudies het daar duidelike verskille na vore gekom ten opsigte van hoe die seuns en die dogters hulle emosionele reaksie ten opsigte van hulle verlies weens die dood van ‘n ouer hanteer het. Uit die navorsing blyk dit dat die seuns meer vrylik aan

hulle woede en aggressie uitdrukking kon gee as die dogters. Twee seuns in die gevallestudie, kind A en kind G, het tydens die spel met klei leeus gemaak. Kind A het die tema van die leeu gebruik wat die kleimannetjie opvreet. Kind A het tema van die leeu en die kleimannetjie regdeur sy spel met die sandbak en tekeninge gebruik. Die leeu is volgens die navorser deur kind A simbolies gebruik om die onverwagsheid en onomkeerbaarheid van sy pa se dood uit te speel. Volgens die navorser kan dit ook wees dat kind A met sy kleispel wou aandui dat hy as “mannetjie” weerloos was teen die dood se wegruk van sy pa en dat die dood (leeu) inderwaarheid sy pa “opgevreet” het soos die leeu met die mannetjie gedoen het en hy as kind geen verweer daarteen gehad het nie. Die gevoel van weerloosheid van kind A het na vore gekom in sy spel met die klein mannetjie. Die feit dat kind A ‘n verlies aan beheer ervaar en weerloos gevoel het, kon moontlik sy woede en aggressie vererger het. Die navorser is van mening dat kind A nodig gehad het om sy woede en aggressie oor die selfmoord van sy pa uit te druk en dat hy daardeur in elke sessie dieselfde tema gebruik het totdat hy die woede klaar uitgespeel het.

Kind G het vier leeus van klei gemaak. Twee was kinder-leeus en een ‘n oupa-leeu en een ‘n ma-leeu. Kind G het gesê die hiënas val hulle aan en die leeus hardloop weg. In teenstelling met kind A waar die leeu as kragtige, gevaarlike dier gesien word, gebruik kind G die hiënas wat die magstigste is en die leeus laat weghardloop. Kind G sê dan ook in sy spel met klei die hiënas is sterker as die leeus. Kind G voel dus ook 'n verlies aan beheer met die dood van sy ouer. Kind G herstel die magsposisie in sy spel op ‘n baie natuurlike wyse deur aan die einde te sê dat die oupa-leeu wat 62 jaar oud is van kleins af vir die twee seun-leeus ‘tricks” leer om hulleself te verdedig. Hier bring kind G nie weer die gedagte van die hiënas in wat die leeus verjaag nie en volstaan hy met die herstelposisie. Kind G kan moontlik die “selfverdedig” sien in die lig daarvan dat hy voorberei word vir enige verdere dood of verlies wat die toekoms mag inhou. In kind G se geval stel sy oupa aan hom die voorbeeld van die hantering van die dood. Dié voorbeeld word gestaaf deur McFadden en Atchley (2001:54) wat aantoon dat

die wyse waarop die dood deur die kind se oorblywende ouer of betekenisvolle ander persone in die kind se lewe hanteer word, ‘n blywende indruk maak op die kind wat verlies ervaar.

- **Onderhandeling**

Volgens Schoeman (2001:124) en Kübler-Ross (1975:161) sal die kind in rou tydens hierdie fase met God probeer onderhandel vir nog tyd saam met die sterwende ouer.

Kind G se vader het drie hartaanvalle gehad voor hy in ‘n motorfietsongeluk oorlede is. Kind G het vertel dat sy pa elke keer in die hospitaal was en hulle hom daar gaan besoek het. In sy afskeidsbrief aan sy pa het hy geskryf hy wens sy pa was nog hier by hom, en as sy pa nog hier was, sou hy die heeltyd by sy pa gewees het. Wanneer ‘n mens die afskeidsbriefie lees wat kind G aan sy pa geskryf het, kry jy die gevoel en beeld van ‘n kind wat smeek vir nog ‘n bietjie tyd saam met sy pa en gaan jou hart uit na hom, want jy weet dit is onherroeplik te laat.

Die navorser is van mening dat kind G met elke hartaanval wat sy pa gehad het alreeds die roufase van onderhandeling betree het, want tydens die gesprek met die navorser het kind G gesê sy pa sou in elk geval doodgegaan het aangesien hy op daardie stadium reeds drie hartaanvalle gehad het. Die natuurlike ritueel van rou soos waar ‘n kind ‘n ouer aan die dood afstaan het volgens die navorser reeds hier begin, maar die kind het die proses van afskeid neem deurloop asof die ouer ‘n terminale siekte het. Hierdie siening van die navorser word ondersteun deur Prior (in Dickenson *et al*. 2000:333) wat die vyf stadiums van die rouproses volgens Kübler-Ross (1970), naamlik, ontkenning en isolasie, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding, as ‘n ritueel beskou wat die persoon ondergaan wat aan ‘n terminale siekte lei, asook die persone wat so iemand aan die dood afstaan.

Kind E het onderhandel vir nog ‘n rukkie saam met haar ma deur te droom dat sy en haar ma nog saam is en dat hulle saam speel en dans. Sy het uit die klei twee mense gemaak met en ‘n blom tussen hulle. Volgens die navorser het kind E in haar drome die tyd saam met haar ma wat skielik deur die dood kortgeknip is, verleng deur in haar drome nog by haar ma te wees.Volgens die navorser het kind E tydens haar onderhandeling met God ‘n plan gemaak deur in haar drome by haar ma te wees en kon sy op dié manier op haar eie tyd van haar ma afskeid neem. Die drome van kind E in die nag waarin sy en haar ma gespeel het, het ‘n gereelde ritueel gevorm. Die navorser is van mening dat kind E ‘n ritueel geskep het deur ‘n “afspraak” met haar ma te maak om vir ‘n rukkie in haar drome weer by haar te kan wees. Volgens die navorser het kind E se natuurlike proses oorgeneem om die dood van haar ma op haar eie unieke manier met haar eie unieke ritueel te verwerk. Hierdie siening van die navorser word ondersteun deur Du Toit (2003:36) se bewering dat die gebruik van rituele ‘n kragtige hulpmiddel is en groot waarde het in die kanalisering van emosies tydens die verlies wat ervaar word wanneer ‘n geliefde sterf.

Kind D se ma is oorlede toe sy vier jaar oud was. Tydens die terapiesessies was kind D elf jaar oud. Kind D se ouma het vir haar die plek van die ma in haar lewe ingeneem.

Tydens die tweede sessie het kind D gesê haar ouma is onlangs dood en dat sy nie tyd gehad het om vir haar ouma ‘n foto van haarself en haar ouma te gee nie. Kind D was baie kreatief met haar onderhandelingsfase deur haar onvoltooidheid tot voltooiing te bring. Met haar kleiprojeksie het kind D ‘n ballon en die hemel uit klei gemaak en gesê sy gaan die foto wat sy nog vir haar ouma wou gee na haar ouma in die hemel stuur.

Kind D het verder gesê sy gaan ‘n briefie vir haar ouma bysit sodat haar ouma kan weet die foto kom van haar af. Die gedagte wat kind D in haar kleiprojeksie uitgespeel het, het ook in ‘n doen-aksie oorgegaan deurdat sy die ballon met die

briefie en selfgemaakte “foto” werklik in die lug opgestuur het. Sy het ‘n prentjie van haar en haar ouma geteken, want sy het nie ‘n foto van hulle gehad nie. Die navorser is van mening dat kind D die tyd saam met haar ouma wat kortgeknip is, ‘n bietjie verleng het en dat sy haar onderhandeling met God vir nog tyd saam met haar ouma in haar gedagtes gefikseer het. Die navorser glo dat kind D geweet het dat die ballon nie werklik die hemel sal bereik nie, maar die gedagte dat sy haar taak voltooi het, was vir kind D genoeg en het haar tot rustigheid in haar gemoed gestem. Die onvoltooidheid op haar voorgrond kon dus deur die benutting van hierdie ritueel voltooi word.

McFadden en Atchley (2001:53) is van mening dat Erikson se ontwikkelingsteorie van psigososiale waardes met elk van die agt lewensfases suksesvol deurgewerk moet word om ‘n gesonde, geïntegreerde persoon tot gevolg te hê. Die kind in die middelkinderjare kan die gehegtheidsgedrag wat voorkom nadat ‘n ouer aan die dood afgestaan is en wat instinktief by alle mense voorkom, deur die gebruik van rituele hanteer ten einde die onmisbaarheid van die ouer wat oorlede is in iets konkreets te omskep, sodat die herinneringe aan die ouer wat oorlede is kan voortleef. Kind D het deur die gebruik van die projeksietegniek in die vorm van die klei ‘n uitbeelding gegee van die onmisbaarheid van haar ouma wat vir haar soos ‘n ma was. Sy het haar herinneringe dus hanteer deur dit in iets konkreets te omskep deur haar getekende foto van haar en haar ouma hemel toe te stuur.

- **Depressie**

Kind E het volgens die navorser baie hartseer weens die dood van haar ma uitgestraal. Sy het vertel van die Sondae wat sy saam met haar ma werk toe gegaan en na die tyd by ‘n eetplek gaan eet het. Sy het ook vertel dat sy en haar ma gereeld saam inkopies gaan doen het. Sy het vertel dat haar vriendin se ma ook onlangs dood is en dat sy en haar vriendin met mekaar daaroor praat. Die navorser is van mening dat kind E troos in haar hartseer oor haar ma se dood probeer vind het, deur dit met haar vriendin wat ook ‘n verlies gely het te deel.

- **Aanvaarding**

Volgens Schoeman (2001:124) kom aanvaarding voor waar die vorige fases afgehandel is en die godsdienstige aspek nou intree en aanvaarding van die dood laat plaasvind.

Die navorser het gevind dat kind C en kind D aanvaarding van hulle ouers se dood beleef het en dat die afsluiting daarvan plaasgevind het. Kind C het haar ma aan die dood afgestaan toe sy ses jaar oud was. Sy en haar broer was reeds al ‘n geruime tyd van haar pa verwyder toe hy in Maart 2008 oorlede is. Kind C het ook gedurende die gesprek met die navorser aangedui dat sy haar ma nie so goed kan onthou nie.

Kind C het aan die navorser twee koerantuitknipsels gewys. Die berigte in die koerant het aangedui dat daar bespiegel is dat haar pa vermoor is, en toe later dat haar pa ‘n toeval gehad en in ‘n mes geval het en dit sy dood veroorsaak het. Die navorser is van mening dat kind C haar voltooidheid probeer vind het in die koerantuitknipsels wat sy sorgvuldig bewaar het, en dat die koerantuitknipsels eintlik haar gedagtes vir haar moes opmaak oor wat nou eintlik die werklikheid rondom haar pa se dood was.

Kind D se ma is dood toe sy vier jaar oud was. Soos in die geval van kind C, het sy ook aangedui dat sy nie veel van haar ma kan onthou nie. Kind D het haar ouma se dood met baie hartseer ervaar, aangesien haar ouma vir haar soos ‘n ma was. Kind D het dan ook eerder verkies om meer oor haar ouma te praat as oor haar ma. Volgens die navorser was dit ook ‘n teken dat kind D haar ma se dood lankal reeds aanvaar het.

### 4.3.1 Tipiese gevoelsprosesse teenwoordig in die rouproses van die kind in die middelkinderjare.

Verskillende gevoelsprosesse kan aan rou gekoppel word en kan emosionele ondersteuning bied aan die kind in die middelkinderjare om die rouproses suksesvol af te handel (Schoeman, 2001:127).

- **Die verwarde fase:**

Tydens hierdie fase kan die kind moontlik verwarring en skok beleef en kan die kind nie glo dat die ouer werklik dood is nie (Kübler-Ross, 1975:161). In die geval van al sewe gevallestudies was die verwarde fase volgens die navorser moontlik aanwesig. Kind A en kind B het hulle vader aan die dood afgestaan deurdat hy selfmoord gepleeg het. Dit was skielik en onverwags, en kind A en kind B het albei aan die navorser vertel dat daar geen duidelike tekens vooraf was dat hulle pa dit beplan het of dat hy depressief was nie.

Kind C het aan die navorser koerantuitknipsels gewys. Haar vader het alleen gewoon en mense het haar pa dood aangetref. Eers is ‘n moontlike moord ondersoek, terwyl ‘n latere koerantuitknipsel aangedui het dat haar pa moontlik ‘n toeval gekry en toe in ‘n mes geval en op dié manier gesterf het. Hierdie omstandighede waarin kind C se vader dood is, het volgens die navorser duidelike verwarring by kind C teweeg gebring en sy moes hierdie gebeure vir haarself verwerk en uitwerk tot ‘n slotsom wat sy kon aanvaar.

Kind D het volgens die navorser haar ouma se dood met skok ervaar, aangesien kind D eers ‘n paar dae na haar ouma se dood daarvan te hore gekom het. Sy het nog onverrigte sake met haar ouma gehad, soos om ‘n foto van haarself en haar ouma aan haar ouma te gee. Die feit dat kind D ook nie haar ouma se begrafnis kon bywoon nie, wat volgens die navorser ‘n ritueel is om van ‘n geliefde afskeid te neem, het ‘n onvoltooidheid teweeg gebring. Die navorser is

van mening dat die teken van ‘n “foto” gehelp het om kind D die berusting en aanvaarding te gee wat sy nodig gehad het.

Kind E se moeder was vir ‘n kort rukkie siek en is toe skielik dood. Volgens die navorser het die skielikheid van die dood moontlik verwarring in die gemoed van kind E veroorsaak. Kind E het ook aan die navorser genoem dat haar ma nog ‘n motor wou koop nadat sy vir bestuurslesse gegaan het. Dit kon toe nie realiseer nie.

Kind F se vader is in ‘n skietongeluk dood toe ‘n skelm hulle erf betree en haar pa doodgeskiet het terwyl hulle as gesin in die huis was. Kind F skryf dan ook in haar afskeidsbrief dat almal nog geskok is oor wat gebeur het. Volgens die navorser het kind F nog in die verwarde fase verkeer weens haar pa se skielike dood.

Kind G se vader is in ‘n motorfietsongeluk dood. Kind G skryf ook net soos kind F in sy afskeidsbrief aan sy pa dat hy hom mis en wens hy kon nog by hom gewees het. Volgens die navorser was ongeloof oor die werklikheid van sy pa se dood by hom aanwesig. Die navorser is van mening dat kind G in sy afskeidsbrief sy diep verlange en soeke na die teenwoordigheid van sy pa na vore gebring het.

- **Die soekende fase:**

Volgens Burger (2007:14) is dit die tyd van herinneringe wat intree. Volgens die navorser kan die wegpak of  wegmaak van die besittings soos klere en die deurgaan van dokumente van die oorledene op sigself ‘n ritueel vorm om deur die proses van afsluiting van die persoon se lewe te werk. Die soekende fase kan geïntensiviseer word waar die kind in die middelkinderjare byvoorbeeld in die klere van die ouer weer die oorledene se reuk kry of bekende items eie aan die oorledene ontdek tydens die wegpak of wegmaak van die besittings.

Kind A het vertel dat sy pa vir hulle aarbeikonfyt en roosterbrood in die oggende gebring het. Hy het ook tydens sy spel met klei, sandbak, tekeninge en kleurkryt die voortdurende tema gebruik van die mannetjie wat aarbeie wou gaan pluk en toe vreet die leeu hom op. Kind A se soeke na sy vader is volgens die navorser deur die gedagte aan aarbeie geïntensiveer.

Kind B het vertel dat sy pa aan sy stukkende bakkie gewerk het. In sy kleispel het kind B ‘n mannetjie gemaak en vertel die mannetjie aan sy stukkende bakkie werk. Op die vraag van die navorser watter kar hy graag sal wil hê, het hy gesê hy soek nie ‘n Porsche nie, hy soek sy ou bakkie. Volgens die navorser het kind B sy soeke na sy oorlede pa aan die ou stukkende bakkie gekoppel.

Kind E het ‘n ritueel met haar drome gevorm deurdat sy in die nag gedroom het sy en haar ma is weer saam en speel saam. Sy het haar ma in haar drome gesoek. Kind E het ook vertel dat haar ma 'n mooi glimlag gehad het.

- **Die vormingsfase:**

Volgens Schoeman (2001:127) tree daar ‘n mate van stabiliteit in wanneer die kind in die middelkinderjare weer kan fokus en as geïntegreerde wese in die samelewing kan funksioneer. Kübler-Ross (1975:161) beskou die fase as ‘n periode waar ‘n toename in selfstandigheid weer ingetree het.

Kind C en D wat beide hulle moeders ‘n paar jaar gelede aan die dood afgestaan het, het volgens die navorser onafhanklikheid getoon deurdat dit duidelik was in die sessies met hulle dat hulle emosies en gedagtes nie meer gesentreer was rondom die dood van hulle moeders nie. Dit het dus voorgekom dat hulle kon fokus en funksioneer as geïntegreerde mense in die samelewing.

- **Die ordeningsfase:**

Volgens Burger (2007:15) word die mens hier op aarde voor ‘n keuse gestel en berusting en aanvaarding tree in as die kind weet die ouer het die regte keuse uitgeoefen en waar die ouer na die dood heen is. Volgens die navorser kan die kind dan oor die goeie en slegte tye praat sonder om intense pyn te beleef. Die taak is dan suksesvol afgehandel en die kind kan weer emosioneel in ander belê.

Volgens die navorser was dit net kind C en kind D wat sonder intense pyn oor die dood van hulle ouers kon praat. Al die ander kinderrespondente het tydens die sessies nog die ervaring van pyn gehad.

## 4. PROJEKSIETEGNIEKE

Blom (2004:144) is van mening dat daar nie altyd ‘n automatiese aanbeweeg en besit neem van emosies by kinders aanwesig is nie. Verskeie projeksietegnieke in gestaltspelterapie word dan aangewend om die kind te help om besit te neem van hulle emosie en uitdrukking daaraan te gee. Projeksietegnieke soos die sandbak, stories vertel en verf word in gestaltspelterapie aangewend wat kinders help om uitdrukking aan hulle emosies te gee.

Volgens Oaklander (in Blom 2004:146) gee kinders uitdrukking aan emosie deurdat hulle beskryf hoe dit gevoel het tydens die gebruik van ‘n projeksietegniek. Oaklander (in Blom 2004:146) gaan voort deur te sê dat kinders eers besit moet neem van hulle eie emosies voordat hulle kan aan beweeg na die betekenis wat dit vir hulle inhou.

Volgens Blom (2004:147) word projeksietegnieke in gestaltspelterapie gebruik om kinders te help om op 'n spontane wyse uitdrukking aan hulle emosies te kan gee. Na aanleiding van Schoeman (in Blom 2004:147) word projeksietegnieke soos tekeninge en verf in gestaltspelterapie aangewend om ook die innerlike self van’n kind te versterk.

### 4.4.1 Projeksietegnieke wat in die empiriese ondersoek deur die navorser benut is:

- **Verf:**

Die projeksietegniek waar verf as medium gebruik is, het ten doel gehad om die kinderrespondente die geleentheid te gee om uitdrukking te gee aan die emosie wat vir hulle die ergste was van pappa/mamma se dood. Geldard en Geldard (2004:138) verwys daarna dat verf 'n waardevolle medium is wat gebruik word om die kind te help om aan emosies en gevoelens uitdrukking te gee.

Die navorser het nie gevind dat die kinderrespondente gepraat het oor wat die ergste was aangaande hulle vader of moeder se dood nie, maar sy het wel gevind dat die kinderrespondente se proses duidelik na vore gekom het. Kind G het verskillende kleure verf eers met mekaar gemeng voor hy begin verf het om sodoende die kleure te kry wat hy wou gebruik. Die navorser het die primêre kleure (rooi, groen, geel en blou) verf beskikbaar gehad. Kind B het oor sy uitstappies in die winkelsentrum vertel. Kind D het vertel dat die rooi kleur haar aan die bloed van Jesus laat dink en dat Jesus haar ouma kom wegneem het. Volgens die navorser het hierdie projeksietegniek daartoe bygedra dat die kinderrespondente gedeeltelik gepraat het oor hulleself en waarvan hulle gehou het, en gedeeltelik oor hulle vader of moeder wat oorlede is.

- **Sandbak.**

Die sandbaktegniek het aan die kinderrespondente die geleentheid gebied om op 'n ongestruktureerde wyse aan hulle emosies rondom die dood van hulle ouer uiting te gee en kon hulle 'n storie maak rondom die ouer wat oorlede is. Geldard en Geldard (2004:140) verwys daarna dat die sandbaktegniek kinders help om insig in gebeure te ontwikkel deur die visuele prent te skep.

Kind D het in die sandbak uitgespeel dat Jesus en die perd oorleef het, terwyl die ander figure in die sandbak dood is. Kind D het vertel dat haar ouma asma

gehad en baie probleme daarmee ondervind het. Sy het ervaar dat haar ouma nou nie meer stres en probleme het nie. Sy was van mening dat haar ouma alles wat sy doen op die “big screen” sien.

Nadat kind D die speelgoed weggepak het, het sy met die stokkies en klippies wat in die sand was, haar storie verder uitgespeel. Die navorser het nie suiwer sand gebruik nie, dit was sand uit haar tuin. Kind D het twee stokkies in die sandbak gekry en dit in ‘n kruisvorm geplaas en gesê dit is die kruis van Jesus. Sy het die sand tussen haar vingers laat deurloop en met die sand gespeel terwyl sy gesit en praat het.

Kind D se emosies wat tydens hierdie projeksietegniek na vore gekom het, was dat haar ouma probleme en stres op aarde ervaar het, maar dat sy nou in die hemel is en dat dit met haar goed gaan. Volgens die navorser blyk dit dat kind D se emosie gestimuleer is tot die uitkoms waar sy ‘n vergelyking wou tref met haar ouma se swaarkry op aarde en die kruis wat Jesus moes dra. Dit impliseer dat stres en probleme verby is wanneer ‘n persoon sterf en hemel toe gaan.

Kind D kon nie haar ouma se begrafnis bywoon nie, en die navorser is van mening dat kind D met die projeksietegniek van die sandbaktegniek die kloof tussen die teraardebestelling en die hiernamaals oorbrug het. Die sandbaktegniek het die meeste kinderrespondente in staat gestel om hulle emosies rondom die dood van hulle ouers uit te speel.

## 4.5 RITUELE AS PROJEKSIETEGNIEKE

Die navorser vind ondersteuning by Firth (in Dickenson *et al.* 2000:333) in die beskouing van die begrafnis as een van die rituele wat uitgevoer word deur die geliefdes van ‘n persoon wat gesterf het. In hierdie studie het ses van die sewe kinderrespondente hierdie ritueel beoefen om van die ouer wat gesterf het afskeid te neem. Kind D kon nie haar ouma se begrafnis bywoon nie.

### 4.5.1 Rituele as projeksietegniek in kanalisering van emosies:

Die navorser het ondersteuning by Du Toit (2003:36) gevind wat rituele as projeksietegniek as ‘n kragtige hulpmiddel beskou aangesien, dit in kanalisering van emosies dien na ‘n verlies ervaar is.

Tydens die sessies met die kinderrespondente het twee van die respondente ‘n duidelike demonstrasie van hierdie stelling getoon. Kind E het haar eie ritueel as projeksietegniek gevorm deurdat sy dikwels in die nag gedroom het sy en haar ma speel, lag en gesels nog saam. Dit blyk volgens die navorser dat kind E ‘n “afspraak”met haar oorlede ma gehad het om haar in haar drome te ontmoet en saam met haar te wees. Volgens die navorser het kind E haar unieke proses gebruik om ‘n unieke ritueel as projeksietegniek te vorm ten einde afskeid van haar ma te neem en was dit haar poging om haar rouproses en verlies deur te werk.

Kind A se unieke ritueel as projeksietegniek was dat hy met elke sessie die tema uitgespeel het van die mannetjie wat aarbeie wou gaan pluk en toe deur die leeu opgevreet is. Kind A het die herhalende spel gebruik om sy hartseer en verlies uit te speel totdat sy menswees dit kon hanteer en integreer.

### 4.5.2 Rituele as projeksietegnieke wat in die empiriese ondersoek deur die navorser benut is:

- **Bordkryte rasper:**

Die doel van die aktiwiteite en die mediums waarvan gebruik gemaak is, soos om bordkryt te rasper, was om die sensoriese gewaarwording van die kind in die middelkinderjare te stimuleer. Die navorser het op die oorledene gefokus en die kind wat ‘n ouer aan die dood afgestaan het, begelei om aan emosies rondom die verlies van die ouer uitdrukking te gee.

Tydens die sessies het die navorser gevind dat die kinderrespondente herinneringe aan die oorlede ouer herroep het en dat hulle werklik diep nagedink het oor hulle ouer wat dood is. So het kind E tydens die sessie vertel van die winkels wat sy en haar ma gereeld besoek en dat hulle klere gekoop het. Sy het tydens die sessie onthou van watter kleure haar ma gehou het en dat hulle twee meestal saam was.

Kind G het tydens die sessie onthou hoe hy en sy pa saam motorfiets gery het. Kind G het ook tydens die sessie aan die navorser gesê dat hy "uitgefigure" het, soos hy dit gestel het, dat dit nie die motorfiets se skuld was dat sy pa dood is nie, maar dat dit sy pa se tyd was om te sterf.

Die ritueel as projeksietegniek van bordkryt rasper en die gesprek oor die kleure het diep herinneringe en nadenke by meeste van die kinderrespondente tot gevolg gehad. Venter (2005) ondersteun hierdie tegniek.

- ***Memory box*:**

Tydens hierdie ritueel as projeksietegniek het die navorser die kinderrespondente 'n boksie laat maak en kaartjies laat skryf met herinneringe aan die ouer wat dood is. Die navorser het gevind dat die kinderrespondente almal op die een of ander stadium gesê het dat hulle oorlede pa of ma in die hemel is. Al die kinderrespondente was van 'n godsdienstige agtergrond afkomstig.

- **Briefskryf:**

Al die kinderrespondente het die geleentheid gekry om op 'n tasbare en kognitiewe vlak van hulle ouers wat dood is afskeid te neem. Die tegniek om 'n afskeidsbrief aan die ontslape ouer te skryf is een van die rituele as projeksietegniek wat in die empiriese ondersoek benut is. Geldard en Geldard (2004:67) verwys daarna dat gestaltspelterapie die kind bemagtig om op

sensoriese, emosionele en kognitiewe vlak in kontak te kom met hulle ervaring op ‘n gegewe tydstip.

Al die respondente het tydens die benutting van die briefskryftegniek geskryf hulle mis die ouer wat dood is. Die navorser is van mening dat kind G die afskeidsbrief aan sy pa probeer vermy het deur van die skool en die terapiesessie af weg te bly, maar toe hy die geleentheid gekry het om sy gedagtes op papier te sit, kon hy verwoord dat hy sy pa mis en dat hy wens sy pa was nog by hom.

Kind D het aan haar ouma geskryf en van haar afskeid geneem. Die navorser is van mening dat kind D se ouma die plek van haar ma ingeneem het, alhoewel kind D nie by haar ouma gewoon het nie. Die ritueel as projeksietegniek van die afskeidsbrief het meegebring dat die kinderrespondente almal erkenning gegee het aan hulle gemis van en verlange na hulle ontslape ouers. Kognitief kon hulle erkenning gee aan hulle wete dat die persoon werklik dood en begrawe is. Daarmee saam het hulle erkenning gegee aan die finaliteit van die dood. Volgens die navorser het ‘n ritueel as projeksieteniek ook ‘n begin en ‘n einde, aangesien dit ‘n proses is wat aangedui word. Die navorser is van mening dat die einde van die rouproses nie noodwendig in al die respondente se emosies na vore getree het nie. Met die skryf van die brief is egter aan al die respondente die geleentheid gebied om hulle emosies teenoor die geliefde oorlede ouer op skrif te sit en kon die onvoltooidheid sodoende voltooi word. Die kinderrespondente kon verder die briefie in die ballon sit, die ballon in die lug opstuur, en op hierdie wyse hulle emosies los laat. Volgens die navorser was die ballon wat met die briefie in die lug op gestuur is ‘n goeie afsluitingsmetode, aangesien die kinders in hulle gedagtes kon fantaseer dat die ballon en die briefie die ouer bereik en dat hulle op dié wyse vir altyd ‘n skakel het met die ouer in die hemel. Kind D was van mening dat sy die ballon, briefie en foto na haar ouma in die hemel gestuur het.

## 4.6 DIE ONTWIKKELINGSFASES VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE WAT VAN TOEPASSING IS OP DIE ROUPROSES

Die middelkinderjaretydperk (6 tot 12 jaar), word deur Louw *et al*. (in Louw 2004: 232) beskou as 'n baie belangrike tydperk in elke kind se lewe wat die emosionele, kognitiewe, sosiale en fisieke ontwikkeling aanbetref.

Vir die doel van die studie is die kind in die middelkinderjare bestudeer ten opsigte van die emosionele, kognitiewe, sosiale en fisieke ontwikkeling van die kind wat 'n ouer aan die dood afgestaan het.

In die Hoofstuk 2 het die navorser na vore gebring wat aan die hand van die literatuur nagevors is. Met die literatuurkontrole in hierdie hoofstuk word gepoog om vas te stel wat die navorser by die kinderrespondente in hulle middelkinderjare ten opsigte van die emosionele, kognitiewe, sosiale en fisieke ontwikkeling gevind het.

- **Emosionele ontwikkeling:**

Die navorser het in haar studie met kinders in hulle middelkinderjare gevind dat die meeste kinderrespondente die emosie van hartseer oor hulle oorlede ouer ervaar het. Die navorser het by drie van die kinderrespondente, naamlik kinders A, B en G, waargeneem dat die ervaring van die verlies van 'n ouer by hierdie kinders aggressiewe en depressiewe gedrag na vore gebring het. Dit het ook na vore gekom dat die seuns meer as die dogters aggressiewe gedrag getoon het. Die navorser het waargeneem dat die seuns wie se pa selfmoord gepleeg het, meer aggressiewe gedrag getoon het en dat hulle lewensomstandighede as gevolg van die dood van hulle vader ingrypend verander het. Volgens Louw *et al*. (in Louw *et al.* 2004:349) kan die kind in die middelkinderjare besef die ouer is dood en dat die ouer nooit weer sal terugkeer nie. Louw *et al*. (2004:349) is ook

van mening dat rituele binne die terapeutiese milieu goed deur die kind in die middelkinderjare begryp en toegepas kan word.

Die navorser is van mening dat die rituele as projeksietegnieke en spelterapietegnieke wat sy gebruik het tot die toepaslike uitdrukking van emosies rondom die verlies van 'n ouer gelei het. Die navorser het ervaar dat al die rituele as projeksietegnieke en spelterapietegnieke in hierdie studie van waarde was en dat die sensoriese, kognitiewe en emosionele vlakke van al die kinderrespondente hanteer is. Die navorser het ook ervaar dat al die projeksietegnieke in gestaltspelterapie wat sy in hierdie studie benut het 'n eenheid gevorm het om die beste insig en begrip te kon bied ten opsigte van hulpverlening aan die kind wat weens die dood van 'n ouer verlies ervaar.

- **Kognitiewe ontwikkeling:**

Humor speel 'n belangrike rol in die lewe van 'n kind in die middelkinderjare (Louw *et al*. 2004:376). Kinders A, B, F en G het melding gemaak van die humor wat ontbreek vandat hulle pa's oorlede is. In elkeen van die kinderrespondente se lewens het hulle vaders met hulle gespeel en grappies gemaak. Dit was een van die dinge wat hulle gemis het sedert hulle vaders oorlede is.

In die gesprek met die skoolhoof waar kind G op skool was, het die hoof gemeld dat kind G se skoolwerk en skoolbywoning agteruit gegaan het sedert sy pa oorlede is. 'n Moontlike oorsaak daarvoor kan wees dat baie energie vir die rouproses gebruik word en dat skoolwerk dan dikwels agteruitgaan.

Elkind (2001:48) waarsku dat die oorblywende ouer nie die eie persoonlike stres op die kinders moet aflaai na die dood van die ander ouer nie. Volgens die navorser was stres oor finansies wat nou minder is nadat hulle pa dood is, by kind A en kind B aanwesig. Albei het in die gesprekke met die navorser genoem hulle het nie nou meer so baie geld nie.

- **Sosiale ontwikkeling:**

Volgens Louw *et al*. (2004:354) is kinders in die middelkinderjare bewus van die ouer wat oorbly se emosies en sal hulle die ouer se gevoelens, asook dié van die broers en susters in ag neem. Louw *et al*. (2004:354) is van mening dat die kind in die middelkinderjare takies sal verrig om sodoende empatie met ander te toon.

Kinders A, B, F en G het skottelgoed gewas en ander takies en verantwoordelikhede in die huis gedeel. Kinders A en B, twee broers, het gesê hulle moet in die oggende "haastig maak en skool toe jag en kom altyd laat". Kind F en haar ouer suster en jonger broer het by twee van haar ooms gebly en moes self vir skoon klere sorg en kos kook, met die hulp van die ooms. Kind G het met sy fiets in die oggende skool toe gery en dit was sy verantwoordelikheid om by die skool uit te kom. Volgens die navorser moet die oorblywende ouer/voog versigtig wees om die kinders in die gesin waar die ander ouer dood is, nie toe te gooi en te oorweldig met te veel verantwoordelikhede en stres nie. Tydens die studie was die navorser se ervaring dat die oorblywende ouer se emosies self so oorweldigend was om te hanteer dat hulle nie kon waarneem dat die kind self ook worstel met emosies nie.

Tydens die gesprekke wat die navorser met die kinderrespondente gevoer het, was dit kinders C en E wat gemeld het dat hulle 'n goeie vriendin het. Uit die gesprekke met hulle kon die navorser waarneem dat hulle op sosiale interaksievlak met hulle maats goed gefunksioneer het. Die navorser kon nie agterkom of daar op sosiale interaksievlak enige probleme was met die ander kinderrespondente nie. Die rede hiervoor is dat dit nie aan die lig gekom het in gesprekke met die kinderrespondente of gesprekke met die ouer/voog nie.

- **Fisieke ontwikkeling:**

Volgens Stroebe *et al.* (2001:177) is kinderrou nie minder intens as by volwassenes nie. Kind G was volgens die skool dikwels afwesig sonder werklike

redes. Die navorser is van mening dat kind G deur sy optrede gepoog het om vertroos te word en om ‘n boodskap uit te stuur dat hy hulp nodig het om sy pa se dood te verwerk. Die ander kinderrespondente het geen klagtes gehad van hoofpyne of maagkwale of ander fisieke simptome waarmee hulle ‘n boodskap wou uitstuur dat hulle in rou verkeer en vertroos wou word nie.

Kinders B en E het in die nag drome en nagmerries gehad. Volgens die navorser was dit die manier waarop hulle op onbewuste vlak uitdrukking gegee het aan die verlies weens die dood van hulle ouers.

## 4.7 BEVINDINGE RONDOM GESPREKKE MET DIE OUERS

Kind G se moeder het in die gesprek met die navorser genoem dat sy nie weet wat om te doen as kind G sonder rede nie skool bywoon nie, want, soos sy dit gestel het, hy praat nie oor sy gevoelens nie. Uit die navorsing het dit geblyk dat ouers en volwassenes self nie altyd weet hoe om hulle emosies rondom die dood van ‘n geliefde te hanteer nie (McFadden en Atchley, 2001:54).

Kinders A en B se moeder het in ‘n gesprek met die navorser genoem dat sy as moeder gefrustreerd voel met haar situasie. Die moeder se aanmeldingsklagte was dat kinders A en B sukkel om by hulle nuwe skool aan te pas. Haar ander klagte was dat die kinders met mekaar baklei. Die navorser is van mening dat die moeder van kinders A en B nodig gehad het om hulle vir terapie te bring, aangesien sy self in ‘n rouproses was en moontlik nie altyd geweet het hoe om haar emosies rondom die dood van haar geliefde te hanteer nie (McFadden en Atchley, 2001:54). Gevolglik het ook sy nie altyd geweet hoe om haar kinders se emosies van hartseer en woede toepaslik te hanteer nie.

Die navorser is van mening dat die kind ‘n ouer aan die dood afgestaan het se belewing, verwerking en aanvaarding dikwels bepaal word deur die wyse waarop die oorledene se dood deur die oorblywende ouer of betekenisvolle ander

persone hanteer word. Die mening van die navorser word deur McFadden en Atchley (2001:54) gestaaf. In die gevalle waar die kinderrespondente in ‘n kinderhuis was, het dit voorgekom asof die personeel nie altyd geweet het hoe om die kinders se emosies rondom hulle verlies te hanteer nie. Die kinderhuismoeder van kind D het aan die navorser genoem dat kind D baie hartseer was toe sy die nuus van haar ouma se dood verneem het. Uit die gesprek met die kinderhuismoeder kon die navorser nie agterkom of daar iemand was wat kind D op daardie tydstip vertroos en moed ingepraat het nie. Die kinderhuismoeder het aan die navorser genoem dat kind C soms haarself onttrek en stil raak. Ook uit die gesprek het dit nie duidelik geword of daar iemand was wat met kind C gepraat he tom te hoor hoekom sy haar soms onttrek en stil raak nie.

Kind E se oom het aan die navorser gesê, volgens sy wete gaan dit goed met kind E. Tydens die sessies met kind E kon die navorser egter waarneem dat sy duidelik nog in skok was oor haar pa se skielike dood. Kind F se ouma het aan haar ‘n slaappil gegee as sy nagmerries kry en volgens die gesprek met kind F moes sy dan maar weer net gaan slaap het.

Die ouers/voogde van die kinderrespondente het die volgende aangedui oor die vraag of die terapiesessies geslaagd was al dan nie:

- Kinders A en B se moeder het gesê dat hulle makliker oor die dood van hulle vader praat nadat hulle terapie ondergaan het.
- Die kinderhuismoeder was van mening dat kind C nie meer so emosioneel was as voor die terapie nie en dat die verhouding tussen kind C en haar broer op ‘n meer normale vlak van funksionering was. Volgens die kinderhuismoeder het kind C nie meer die oorheersende behoefte om die heeltyd by haar broer te wees nie. Die kinderhuismoeder het ook gemeld dat kind C aanvanklik bang was haar broer kom ook iets oor, vandaar die dringende behoefte om

heeltyd by hom die te wees. Die kinderhuismoeder was van mening dat kind C baat gevind het by die terapie.

- Die kinderhuismoeder het daarop gewys dat kind D se moeder te lank gelede al oorlede is en dat sy nie ervaar het dat kind D se optrede en emosies na die terapie noemenswaardig anders is as voor die terapie nie. Die kinderhuis- moeder het geen kommentaar gelewer of daar na die terapie verbetering in emosie was oor haar ouma se dood by kind D nie.
- Kind E se ouma het die terugvoering gegee dat kind E emosioneel baat gevind het by die terapie. Kind E se ouma het ook gesê kind E is altyd gewillig om nuwe dinge te probeer en dat dit voorkom of dit goed gaan met kind E.
- Kind F se oom was van mening dat die terapiesessies kind F wel gehelp het en dat dit goed gaan met kind F.
- Kind G se oupa het genome dat kind G nog "humeurig" en "buierig" was, maar dat wel verbetering te bespeur was.

Geldard en Geldard (2004:67) toon aan dat die mediums wat in gestaltspelterapie aangewend word, help om kinders tot toepaslike uitdrukking van hul emosies te begelei. Uit die navorsingsresultate blyk dit dat die meeste kinderresepondente volgens hulle ouers/voogde, is tot die uitdrukking van hul emosies rondom hulle verlies begelei.

## 4.8 SAMEVATTING

Uit die navorsingsresultate is die navorser van mening dat die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie met vrug aangewend kan word om die kind in die middelkinderjare tot die toepaslike uitdrukking van emosies rondom die dood van 'n ouer te begelei.

Die verskillende gestaltspelterapeutiese projeksietegnieke is suksesvol benut tydens die terapiesessies met die kinderrespondente.

Al die kinderrespondente het positief op die terapie gereageer. Aan die hand van die literatuurkontrole is die bevindings gestaaf wat tydens die empiriese ondersoek na vore gekom het.

# HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Uit die literatuurstudie en die navorser se praktiese ondervinding tydens die terapiesessies met die kinders in die middelkinderjare wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer, het daar vir haar nuwe perspektiewe rondom die benutting van projeksietegnieke in gestaltspelterapie aan die lig gekom.

Hoofstuk 1 handel oor die doel en verloop van die navorsingstudie. In Hoofstuk 2 word relevante literatuur bespreek waar aspekte van verlies en die hantering daarvan ten opsigte die kind in die middelkinderjare na die dood van ‘n ouer ter sprake kom.

Hoofstuk 3 bevat die verslag oor die empiriese ondersoek vanuit die gestalt-spelterapeutiese benadering. Hoofstuk 4 word die bevindinge van die sewe gevallestudies aan die hand van die geraadpleegde literatuur gekontroleer.

‘n Verkennende en beskrywende benadering is met hierdie navorsing gevolg. Die navorser wou die benuttingswaarde van projeksietegnieke in gestaltspelterapie, vir die kind wat verlies ervaar, vasstel en beskryf.

In hierdie laaste hoofstuk fokus die navorser daarop om ‘n samevattende terugblik te bied en gevolgtrekkings en aanbevelings te maak oor die gestaltspelterapeutiese hantering van verlies by die kind in die middelkinderjare wat ‘n ouer deur die dood verloor het.

## 5.2 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

### 5.2.1. Doelstelling van die studie

Die doelstelling van die studie was om die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie te verken en te beskryf.

Die doelstelling van die studie is bereik deurdat sewe kinders in hulle middelkinderjare wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer, by agt terapiesessies elk betrek is. Die gevallestudie is as navorsingsprosedure benut om te bepaal wat die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie is met die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar.

Daar is van kwalitatiewe data gebruik gemaak wat deur middel van semigestruktureerde onderhoude ingewin is.

### 5.2.2 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag is soos volg geformuleer: Wat is die benuttingwaarde van projeksietegnieke in gestaltspelterapie met die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar? Hierdie navorsingsvraag is beantwoord.

Die benuttingwaarde van die projeksietegnieke binne gestaltspelterapie is dat die kinderrespondente bemagtig is om hul emosies rondom die dood van hulle ouers toepaslik te kon uitdruk.

### 5.2.3 Doelwitte van die navorsing

Die gestelde doel van hierdie studie was om die benutting van projeksietegnieke in gestaltspelterapie te verken en te beskryf ten opsigte van die kind wat verlies ervaar.

Die doelwitte in Hoofstuk 1 gestel, is volgens die navorser bereik, soos vervolgens aangetoon word.

**Doelwit 1:**

Om ‘n literatuurstudie te loods ten einde die literatuur rakende gestaltspelterapie, projeksietegnieke, verlies en die kind in die middelkinderjare, te verken en te beskryf. Hierdie doelwit is volgens die navorser in Hoofstuk 2 bereik waar ‘n deeglike ondersoek van resente en relevante literatuur gedoen is.

In die literatuurondersoek is daar ook op die terapeutiese intervensie met hierdie kinders gefokus.

**Doelwit 2:**

Om deur middel van ‘n empiriese ondersoek die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie te verken en te beskryf ten opsigte van die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar. Hierdie doelwit is volgens die navorser in Hoofstuk 3 bereik.

Die navorser het van spesifieke projeksietegnieke en rituele as projeksietegnieke gebruik gemaak binne die gestaltspelterapeutiese benadering wat tydens die individuele kontaksessies met die respondente benut is. Die volgende projeksietegnieke is benut: kleiwerk, sandbak, verfwerk en die volgende rituele as projeksietegnieke is benut: skryf van ‘n afskeidsbrief aan die ouer wat oorlede is, “memory box” en bordkryte rasper. Die navorser het die projeksietegnieke gebruik om die benutting daarvan binne gestaltspelterapie te eksploreer en te beskryf ten opsigte van die kind wat verlies ervaar weens ‘n ouer wat dood is.

**Gevolgtrekking:**

Die projeksietegnieke wat die navorser aangewend het met die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar weens die dood van’n ouer het met al die respondente goed gewerk.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die individuele terapie tesame met die projeksietegnieke in die konteks van gestaltspelterapie effektief aangewend kan word om kinders te begelei tot die toepaslike uitdrukkking van emosies rondom die dood van 'n ouer.

Deur die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie kan kinders bemagtig word om aan hulle emosies uitdrukking te gee.

Die navorser het tydens haar kontak met die respondente waargeneem dat die manlike respondente nodig gehad het om deur middel van aggressiewe spel aan hulle emosies uitdrukking te gee. Die vroulike respondente het in 'n groter mate aan hartseeremosies uitdrukking gegee.

**Doelwit 3:**
Die derde doelwit wat gestel is, was om ‘n literatuurkontrole te doen ten einde die inligting vanuit die literatuur te vergelyk met die inligting van die empiriese ondersoek.

Hierdie doelwit is volgens die navorser in Hoofstuk 4 bereik.

Daar is met die ouers/voogde van die respondente in gesprek getree rondom die wyse waarop die kinders hulle emosies na voltooiing van die terapie hanteer het in vergelyking met die tyd voor terapie. Die ouers/voogde is ook gevra om aan te dui of daar 'n vermindering al dan nie in die aanwesigheid van uitreagerende gedrag ingetree het.

Uit die gesprek met die ouers/voogde het dit geblyk dat van die sewe kinderrespondente daar by ses kinderrespondente wel 'n verbetering in die hantering van hulle emosies rondom die dood van die ouer waarneembaar was na die terapeutiese intervensie. Dit klop met die navorser se eie waarneming en

is dus ‘n aanduiding dat daar wel ‘n mate van verwerking van verlies by die kinders plaasgevind het.

Volgens die evaluering van die kinderhuismoeder het die dogter wat haar ma aan die dood afgestaan het toe sy vier jaar oud was, nie 'n merkbare verandering ten opsigte van die hantering van haar emosies getoon nie. Die dogter was twaalf jaar oud tydens die terapie. Tydens die empiriese ondersoek, met Sessie 2, het die respondent dit duidelik gemaak dat die dood van haar ouma vir haar ‘n groot verlies was en dat haar ouma vir haar soos ‘n ma was. Die navorser en die respondent het daarom vir die doel van die studie meer op die verlies weens die dood van haar ouma as op dié van haar ma gefokus.

Die literatuur wat die navorser in Hoofstuk 2 ondersoek het stem ooreen met die kinderrespondente se ervaring van verlies tydens die navorser se empiriese ondersoek.

Die rouproses stem ook met die literatuurstudie van Hoofstuk 2 ooreen en die navorser kon dit toepas op die kinderrsepondente met wie sy gewerk het.

Die projeksietegnieke wat die navorser tydens haar studie met die kinderrespondente benut het, was afkomstig van inligting uit die literatuur en die konsultasies met kundiges. Dit kon sinvol toegepas word op die kinderrespondente wat verlies ervaar.

**Doelwit 4:**
Die vierde doelwit wat gestel is, was om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie met die kind wat verlies ervaar.

'n Samevatting van beide word vervolgens gegee.

### 5.3 Gevolgtrekkings:

- Ouers en volwassenes weet nie altyd hoe om hul eie emosies rondom die dood van ‘n geliefde te hanteer nie.
- Die meeste kinderrespondente het getoon dat hulle skok en ontkenning ervaar het weens die dood van hulle ouers.
- Sommige kinderrespondente het hulleself in meer as een fase tegelykertyd bevind.
- Alhoewel kind D moontlik tot aanvaarding gekom het oor haar moeder se dood, was dit duidelik dat kind D wat haar ouma se dood betref, nog aan die begin van haar rouproses was. Haar ouma was vir haar soos ‘n moeder.
- Gevoelsprosesse: Die meeste kinderrespondente het nog ervaring van intense pyn gehad.
- Die navorser het gevind dat die benutting van projeksietegnieke met die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer, as ‘n kragtige hulpmiddel aangewend kan word vir die kanalisering van emosies.
- Volgens die navorser is die kinderrespondente nou toegerus met hanteringstrategieë om self verder op ‘n sinvolle wyse deur die rouproses te werk.

### 5.4 Aanbevelings

#### 5.4.1 Ouer/voogbegeleiding

Uit die studie blyk professionele begeleiding van ouers/volwassenes ‘n dringende behoefte te wees. Hulle bevind hulle self in ‘n rouproses en verstaan soms nie as kinders nie hul emosies kan verwoord of verwerk nie. Uit die studie blyk dit dat daar 'n groot mate van onkunde bestaan aangaande die rouproses waardeur enige persoon moet gaan wat verlies weens die dood van ‘n geliefde ervaar.

Die navorser beveel aan dat die ouer/volwassene bemagtig moet word om bemoeienis met die kind te maak en begrip en ondersteuning te bied aan die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer.
Die terapeut kan verder die ouer/voog begelei ten opsigte van die aanpassing binne die gesinsisteem na die dood van 'n geliefde. Die benutting van projeksietegnieke met die oorblywende ouer kan ook grootliks hiertoe bydra.

### 5.4.2 Oordra van inligting aan ander terapeute

Uit die literatuur verkenning en navorsing van die navorser, in die besonder ten opsigte van die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterpie met die kind wat verlies ervaar, bestaan daar ‘n leemte wat dringend aandag verdien. Uit die empiriese ondersoek het die navorser bevind dat die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie met die kind wat verlies ervaar die kind kan begelei om op 'n sinvolle wyse deur die rouproses te werk.

Die navorser beveel aan dat terapeute hierdie tegniek benut om sodoende die verlies wat die kind ervaar wanneer ‘n ouer sterf, effektief te hanteer.

### 5.4.3 Hantering van emosies

Uit die studie het die navorser bevind dat die kind in die middelkinderjare wat ‘n moeder of vader aan die dood afgestaan het, nie altyd hulle gevoelens op toepaslike wyses kan hanteer nie. Tydens die terapeutiese intervensie en ouerbegeleiding kan die kind sowel as die ouer bemagtig word om gevoelens en emosies op toepaslike wyses uit te druk.

### 5.4.4 Navorsing

Die navorser het tydens haar studie die respondente sowel vir die empiriese ondersoek as vir haar en praktiese eksaminering benut. Die navorser het ook twee van die respondente by groepintervensie betrek. Op dié wyse is die waarde van die terapeutiese intervensie verhoog.

**Hipoteses** wat in toekomstige navorsing getoets kan word:

- Indien projeksietegnieke binne gestaltspelterapie benut word met 'n kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar weens die dood van 'n ouer, sal hierdie kinders hul emosies beter kan hanteer as 'n kind in die middelkinderjare wat dieselfde verlies ervaar, maar waar geen projeksietegnieke binne 'n gestaltspelterapeutiese konteks benut is nie.

- Om die verskil in die hantering van verlies weens die dood van ‘n ouer tussen seuns en meisies te ondersoek.

## 5.5 Slotopmerking

Die projeksietegnieke wat tydens die navorsingstudie benut is, is suksesvol aangewend om die respondente in kontak te bring met hulle emosies ten opsigte van die verlies van ‘n ouer en kan met vrymoedigheid aanbeveel word.

Die kinderrespondente is ook begelei om hulle emosies rondom die verlies toepaslik uit te druk. Hulle het verder ook ondersteuning van 'n neutrale buitestander in die persoon van die navorser beleef, aangesien hulle eie ouers nie altyd aan hulle ervaring van die ander ouer se dood aandag kon gee nie.

Die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie ten opsigte van die kind wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer, kan beslis met sukses tydens terapeutiese intervensie aangewend word, om sodoende die kind in die middelkinderjare te begelei en met emosionele hanteringstrategieë toe te rus om deur die rouproses te werk en so waarskynlik gouer aanvaarding en verwerking te bereik.

## BRONNELYS


Babbie, E. 2008. **The basics of social research.** Chapman University, USA: Thomson Wadsworth.

Berk, L.E. 2001. **Awakening children's minds. How parents and teachers can make a difference.** Oxford New York: Oxford University Press, Inc.

Berk, L.E. 2003. **Child Development.** United States of America: Pearson Education, Inc.

Blom, R. 2004. **Handbook of Gestalt Play Therapy. Practical Guidelines for Child Therapists.** Fichardtpark: Drufoma.

Bryant, C.D. 2003. **Handbook of Death and Dying. Volume 1. The presence of death.** London: Sage Publications, Inc.

Burger, I. 2007. **Die eerste 5 minute na die dood. Wat gebeur as 'n mens sterf?** Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.

Delport, C.S.L. 2005. **Research at grass roots for the special sciences and human science professions.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

Delport, C.S.L. en De Vos, A.S. 2005. Professional research and professional practice. In De Vos, A.S.; Strydom, H; Fouché C.B. en Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions**. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S.; Strydom, H; Fouché, C.B. en Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the**

**social sciences and human service professions.** 2nd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Dickenson, D., Johnson, M., Katz, J.S. 2000. **Death, dying and bereavement.** 2nd ed. London: Sage Publications.

Dobson, J. 2004. **Praktiese ouerskap.** Paarl: Suid-Afrika.

Dobson, J. 2002. **Om seuns groot te maak.** Paarl: Suid-Afrika.

Du Toit, A. 2003. **Die gebruik van rituele as ‘n terapeutiese hulpmiddel tydens rouberaad: ‘n prakties-teologiese ondersoek.** M.A.-verhandeling. Departement Maatskaplike Werk. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Ellis, F. 2005. Persoonlike onderhoud. 10 Oktober, Pretoria.

Elkin, D. 2001. **The hurried child. Growing up too fast too soon.** 3rd ed. Cambridge, Massachusetts: Perseus Publishing.

Engelbrecht, S. 2002. **Die terapeutiese begeleiding van die jong kind in kindersorg wie se ouers op ‘n onnatuurlike wyse gesterf het.** M.A.-verhandeling. Departement Maatskaplike Werk. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Fouché, C.B. 2005. Writing the research proposal. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. en Delport, C.S.L. **Research at grass roots for the social sciences and human science professions.** 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. 2005. Qualitative research designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. en Delport, C.S.L. **Research at grass roots for the social sciences and human science professions.** 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. en De Vos, A.S. 2005. Problem Formulation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. en Delport, C.S.L. **Research at grass roots for the social sciences and human science professions.** 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. en Delport, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. en Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions**. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Geldard, K. & Geldard, D. 2004. **Counselling children. A practical introduction.** 2nd ed. London: Sage Publications.

Green, C. 2000. **Beyond toddlerdom. Keeping five- to twelve-year-olds on the rails.** Chatham Kent: Mackays of Chatham plc.

Howarth, G. 2007. **Death & dying. A sociological introduction.** Cambridge, UK: Polity Press.

Huntley, T. 1991. **Helping children grieve. When someone they love dies.** Minneapolis: Augsburg.

Internet Atherton, J.S. (2005) Learning and teaching: Piaget's developmental theory (on-line) UK: Available: http://www.learningandteaching.info/learning/piaget.htm Accessed: 23 August 2008.

Joubert, K. 2005. Persoonlike onderhoud. 13 Oktober, Pretoria.

Kübler-Ross, E. 1975. **Death the final stage of growth**. United States of America: Prentice-Hall, Inc.

Le Grange, E. 2005. Persoonlike onderhoud. 13 Oktober, Pretoria.

Louw, D.A., van Ede, D.M., Ferns, I., Schoeman, W.J., en Wait, J., 2004. Die middelkinderjare. In Louw, D.A., van Ede, D.M., en Louw, A.E. **Menslike ontwikkeling.** 3de uitg. Pretoria: HAUM.

Mayo, P.E. & Feinstein, D. 1990. **Rituals for living & dying. From Life's Wounds to Spiritual Awakening.** San Francisco: Harper Collins Publishers.

McFadden, S.H. & Atchley, R.C. 2001. **Aging and the meaning of time. A Multidisciplinary Exploration**. New York, NY: Springer Publishing Company.

Meyer, W.F. en van Ede, D.M. 2004. Ontwikkelingsteorieë. In Louw, D.A., van Ede, D.M., en Louw, A.E. **Menslike Ontwikkeling.** 3de uitg.Pretoria: HAUM.

Nolte, M. 2005. Persoonlike onderhoud. 14 Oktober, Pretoria.

Oaklander, V. 1988. **Windows to our children: A gestalt therapy approach to children and adolescents.** Highland, New York: The Gestalt Journal Press.

Parkes, C.M. 1996. **Bereavement: studies of grief in adult life.** 3rd ed. London: Routledge.

Pope, A. 2006. **From child to elder. Personal transformation in becoming an orphan at midlife.** New York, NY: Peter Lang Publishing, Inc.

Pretorius, A. 2005. Persoonlike onderhoud. 15 Oktober, Pretoria.

Schoeman, J.P. 2001. **Spelterapie. Die onontbeerlike vaardigheid in terapie met die kind**. Sentrum vir Spelterapie en Opleiding. Wellington. Hugenote Kollege.

Schoeman, J.P. 2003. Spelterapie. Klasaantekeninge. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Schoeman, J.P. 1996. Projection techniques. In Schoeman, J.P. en van der Merwe M. **Entering the child's world.** A playteherapy approach. First addition. Pretoria: Kagiso.

Stroebe, M.S. Hansson, R.O. Stroebe, W. & Schut, H. 2001. **Handbook of bereavement research. Consequences, coping and care.** Washington: American Psychological Association.

Strydom, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S.; Strydom, H; Fouché C.B. en Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions**. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2005. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S.; Strydom, H; Fouché C.B. en Delport, C.S.L. **Research at grass roots: For the social sciences and human service professions**. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Venter, I. 2005. Persoonlike onderhoud. 14 Oktober, Pretoria.

Winter, C.M. 2003. **Bemagtiging van enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestadkonteks deur Gestaltgroepwerk.** DPhil. Departement Maatskaplike Werk. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BYLAE A

1. HOE GAAN DIT MET U KIND NADAT DIE TERAPIE DEURGEGAAN IS?

2. DINK U DAAR IS VERBETERING VAN VOOR DIE TERAPIE TOT NA DIE TERAPIE?
INDIEN DAAR VERBETERING WAS, SKRYF ASB WAT WAS U ERVARING.

B

A. 1)

As I am an intern Playtherapy student (MDIAC), it will thus happen that reports will be forwarded to my supervisor in Wellington, Hugenote College (through UNISA), in order to obtain assistance from the supervisor.

Should referral came from the CSC office, reports will then be forwarded to the Christian Social Counsel (CSC).

It is important that all parties must agree to therapy and must be aware of confidentiality that must be kept at all times. It will happen that video and or recording (tape) will be obtained from therapy sessions.

Signature of parent(s) /or / guardian /or / grandparent(s) is requested if in agreement to process.

Parent(s):

Guardian:

Grandmother / or / Grandfather:

Date.

Place:

A 2) Child - abovementioned detail was communicated to child?:

Yes:

No:

If No, why not?

## KIND SE BESONDERHEDE:

1. Volle Name van kind:

2. Noem naam van kind:

3. Geboorte datum:

4. Identiteits nommer:

5. Geslag:

6. Ras:

7. Adres woonagtig:

8. Posbus adres:

9. Telefoon nommer:

10. E-pos adres:

11. Taal wat gepraat word by huis?:

12. Is kind 'n SA Burger?

13. Hoogste vlak van kwalifikasie:

## OUERS SE BESONDERHEDE:

**VADER:**

14. Van

15. Name:

16. Noem naam:

17. Identiteits Nommer:

18. Huis adres:

19. Posbus adres:

20. Telefoon nommer:
Huis:

Werk:

21. E-Pos adres:

**MOEDER:**

22. Van:

23. Name:

24. Noem naam:

25. Identiteits Nommer:

26. Huis adres:

27. Posbus adres:

28. Telefoon nommer:
Huis:

Werk:

29. E-Pos adres:

**VOOG INDIEN VAN TOEPASSING:**

30. Van:

31. Name:

32. Noem naam:

33. Identiteits Nommer:

34. Huis adres:



3 B

35. Posbus adres:

36. Telefoon nommer:
Huis:

Werk:

37. E-Pos adres:



4 B

C

1 INFORMATION REGARDING CHILD:

* DESCRIBE HOW CHILD BEHAVE AT HOME:

* DESCRIBE HOW CHILD BEHAVE DURING NIGHT TIME:

* DOES CHILD GET NIGHTMARES? / IF YES, PLEASE GIVE SHORT DESCRIPTION OF THE LATEST NIGHTMARE CHILD EXPERIENCED:

* HOW DOES HE/SHE BEHAVE AMONGST OTHER CHILDREN?

* WHAT IS REACTION IN SCHOOL (TEACHERS, CHILDREN)?

2. PREGNANCY:

- Period (months):
- Type of birth:
- Any complications during pregnancy? If yes, please describe:
- Any problems after birth (mother or child). If yes, please describe
- Child – age of sit ........................ walk.................. talk .....................



5 C

- Child's behavior in general, please describe:

3. OTHER CHILDREN:

- How many brothers? Please give age(s):
- How many sisters? Please give age(s):
- What is the relationship with brothers and sisters at home? Describe please:
- Who discipline child at home?
- Please describe discipline?

4. Please give a short description of how you as parent / guardian of the child, see him / her in the experiencing of the following terms:

- Experience of trauma:
- Conflict:
- Love:
- Communication:
- TV watch:
- Impulsive behavior?:
- Fantasy?
- Jealousy?
- Wet bed/ pants?
- Aggressive behavior?
- Eating behavior?
- Any other? Please describe:



b c

D

WHAT IS/ WAS THE PROBLEM?
PLEASE DESCRIBE:



7c

D

# AANMELDINGSONDERHOUD

VANWEE DIE SENSITIWITEIT VAN TERAPIE MET KINDERS WORD HIERDIE INLIGTING AS STRENG VERTROULIK HANTEER. BANDOPNAME EN/OF VIDEO OPNAME EN VERSLAG SKRYF IS NODIG TER AFHANDELING VAN TERAPIE: OUER/VOOG SE HANDTEKENING AS TOESTEMMING IS NODIG ASB.

OUER/VOOG:..............................

DATUM:..................................

1. KINDERSIEKTES:

2. GEBOORTEPROSES:

3. MEDIKASIE GEBRUIK TYDENS SWANGERSKAP:

4. CHRONIESE SIEKTES, BV DIABETES:

5. ENIGE MEDIKASIE:

6. AANDAGAFLEIBAARHEID/HIPERAKTIWITEIT?

7. ALKOHOL GEBRUIK IN FAMILIE?

8. WAS U AL VANTEVORE IN GESKAKEL BY GESINSBERADING BY 'N KINDERTERAPEUT / MAATSKAPLIKE WERKER/SIELKUNDIGE ENS ?

9. EETPATRONE:

10. SLAAPPATRONE:

11. ALLERGIEë:

12. VORDERING OP SKOOL:

13. IS U KIND AL GETOETS RAKENDE SKOOLPRESTASIE? INDIEN JA, DEUR WIE?

14. BUITEMUURSE AKTIWITEITE:

15. VERHOUDING MET OUERS:

16. VERHOUDING MET BETEKENISVOLLE FAMILIELEDE EN/OF VRIENDE IN KIND SE LEWE:

17. TELEVISIEGEWONTES:

18. BETEKENISVOLLE GEDRAGS/PERSOONLIKHEIDSVERANDERINGE AFGELOPE PAAR WEKE:

19. GELOOFSORIëNTERING (SLEGS WAAR VAN TOEPASSING):

2 D

20. HET U KIND TROETELDIERE?:

21. OPMERKINGS / BYVOEGINGS TEN OPSIGTE VAN INLIGTING:

E

WO No.: 11 02 0059
NPO Reg No.: 000-762
PBO No.: 18/11/13/1456

Ki-Deo

A Place To Call Home

DOXA DEO

Wie dit mag aangaan

Hiermee gee ek toestemming dat Gisela Welgemoed, interne spelterapeut van die Hugenote Kollege deur Unisa, wel spelterapie op die kinders van die Ki-Deo kinderhuis mag toepas.

Die uwe

Geldenhuys

*Theresa Geldenhuys*
083 696 8600
012 644-2524

Van Riebeeck Ave 112
Lyttelton Manor
0157

(012) 644-2524

E-mail: theresag@ki-deo.co.za
Website: www.ki-deo.co.za

F [redacted]

Navrae / Enquiries:
[redacted]

Laerskool [redacted]rimary
[redacted]

6 Augustus 2008

Aan: Luzane Wilson (Praktykleier)
Sentrum vir spelterapie en opleiding
Hugenote Kollege
Posbus 16
WELLINGTON
7654

Faksnommer: [redacted]

VERHANDELING

Hiermee gee Laerskool [redacted] toestemming dat Gisela Welgemoed haar verhandeling oor kinders wat al ouers aan die dood afgestaan het hier by ons skool mag doen

Ons wens haar alle sukses toe met haar verhandeling en is bereid om ons samewerking te gee waar sy dit mag nodig hê.

Ons hoop en vertrou dat u dit so in orde sal vind.

Vriendelike groete.

JvdPoel.

MNR. J VAN DER POEL
HOOF

## DANKBETUIGINGS

Graag wil ek die volgende persone bedank en my waardering uitspreek teenoor elkeen wat my ondersteun het en bygedra het om hierdie studie moontlik te maak:

- Aan my Hemelse Vader wat my die krag en deursettingsvermoë gegee het om hierdie studie te kon waar maak.

- Dr Carla Winter en Dr Herman Grobler vir u bekwame studieleiding, motivering en behulpsaamheid.

- Dr Retha Bloem vir u hulp en insette deurentyds.

- Dr Hannie Schoeman wat met soveel deernis gestaltspelterapie aan my bekend gestel het tydens die klaswerk.

- Prof Jaap Furstenberg wat bereid was om my studie taalkundig te versorg.

- Die Laerskool Meyerspark, Pretoria, se personeel en kinderrespondente vir hulle bereidwilligheid om my tydens die intervensiefase van hierdie studie te akkommodeer.

- Die Ki-Deo kinderhuismoeder en kinderrespondente vir hulle bereidwilligheid om my tydens die intervensiefase van hierdie studie te akkommodeer.

- My twee seuns, David en Christiaan, baie dankie vir julle liefde en ondersteuning tydens hierdie studie. Julle aansporing, hulp en liefde is vir my van onskatbare waarde.

- My vriende en familie vir julle gebede en ondersteuning.

**OPSOMMING**

**DIE BENUTTING VAN PROJEKSIETEGNIEKE BINNE GESTALTSPELTERAPIE MET DIE KIND WAT VERLIES ERVAAR**

**deur**

**GISELA INGRID WELGEMOED**

**GRAAD: M. DIAC. (SPELTERAPIE)**

**STUDIELEIER: DR. C.M. WINTER**

**Opsomming in Afrikaans**

In die veld van terapie aan kinders is ‘n leemte geïdentifiseer betreffende die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie ten opsigte van die kind wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer. Hierdie navorsing het ten doel om die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie te verken en te beskryf.

Die doelstelling van die studie is bereik deurdat sewe kinders in hulle middelkinderjare wat verlies ervaar het weens die dood van ‘n ouer, by agt terapiesessies elk betrek is. Die gevallestudie is as navorsingsprosedure benut om te bepaal wat die benutting is van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie met die kind in die middelkinderjare wat verlies ervaar.

Daar is van kwalitatiewe data gebruik gemaak wat deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude ingewin is.

Die navorsing het bevind dat die benutting van projeksietegnieke binne gestaltspelterapie ten opsigte van die kind wat verlies ervaar weens die dood van ‘n ouer, suksesvol aangewend is om die kinderrespondente tot die toepaslike uitdrukking aan hulle emosies rondom die dood van hulle ouers te begelei.

## SLEUTELBEGRIPPE

KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

PROJEKSIETEGNIEKE

RITUELE AS PROJEKSIETEGNIEKE

ROU

GESTALTSPELTERAPIE

KINDERRESPONDENTE

EMOSIES

DOOD

VERLIES

TERAPEUT

BEGELEI

**THE UTILISATION OF PROJECTION TECHNIQUES WITHIN GESTALT PLAY THERAPY WITH THE CHILD EXPERIENCING LOSS**

**BY**

**GISELA INGRID WELGEMOED**

**DEGREE: MDIAC. (PLAY THERAPY)**

**STUDY LEADER: DR C.M. WINTER**

**Summary in English**

Within the field of therapy to children a need has been identified for the use of projection techniques with the child experiencing a loss due to the death of a parent. This research is undertaken to explore and describe the use of projection techniques within Gestalt Play Therapy.

The aim of the study was achieved by involving seven children in their middle childhood years experiencing loss due to the death of a parent, in eight therapy sessions each. The case study was used as a research procedure in order to explore and describe the need for projection techniques within Gestalt Play Therapy with the child in the middle childhood years experiencing loss.

Qualitative data was obtained through the use of semi-structured interviews.

According to the research results, the use of projection techniques within Gestalt Play Therapy with the child experiencing loss proved to be successfully applied in guiding the respondents towards the appropriate expression of their emotions regarding the death of their parents.

## KEY TERMS

CHILD IN MIDDLE CHILDHOOD

PROJECTION TECHNIQUES

RITUALS AS PROJECTION TECHNIQUES

GRIEF

MOURNING

GESTALT PLAY THERAPY

RESPONDENTS

EMOTIONS

DEATH

LOSS

THERAPIST

GUIDING